RES-34

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

# DIE SOSIO-EKONOMIESE POSISIE VAN DIE INDIËRBEVOLKING IN NATAL

deur

J. M. LÖTTER

NAVORSINGSREEKS Nr. 34

001.3072068 RES 34 NBSR

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING

Klasnr./Class No. | Registernr./No.

001.3072068 NBSR RES 34 | 36366/9

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

38366/7

HUMANITAS
RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

1981 -07- 31
1981 -12- 31
1982 -05- 31
24 DEC 1982

AP

J. M. Lötter, M. A., D. Phil.
HOOFNAVORSINGSBEAMPTE

1966

Die inhoud van hierdie verslag mag vryelik aangehaal word, mits die bron erken word.

0000456343

001.3072068 NBSR RES 34

*045634*

1977
STANDKODE NBSR RES 34
001-30720168
G
36366 9

# VOORWOORD

Die ondersoek na die sosio-ekonomiese posisie van die Indiërbevolking in Natal is die eerste betreklike groot opname wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing vir die Departement van Indiërsake onderneem is. Verdere, meer spesifieke navorsing met betrekking tot die Indiërgemeenskap is reeds aan die gang of word beplan.

'n Woord van dank aan almal wat die Buro tydens die opname behulpsaam was, veral die Streeksverteenwoordiger van die Departement van Indiërsake in Durban en die Indiërveldwerkers wat soms baie hard moes werk om die veldwerk betyds te voltooi. 'n Besondere woord van dank ook aan die 1,500 Indiërs wat om inligting genader is. Hierdie persone was byna deur die bank bereid om saam te werk en hulle gasvryheid was soms oorstelpend.

P. M. ROBBERTSE

Direkteur

INHOUD


| HOOFSTUK | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doel | 1 |
| 1.2 | Navorsingsprosedure | 1 |
| 1.3 | Die steekproef en die wyse waarop proefpersone by die ondersoek betrek is | 2 |
| 1.4 | Omskrywing van begrippe | 5 |
| 2 | ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING | 7 |
| 2.1 | Inleiding | 7 |
| 2.2 | Geslag | 7 |
| 2.3 | Ouderdom | 8 |
| 2.4 | Huistaal | 9 |
| 2.5 | Godsdiens | 10 |
| 3 | WOONPLEK EN MIGRASIE | 11 |
| 3.1 | Inleiding | 11 |
| 3.2 | Woonplek | 11 |
| 3.3 | Landelik - stedelike migrasie | 12 |
| 3.4 | Horisontale mobiliteit | 16 |
| 3.5 | Waar verkies word om te woon | 17 |
| 4 | OPVOEDKUNDIGE PEIL | 19 |
| 4.1 | Inleiding | 19 |
| 4.2 | Skoolbywoning | 19 |
| 4.3 | Onderwyspeil | 20 |
| 4.4 | Skooltoetredingsouderdom | 22 |
| 4.5 | Naskoolse akademiese kwalifikasies | 31 |
| 4.6 | Deeltydse studie | 31 |
| 4.7 | Bedrewenheid in die amptelike tale | 31 |
| 4.8 | Bedrewenheid in 'n Oosterse taal | 34 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5 | HUWELIKSTAAT EN GESINSAANGELEENTHEDE | 35 |
| 5.1 | Inleiding | 35 |
| 5.2 | Huwelikstaat | 35 |
| 5.3 | Huweliksouderdom | 36 |
| 5.4 | Keuse van die huweliksmaat | 38 |
| 5.5 | Bevolkingsgroep waaraan die eggenoot behoort | 41 |
| 5.6 | Vorm van huweliksbevestiging | 41 |
| 5.7 | Kinders | 43 |
| 5.8 | Houding insake geboortebeperking | 46 |
| 5.9 | Soort huishouding | 49 |
| 6 | BEROEPSAANGELEENTHEDE | 52 |
| 6.1 | Inleiding | 52 |
| 6.2 | Beroep | 52 |
| 6.3 | Deeltydse werk | 58 |
| 6.4 | Maande normaalweg per jaar gewerk | 58 |
| 6.5 | Werkloosheid | 58 |
| 6.6 | Opleiding vir ander meer lonende werk | 67 |
| 6.7 | Afstand tussen woon- en werkplek | 68 |
| 7 | INKOMSTE | 71 |
| 7.1 | Inleiding | 71 |
| 7.2 | Persoonlike kontantinkomste | 71 |
| 7.3 | Totale persoonlike inkomste | 75 |
| 7.4 | Die inkomste van die huishouding | 80 |
| 7.5 | Die totale inkomste volgens die inkomste per volwasse eenheid uitgedruk | 82 |
| 8. | DIE BESTEDING VAN DIE KONTANTINKOMSTE | 92 |
| 8.1 | Inleiding | 92 |
| 8.2 | Uitgawes onder verskillende uitgawe-items | 92 |
| 8.3 | Persentasie van kontantinkomste bestee onder die verskillende uitgawe-items | 95 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 9 | BATES | 101 |
| 9.1 | Inleiding | 101 |
| 9.2 | Begrafnisfondse, pensioenfondse en lewens- of uitkeerpolisse | 101 |
| 9.3 | Besit van 'n yskas, telefoon, motorvoertuig en woning | 102 |
| 9.4 | Bates ten opsigte van spaargeld, roerende en vaste eiendom | 104 |
| 9.5 | Totale bates | 106 |
| 10 | BEHUISING | 109 |
| 10.1 | Inleiding | 109 |
| 10.2 | Soort woning | 109 |
| 10.3 | Materiaal waarvan die woning vervaardig is | 109 |
| 10.4 | Woonvertrekke | 111 |
| 10.5 | Slaapvertrekke | 114 |
| 10.6 | Gemiddelde getal persone per vertrek | 118 |
| 10.7 | Die getal persone in die slaapvertrek van die proefpersoon | 120 |
| 10.8 | Die slaapvertrek van die proefpersoon aan sekere kriteria beoordeel | 121 |
| 10.9 | Beskikbaarheid van badkamers en latrines | 125 |
| 10.10 | Beskikbaarheid van water en elektriese krag | 125 |
| 10.11 | Diverse | 125 |
| 11 | VOEDING EN MEDIESE BEHANDELING | 126 |
| 11.1 | Inleiding | 126 |
| 11.2 | Proteïnvoedselsoorte | 126 |
| 11.3 | Koolhidraatvoedselsoorte | 129 |
| 11.4 | Ander voedselsoorte | 129 |
| 11.5 | Die vas | 129 |
| 11.6 | Mediese behandeling | 134 |
| 12 | GODSDIENSBEOEFENING EN VRYETYDSBESTEDING | 136 |
| 12.1 | Inleiding | 136 |
| 12.2 | Die gereeldheid waarmee aanbid word | 136 |
| 12.3 | Lees- en luistergewoontes | 142 |
| 12.4 | Bioskoop en sport | 143 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 13 | DIE KINDERS | 146 |
| 13.1 | Inleiding | 146 |
| 13.2 | Onderwys | 146 |
| 13.3 | Versorging | 154 |
| 13.4 | Beroepsarbeid | 156 |
| 14 | SAMEVATTING | 157 |
| 14.1 | Inleiding | 157 |
| 14.2 | Algemene kenmerke van die steekproefbevolking | 157 |
| 14.3 | Woonplek en migrasie | 157 |
| 14.4 | Opvoedkundige peil | 158 |
| 14.5 | Huwelikstaat en gesinsaangeleenthede | 159 |
| 14.6 | Beroepsaangeleenthede | 160 |
| 14.7 | Inkomste | 161 |
| 14.8 | Die besteding van die kontantinkomste | 162 |
| 14.9 | Bates | 163 |
| 14.10 | Behuising | 163 |
| 14.11 | Voeding en mediese behandeling | 164 |
| 14.12 | Godsdiensbeoefening en vryetydsbesteding | 165 |
| 14.13 | Kinders | 165 |
| | LITERATUURLYS | 167 |

## TABELLE


| NR. | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1.1 | DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF | 4 |
| 2.1 | DIE GESLAGSAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF EN DIE VOLWASSE INDIëRBEVOLKING IN NATAL | 7 |
| 2.2 | DIE LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF EN VOLWASSE INDIëRBEVOLKING IN NATAL | 8 |
| 2.3 | DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE TOTALE INDIëRBEVOLKING IN NATAL VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL | 9 |
| 2.4 | DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE TOTALE INDIëRBEVOLKING IN NATAL VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 10 |
| 3.1 | WOONPLEK VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL | 13 |
| 3.2 | WOONPLEK OP VERSKILLENDE OUDERDOMME | 14 |
| 3.3 | WOONPLEK OP EENJARIGE LEEFTYD VOLGENS WOONPLEK OP TWINTIGJARIGE LEEFTYD INGEDEEL | 15 |
| 3.4 | KERE GETREK SEDERT TIENDE VERJAARSDAG VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 16 |
| 3.5 | REDES VIR TREK NA ANDER DISTRIK VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 17 |
| 3.6 | WOONPLEK VOLGENS PLEK (STAD ENS.) WAAR PROEFPERSOON VERKIES OM TE WOON, INGEDEEL | 18 |
| 4.1 | SKOOLBYWONING VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 19 |
| 4.2 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 21 |
| 4.3 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 23 |
| 4.4 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL | 24 |
| 4.5 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 25 |
| 4.6 | SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 27 |
| 4.7 | SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 28 |
| 4.8 | SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 29 |
| 4.9 | OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM INGEDEEL | 30 |
| 4.10 | DIE VERMOë OM ENGELS TE PRAAT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 32 |
| 4.11 | DIE VERMOë OM IN ENGELS TE SKRYF VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 33 |
| 4.12 | DIE VERMOë OM IN OOSTERSE TALE TE SKRYF VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 34 |
| 5.1 | HUWELIKSTAAT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 35 |
| 5.2 | HUWELIKSOUDERDOM VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 37 |
| 5.3 | KEUSE VAN HUWELIKSMAAT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 39 |
| 5.4 | KEUSE VAN HUWELIKSMAAT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 40 |
| 5.5 | KEUSE VAN HUWELIKSMAAT VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 39 |
| 5.6 | BEVOLKINGSGROEP WAARAAN EGGENOOT/EGGENOTE BEHOORT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 41 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 5.7 | WYSE WAAROP HUWELIK BEVESTIG IS VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 42 |
| 5.8 | GETAL EIE KINDERS, STIEFKINDERS EN AANGENOME KINDERS WAT LEWE | 43 |
| 5.9 | TOTALE GETAL LEWENDE KINDERS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 44 |
| 5.10 | GETAL EIE KINDERS OORLEDE VOLGENS GETAL EIE KINDERS WAT LEWE INGEDEEL | 45 |
| 5.11 | HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 47 |
| 5.12 | HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 48 |
| 5.13 | HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 49 |
| 5.14 | HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 50 |
| 5.15 | SOORT HUISHOUDING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 50 |
| 6.1 | BEROEP VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 53 |
| 6.2 | BEROEP VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 56 |
| 6.3 | BEROEP VOLGENS OPVOEDKUNDIGE PEIL INGEDEEL | 57 |
| 6.4 | TYDPERK WERKLOOS VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 60 |
| 6.5 | TYDPERK WERKLOOS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 61 |
| 6.6 | REDE WAAROM PERSOON SY WERK VERLOOR HET VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 62 |
| 6.7 | SOORT WERK GEDOEN NET VOORDAT PROEFPERSOON WERKLOOS GEWORD HET, VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 64 |
| 6.8 | GETAL MANS IN HUISHOUDING WERKLOOS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 65 |
| 6.9 | GETAL VROUE IN HUISHOUDING WERKLOOS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 65 |
| 6.10 | DIE AFSTAND TUSSEN DIE WOON- EN DIE WERKPLEK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 68 |
| 6.11 | DIE AFSTAND TUSSEN DIE WOON- EN WERKPLEK VOLGENS DIE VERVOER WAT GEWOONLIK GEBRUIK WORD OM BY DIE WERK TE KOM, INGEDEEL | 70 |
| 7.1 | PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS BEROEP INGEDEEL | 73 |
| 7.2 | TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 76 |
| 7.3 | TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 77 |
| 7.4 | TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 78 |
| 7.5 | TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 79 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | DIE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 81 |
| 7.7 | DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 83 |
| 7.8 | DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER MAAND VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE HUISHOUDING INGEDEEL | 84 |
| 7.9 | DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL | 86 |
| 7.10 | DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 87 |
| 7.11 | DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 88 |
| 7.12 | DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE HUISHOUDING INGEDEEL | 90 |
| 8.1 | MAANDELIKSE UITGAWES VOLGENS UITGAWE-ITEMS INGEDEEL | 93 |
| 8.2 | DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN DIE VERSKILLENDE UITGAWE-ITEMS BESTEE | 96 |
| 8.3 | DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN BEHUISING BESTEE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 98 |
| 8.4 | DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN VOEDSEL BESTEE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 99 |
| 8.5 | DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN BEHUISING EN VOEDSEL BESTEE VOLGENS DIE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND INGEDEEL | 100 |
| 9.1 | BYDRAE TOT 'N BEGRAFNISFONDS OF -POLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 101 |
| 9.2 | BYDRAE TOT 'N LEWENS- OF UITKEERPOLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 101 |
| 9.3 | BYDRAE TOT 'N PENSIOENFONDS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 102 |
| 9.4 | BESIT VAN 'N YSKAS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 102 |
| 9.5 | BESIT VAN 'N TELEFOON VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 103 |
| 9.6 | BESIT VAN 'N MOTORVOERTUIG VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 103 |
| 9.7 | BESIT VAN WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 104 |
| 9.8 | BATES TEN OPSIGTE VAN KONTANT, ROERENDE EN VASTE EIENDOM | 105 |
| 9.9 | TOTALE BATES VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 107 |
| 9.10 | TOTALE BATES VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 107 |
| 10.1 | SOORT WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 110 |
| 10.2 | MATERIAAL WAARVAN BUITEMURE VERVAARDIG IS, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 111 |
| 10.3 | DIE GETAL WOONVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 112 |
| 10.4 | DIE GETAL WOONVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE WOONEENHEID INGEDEEL | 113 |

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 10.5 | DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE WOONEENHEID INGEDEEL | 115 |
| 10.6 | DIE GETAL WOONVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID INGEDEEL | 116 |
| 10.7 | DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 118 |
| 10.8 | DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 119 |
| 10.9 | DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 120 |
| 10.10 | DIE TOTALE GETAL PERSONE IN DIE SLAAPVERTREK VAN DIE PROEFPERSOON VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 121 |
| 10.11 | KRITERIA VIR SLAAPKAMER VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 123 |
| 10.12 | KRITERIA VIR SLAAPKAMER VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 123 |
| 10.13 | KRITERIA VIR SLAAPKAMER VOLGENS DIE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING UITGEDRUK IN RAND (KONTANT) PER EENHEID INGEDEEL | 124 |
| 11.1 | HOE DIKWELS PROTEÏNVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 127 |
| 11.2 | HOE DIKWELS INDIWIDUELE PROTEÏNVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD | 128 |
| 11.3 | HOE DIKWELS KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL | 130 |
| 11.4 | HOE DIKWELS INDIWIDUELE KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD | 131 |
| 11.5 | HOE DIKWELS „ANDER" VOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD | 132 |
| 11.6 | TYDPERK GEVAS VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL | 133 |
| 11.7 | GETAL KERE MEDIESE BEHANDELING ONTVANG | 134 |
| 12.1 | AANBIDDING IN TEMPEL, MOSKEE OF KERK VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 136 |
| 12.2 | AANBIDDING IN TEMPEL, MOSKEE OF KERK VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 137 |
| 12.3 | AANBIDDING IN TEMPEL, MOSKEE OF KERK VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 138 |
| 12.4 | AANBIDDING IN HUIS VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 139 |
| 12.5 | AANBIDDING IN HUIS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 140 |
| 12.6 | AANBIDDING IN HUIS VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL | 141 |
| 12.7 | HOE GEREELD KOERANTE GELEES WORD, VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 141 |
| 12.8 | HOE GEREELD TYDSKRIFTE OF BOEKE GELEES WORD, VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 142 |
| 12.9 | HOE GEREELD BIOSKOOPVERTONINGS BYGEWOON WORD, VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 143 |
| 12.10 | DEELNAME AAN SPORT VOLGENS GESLAG INGEDEEL | 140 |
| 13.1 | OUDERDOM | 147 |

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 13.2 | SKOOLBYWONING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 148 |
| 13.3 | SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 151 |
| 13.4 | DIE HOOGSTE STANDERD OP SKOOL GESLAAG TEN OPSIGTE VAN DIEGENE WAT NOG OP SKOOL IS, VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 152 |
| 13.5 | GETAL KERE OP SKOOL GEDRUIP VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 153 |
| 13.6 | AANWESIGHEID VAN OUERS IN GESIN VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL | 155 |
| 13.7 | DIE REDES VIR DIE AFWESIGHEID VAN DIE OUERS | 154 |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 DOEL

Hierdie ondersoek is deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem op versoek van die Departement van Indiërsake. Hierdie Departement ondervind 'n behoefte aan basiese gegewens insake die Indiërgemeenskap waarsonder hy, in die uitvoering van sy pligte, noodwendig gestrem moet word.

Daar is besluit om 'n breë feite-opname te loods ten einde gegewens oor 'n verskeidenheid van aspekte met betrekking tot die Indiërgemeenskap binne 'n redelike kort tydperk beskikbaar te kan stel. Geen teoretiese raamwerk het dus as aanknopingspunt en rigsnoer gedien nie en geen hipoteses is formeel geformuleer en getoets nie.

Inligting word aangebied ten opsigte van die ondersoekgroep se inkomste- en uitgawepatroon, beroep, opvoedkundige peil en behuising - om slegs enkele van die aspekte te noem. In die bestek van hierdie ondersoek kon geeneen van hierdie aspekte, wat elkeen die onderwerp van 'n omvattende ondersoek gemaak kan word, breedvoerig ondersoek word nie. Verdere, meer intensiewe navorsing, is egter reeds aangepak.

### 1.2 NAVORSINGSPROSEDURE

Die gegewens wat in hierdie verslag aangebied word, is tydens onderhoude met 'n steekproef van 1,500 Indiërs (almal persone van vyftien jaar en ouer) ingewin en op vraelyste aangeteken.

Die wyse waarop die steekproef saamgestel is, word kortliks in die hieropvolgende afdeling bespreek.

Elke proefpersoon het inligting verstrek wat op hom (of haar) persoonlik van toepassing is, asook inligting wat op die huishouding as geheel van toepassing is. Waar die proefpersoon nie self alle inligting oor die huishouding kon verstrek nie, is ander lede van die huishouding ook om inligting genader. Dikwels was die hele huishouding tydens die onderhoud aanwesig en het almal 'n bydrae gelewer. Hierdie gegewens word in hoofstukke 2 tot 12 aangebied.

Ten einde sekere inligting met betrekking tot persone benede die ouderdom van vyftien jaar te bekom, moes elke proefpersoon - dikwels deur ander lede van die huishouding bygestaan - ook vrae beantwoord oor die twee oudste persone in die huishouding wat jonger as vyftien jaar is. Die gegewens wat oor die kinders ingewin is, verskyn in hoofstuk 13.

Die veldwerk is behartig deur navorsingsbeamptes van die Buro, almal gegradueerde persone, en Indiërs wat in Durban gewerf en deeglik in die gebruik van die vraelys opgelei is. Laasgenoemde werkers het onder die voortdurende toesig van die navorsingsbe-

amptes gewerk wat onder andere voltooide vraelyste moes nasien en toesien dat daar streng volgens die voorskrifte van die steekproef gehandel word.

Die vraelys was van die pre-gekodifiseerde tipe wat skryfwerk tot 'n minimum beperk het. Die eerste konsep van die vraelys is in Pretoria getoets en die tweede in Johannesburg en in Durban. Eers nadat die vraelys deeglik getoets en telkens verander is, is dit gefinaliseer.

Die veldwerk het gedurende Augustus 1963 plaasgevind. Die inligting op die vraelyste is gepons en meganies verwerk.

## 1.3 DIE STEEKPROEF EN DIE WYSE WAAROP PROEFPERSONE BY DIE ONDERSOEK BETREK IS

Uit die bevolkingsensus van 1960 het dit geblyk dat daar nagenoeg 400,000 Indiërs[1)] in Natal woonagtig is. Natuurlik was dit onmoontlik om al hierdie persone by die ondersoek te betrek. 'n Ondersoek waarby 'n groot universum ingesluit word, is in elk geval onnodig duur en tydrowend. Daar is gevind dat gegewens verkry uit 'n steekproef van die universum, in 'n groot mate ooreenstem met gegewens ten opsigte van die universum self. Daar word natuurlik veronderstel dat die steekproef volgens wetenskaplike beginsels saamgestel moet word.

Soos reeds vermeld, is daar besluit op 'n steekproef bestaande uit 1,500 volwassenes (persone ouer as vyftien jaar). Volgens die bevolkingsensus van 1960 was daar in daardie jaar 217,403 Indiërs van vyftien jaar en ouer in Natal woonagtig. Een uit elke nagenoeg 145[2)] volwasse Indiërs is dus by die ondersoek betrek.

Proefpersone moes ook gegewens verstrek oor die huishoudings waartoe hulle behoort. Aangesien slegs een proefpersoon per huishouding ingesluit is, is gegewens oor 1,500 huishoudings ingewin. Die getal Indiërhuishoudings in Natal is nie bekend nie. Aangesien daar in enige gemeenskap - maar veral by die Indiërs, waar, soos later uit die verslag sal blyk, huishoudings oor die algemeen groot is - veel minder huishoudings as indiwidue is, is die verhouding van die steekproefhuishoudings tot die universum van huishoudings ongetwyfeld veel gunstiger as 1 tot 145.

---

1) Sensusgegewens geld vir Asiate en nie slegs vir Indiërs nie. Weens die geringe getal Sjinese en ander nie-Indiese Asiate in die Republiek, sal die gegewens vir Indiërs nagenoeg dieselfde wees as vir die Asiatebevolking in sy geheel. In die verslag word deurgaans na Indiërs, en nie Asiate nie, verwys wanneer amptelike statistieke aangehaal word.

2) In Augustus 1963, toe die veldwerk afgehandel is, was daar ongetwyfeld meer as 217,403 Indiërs bo vyftien jaar in Natal. Die verhouding sal dus op minder as 1 tot 145 te staan kom.

As basis vir die samestelling van die steekproef, is Natal (wat die Indiërbevolking betref) in sewe min of meer homogene streke verdeel.[1] Elk van hierdie streke het uit minstens twee landdrosdistrikte bestaan. Aan die hand van die werklike bevolkingsyfers volgens die 1960-sensus is daar bereken hoeveel mans en hoeveel vroue en hoeveel stedelike en landelike gevalle (volgens die Buro vir Statistiek se indeling) in elke streek betrek moes word en is hierdie getalle benader tot die naaste getal wat deur tien deelbaar is.

Vervolgens is 'n aantal sensusopnemersdistrikte met 'n Indiërbevolking van minstens 50 op ewekansige wyse uit elke streek gekies. Die getal sensusopnemersdistrikte wat elke streek sou verteenwoordig, het, onder andere, afgehang van die getal persone wat in diê streek ingesluit moes word.

In Durban is twintig gevalle per sensusopnemersdistrik toegelaat maar in die res van Natal slegs tien persone. Indien 60 stedelinge en 30 landelinge dus 'n streek moes verteenwoordig, is hoogstens[2] ses stedelike en drie landelike opnemersdistrikte in die gebied in die steekproef opgeneem.

Die sensusopnemersdistrikte wat ewekansig gekies is, is oor sestien landdrosdistrikte versprei. Tabel 1.1 toon aan hoeveel persone, mans en vroue en stedelike en landelike gevalle, in elk van hierdie landdrosdistrikte ingesluit is.

Die Buro vir Statistiek het 'n kaart, en in sommige gevalle 'n beskrywing, van elk van die sensusopnemersdistrikte tot beskikking van hierdie Buro gestel. „Beginpunte" moes nou bepaal word.

In die stede en dorpe is daar in die betrokke sensusopnemersdistrikte 'n aantal punte, gewoonlik op straatkruisings, aangedui. Van hierdie punte is 'n sekere aantal, streng volgens ewekansige beginsels, as „beginpunte" gekies. Hierdie beginpunte is genommer.

Met behulp van die kaart van 'n opnemersdistrik moes die veldwerker na beginpunt nommer 1 gaan en kloksgewys van huis tot huis om die blok werk totdat hy hoogstens vyf onderhoude (die maksimum vir een straatblok) voltooi het, of weer by die beginpunt aanland. Hiervandaan is hy na beginpunt nommer 2 - moontlik etlike blokke van beginpunt

---

1) Die Streeksverteenwoordiger van die Departement van Indiërsake in Durban was hoofsaaklik vir hierdie indeling verantwoordelik.

2) Soms verskil die getal Indiërs aanmerklik van een opnemersdistrik tot die volgende. Dit is voor-die-hand-liggend dat sydigheid in die hand gewerk sou word indien diê opnemersdistrik met die klein bevolking dieselfde kans gehad het om ingesluit te word as diê een met 'n groot bevolking. „Gewigte" is dus aan elke opnemersdistrik toegeken op grond van die grootte van sy Indiërbevolking. Waar een opnemersdistrik byvoorbeeld 'n 1,000 Indiërs insluit en tien ander tesame ook 1,000 en 10 gevalle moes in diê streek ondervra word, het die „gewig" wat aan die opnemersdistrik met die groot bevolking toegeken is, verseker dat sy kans om gekies te word, gelyk is aan diè van enige van die ander tien opnemersdistrikte tesame. Hierdie metode het soms tot gevolg gehad dat meer as een eenheid van tien persone (of meer as een eenheid van twintig persone in die geval van Durban) in een opnemerdistrik ondervra is.

TABEL 1.1

DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF

| Landdrosdistrik | Stedelike gevalle | | | Landelike gevalle | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | Vroue | Totaal | Mans | Vroue | Totaal | Mans | Vroue | Totaal |
| Durban | 432 | 408 | 840 | - | - | - | 432 | 408 | 840 |
| Pinetown | 25 | 25 | 50 | 5 | 5 | 10 | 30 | 30 | 60 |
| Port Shepstone | 10 | 10 | 20 | 5 | 5 | 10 | 15 | 15 | 30 |
| Umzinto | 10 | 10 | 20 | 20 | 20 | 40 | 30 | 30 | 60 |
| Inanda | 30 | 30 | 60 | 40 | 40 | 80 | 70 | 70 | 140 |
| Laer Tugela | 15 | 15 | 30 | 46 | 44 | 90 | 61 | 59 | 120 |
| Laer Umfolozi | 6 | 4 | 10 | 5 | 5 | 10 | 11 | 9 | 20 |
| Camperdown | 5 | 5 | 10 | - | - | - | 5 | 5 | 10 |
| New Hanover | - | - | - | 5 | 5 | 10 | 5 | 5 | 10 |
| Umvoti | 5 | 5 | 10 | - | - | - | 5 | 5 | 10 |
| Pietermaritzburg | 50 | 50 | 100 | 5 | 5 | 10 | 55 | 55 | 110 |
| Lions River | 5 | 5 | 10 | - | - | - | 5 | 5 | 10 |
| Kliprivier | 5 | 5 | 10 | 5 | 5 | 10 | 10 | 10 | 20 |
| Estcourt | - | - | - | 5 | 5 | 10 | 5 | 5 | 10 |
| Newcastle | 10 | 10 | 20 | 5 | 5 | 10 | 15 | 15 | 30 |
| Dundee | 10 | 10 | 20 | - | - | - | 10 | 10 | 20 |
| TOTAAL | 618 | 592 | 1210 | 146 | 144 | 290 | 764 | 736 | 1500 |

nommer 1 verwyder - om die proses te herhaal. Indien die getal voorgeskrewe onderhoude vir die opnemersdistrik nog nie afgehandel is nie, moes die veldwerker ook vanaf verdere beginpunte werk.

In landelike omgewings was dit soms moeilik om beginpunte te bepaal of, in die praktyk, te lokaliseer. Navorsingsbeamptes moes, in opnemersdistrikte waar geen beginpunte aangedui is nie, toesien dat seleksie nie plaasvind nie en ook dat nie meer as vyf persone op een plaas (behalwe in die geval van die groot suikerplantasies) ingesluit word nie.

Ten einde die moontlikheid van seleksie verder te beperk, moes die veldwerkers etlike ander voorskrifte met betrekking tot die opsporing van proefpersone nakom. Onder andere moes die onderhoud altyd met óf die jongste man óf die oudste vrou (bo vyftien jaar) in die huishouding gevoer word[1] en die hoekhuis by die beginpunt moes oorgeslaan word;[2] dit kon slegs ingesluit word indien die res van die blok nie die kwota van vyf gevalle opgelewer het nie.

Onderhoude in die stede is ná 4 nm. onderneem en gewoonlik is een of twee onderhoude met vroue afgehandel alvorens die eerste onderhoud met 'n man plaasgevind het. Hierdeur is verseker dat werkende mans nie uitgeskakel word nie.

## 1.4 OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

Enkele begrippe kan kortliks toegelig word. Ander begrippe wat 'n verduideliking verg, word in voetnote in die verslag nader omskryf.

### 1.4.1 Indiër

Persone is as Indiërs beskou wanneer hulle klaarblyklik Indiërs was en hulleself as Indiërs beskou het.

### 1.4.2 Huishouding

'n Huishouding kan uit een persoon bestaan waar hierdie persoon ekonomies onafhanklik is en hy, gewoonlik, op sy eie woon of loseer.[3] 'n Huishouding kan ook uit meer as een persoon bestaan, soos in die geval van 'n nukleêre gesin of samegestelde familie, mits hierdie persone 'n gemeenskaplike bron van inkomste het, of hulle inkomste in 'n mate verpoel en gewoonlik saam in een huis of ander tipe woning woon.

---

1) Ondervinding het geleer dat, veral by Blankes, hierdie prosedure 'n ouderdomsverspreiding tot gevolg het wat nie veel afwyk van dié van die totale bevolking nie. By die Indiërs, met hulle groot huishoudings, was hierdie metode minder geslaagd.

2) Hoekerwe is dikwels duurder as aangrensende erwe en die bewoners van hoekhuise is dus dikwels meer welgesteld as hul bure.

3) Soos later uit die verslag sal blyk, kom hierdie tipe huishouding uiters selde in die Indiërgemeenskap voor.

Persone wat normaalweg tot 'n huishouding behoort maar wat tydelik afwesig is, soos die hoof van die huishouding wat elders werk, is nog as 'n lid van die huishouding beskou aangesien hy vir die ekonomiese versorging van sy gesin verantwoordelik is. 'n Kind wat egter die huis verlaat het en wat sy eie geld verdien en dus onafhanklik is, vorm 'n afsonderlike huishouding. Waar die werkende kind egter nog by sy ouers ingewoon het, is hy as deel van sy ouers se huishouding beskou. Enige ander persoon wat teen betaling by 'n gesin ingewoon het, vorm nie deel van daardie gesin se huishouding nie. Hierdie persoon vorm 'n afsonderlike huishouding of, indien hy getroud is en sy vrou en kinders woon weg van hom af, vorm hy 'n huishouding met die res van sy gesin.

1.4.3 Wooneenheid

Met 'n „wooneenheid" word 'n woning wat aanvanklik vir die gebruik van een gesin of huishouding gebou is, of later vir dié doel ingerig is, bedoel.

'n Huis, 'n woonstel, 'n kamer in 'n hotel of losieshuis is dus as wooneenhede beskou. Waar 'n kamer in 'n privaathuis aan 'n persoon of gesin verhuur word wat nie 'n deel vorm van die huishouding wat die res van die woning bewoon nie, is dié kamer nie as 'n aparte wooneenheid beskou nie, maar as deel van die huis. Waar 'n huishouding egter in meer as een eenheid, wat vir aparte indiwidue of huishoudings bedoel is, gewoon het, is dié eenhede saam as 'n wooneenheid beskou, byvoorbeeld indien 'n gesin in twee van 'n ry kamers gewoon het, is die twee kamers as een wooneenheid beskou. [1)]

1) Waar 'n proefpersoon in die steekproef opgeneem is wat weg van die res van sy huishouding af woon (iets wat selde gebeur het), is gegewens slegs ten opsigte van die wooneenheid waarin hy hom bevind (en nie oor die eenheid wat die res van die huishouding huisves nie) ingewin.

# HOOFSTUK 2

## ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING

### 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is reeds aangedui hoe die steekproef van 1, 500 proefpersone saamgestel is.

Die samestelling van die steekproefbevolking, onder andere ten opsigte van ouderdom en huistaal word nou kortliks ontleed. Hierdie ontleding sal die leser oriënteer met betrekking tot die groep persone waarop die gegewens van toepassing is en dien ook, waar kenmerke van die steekproefbevolking vergelyk word met dié van die algemene Indiërbevolking in Natal[1)] soos in die 1960-bevolkingsensus bevind, as 'n toets vir die steekproef se betroubaarheid.[2)] Natuurlik kan nie verwag word dat die vergelykbare eienskappe van die steekproefbevolking presies sal ooreenstem met dié van die algemene bevolking ouer as vyftien jaar nie, maar ernstige afwykings sal twyfel oor die verteenwoordigende aard van die gegewens wek.

### 2.2 GESLAG

Die geslagsamestelling van die steekproefbevolking, en van die totale Indiërbevolking in Natal van vyftien jaar en ouer, verskyn in tabel 2. 1

TABEL 2. 1

DIE GESLAGSAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF
EN DIE VOLWASSE INDIëRBEVOLKING IN NATAL

| Geslag | Ondersoekgroep | | Volwasse Indiërbevolking | |
|---|---|---|---|---|
| | G* | % | G | % |
| Mans | 758 | 50.5 | 110,642 | 50.9 |
| Vroue | 742 | 49.5 | 106,761 | 49.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 217,403 | 100.0 |

* G beteken „getal"

---

1) Soos reeds vermeld, geld dié statistiek eintlik vir die Asiate- en nie slegs vir die Indiërbevolking nie.

2) Ongelukkig is die syfers nie altyd direk vergelykbaar nie aangesien die sensusgegewens soms vir die totale bevolking en nie slegs vir diegene ouer as vyftien jaar nie geld.

Ietwat meer mans as vroue is by die ondersoek ingesluit. Ook in die algemene bevolking is daar ietwat meer mans as vroue aanwesig.

Bostaande gegewens toets nie die verteenwoordigende aard van die steekproef nie aangesien die getal mans en vroue wat onderskeidelik ingesluit is, deur die steekproefopsteller bepaal is. [1)]

## 2.3 OUDERDOM

Die leeftydsamestelling van die steekproef- en die vergelykbare algemene Indiërbevolking word in onderstaande tabel ontleed.

TABEL 2.2

DIE LEEFTYDSAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF EN VOLWASSE INDIëRBEVOLKING IN NATAL

| Ouderdom | Ondersoekgroep | | Volwasse Indiërbevolking | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| 15 - 19 jaar | 281 | 18.7 | 47,300 | 21.8 |
| 20 - 29 jaar | 435 | 29.0 | 67,625 | 31.1 |
| 30 - 39 jaar | 363 | 24.2 | 44,258 | 20.4 |
| 40 - 49 jaar | 241 | 16.1 | 30,221 | 13.9 |
| 50 - 59 jaar | 124 | 8.3 | 16,935 | 7.8 |
| 60 - 69 jaar | 42 | 2.8 | 7,195 | 3.3 |
| 70 jaar en ouer | 14 | 0.9 | 3,630 | 1.7 |
| Ongespesifiseerd | - | - | 239 | 0.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 217,403 | 100.0* |

* As gevolg van die benadering tot die eerste desimale syfer, kom die totaal van die persentasies soms nie op presies 100.0 te staan nie.

Dit blyk uit tabel 2.2 dat die meeste proefpersone in die ouderdomsgroep 20-29 jaar val en dan afneem met stygende ouderdom. Dieselfde geld vir die algemene bevolking.

Alhoewel die ouderdomsamestelling van die steekproefbevolking ietwat afwyk van die ouderdomsamestelling van die algemene bevolking - die groepe onder 30 en bo 60 jaar is onderverteenwoordig en dié tussen 30 en 60 jaar is oorverteenwoordig - is die verskille nie groot nie.

---

1) By voltooiing van die ondersoek het dit geblyk dat 758 mans in plaas van 764 en 742 vroue in plaas van 736 ingesluit is - vergelyk tabelle 1.1 en 2.1.

## 2.4 HUISTAAL

Ook die huistaal van die ondersoekgroep kan met dié van die algemene bevolking (nie slegs diegene ouer as vyftien jaar nie) vergelyk word.

TABEL 2.3

DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE TOTALE INDIëRBEVOLKING IN NATAL VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL

| Huistaal | Ondersoekgroep | | Totale Indiërbevolking | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Tamil | 642 | 42.8 | * | * |
| Hindi | 424 | 28.3 | * | * |
| Gujurati | 59 | 3.9 | * | * |
| Telugu | 173 | 11.5 | * | * |
| Urdu | 99 | 6.6 | * | * |
| Subtotaal (Oosterse tale) | 1,397 | 93.1 | 346,383 | 87.8 |
| Engels | 103 | 6.9 | 48,291** | 12.2 |
| Afrikaans | - | - | 180 | 0.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 394,854 | 100.0 |

* Dit is nie bekend hoeveel Indiërs elkeen van die Oosterse tale as huistaal het nie. Slegs die totale getal persone met 'n Oosterse taal as huistaal is beskikbaar.

** Hierby is ook 29 persone ingesluit wat sowel Engels as Afrikaans as huistaal het.

Volgens tabel 2.3 is die grootste enkele groep Indiërs wat ingesluit is, Tamilsprekend (42.8%). Dan volg die Hindi- (28.3%), Telugu- (11.5%), Engels- (6.9%) en Urdusprekendes (6.6%). 'n Geringe persentasie het Gujurati (3.9%) as huistaal gehad. Onderskeidelik 93.1 en 6.9 persent het 'n Oosterse taal of Engels as huistaal gehad.

In die amptelike statistiek word slegs getoon hoeveel Indiërs in 1960 'n Oosterse huistaal het en hoeveel die amptelike tale van die Republiek as huistaal het. Hiervolgens het 87.8 persent van die Indiërs 'n Oosterse huistaal, 12.2 persent praat Engels tuis en slegs 180 (0.1%) praat Afrikaans tuis (15, bl. 62).

Dit mag voorkom asof dié groep wat 'n Oosterse taal as huistaal het, in die ondersoek oorverteenwoordig is, terwyl diegene met Engels as huistaal, in 'n aansienlike mate, onderverteenwoordig is. Dit mag dan ook wel die geval wees, maar dit moet in gedagte gehou word dat die gegewens nie direk vergelykbaar is nie aangesien die steekproefbevolking slegs persone ouer as vyftien jaar insluit, terwyl die sensusgegewens ook persone onder vyftien jaar insluit. Waarskynlik sluit die groep van onder vyftien jaar oud meer

persone in wat Engels as huistaal aanvaar het as die ouer groep.[1] Daar sal in die verslag getoon word dat die jonger groepe in die steekproefbevolking veel minder konserwatief as die ouer groepe is en al meer die tradisionele Oosterse kultuur afwerp en verwester.

## 2.5 GODSDIENS

Ten slotte word die steekproef- en die totale Indiërbevolking ook volgens godsdiens ontleed.

TABEL 2.4

DIE ONDERSOEKGROEP EN DIE TOTALE INDIëRBEVOLKING IN NATAL VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Godsdiens | Ondersoekgroep | | Totale Indiërbevolking | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Hindoe | 1,225 | 81.7 | 282,797 | 71.6 |
| Moslem | 157 | 10.5 | 57,361 | 14.5 |
| Christen | 118 | 7.8 | 26,301 | 6.7 |
| Ander en ongespesifiseerd | - | - | 28,395 | 7.2 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 394,854 | 100.0 |

Onderskeidelik 81.7, 10.5 en 7.8 persent van die steekproefbevolking was Hindoes, Moslems en Christene.

Die persentasie Christene in die steekproefbevolking verskil nie veel van dié in die totale bevolking nie, maar die Hindoes is blykbaar oorverteenwoordig en die Moslems onderverteenwoordig.

Alhoewel die Moslems in die steekproefbevolking beslis onderverteenwoordig is, is die Hindoes waarskynlik in 'n mindere mate oorverteenwoordig as wat uit die tabel mag blyk. Sewe punt een persent[2] van die Indiërs in die algemene bevolking se godsdienstige gesindte is onbekend. Gesien in die lig van die oorweldigende meerderheid Hindoes in die bevolking, is die meeste van hierdie groep waarskynlik ook Hindoes. Indien die godsdienstige gesindte van hierdie Indiërs bekend gewees het, sou die persentasie Hindoes in die algemene bevolking waarskynlik nader aan 81.7 persent as 71.6 persent gewees het.

1) C. J. Greyling verklaar byvoorbeeld dat Tamil in die Transvaal 'n sterwende taal is: „Die meeste ouers sê dat wanneer hulle hul kinders in Tamil aanspreek, die kinders hulle in Afrikaans of Engels antwoord" (12, bl. 12).

2) Die 7.2 persent Indiërs in tabel 2.4 teenoor „Ander en Ongespesifiseerd" ingedeel, word soos volg saamgestel:

| | |
|---|---|
| Ander Oosterse gelowe | 0.1% |
| Ongespesifiseerd | 7.1% |
| TOTAAL | 7.2% |

# HOOFSTUK 3

# WOONPLEK EN MIGRASIE

## 3.1 INLEIDING

Die eerste groep ingeboekte Indiërarbeiders het in 1860 in Natal voet aan wal gesit. Hulle, sowel as dié wat hulle voorbeeld in die volgende dekades sou volg, is in die suikerplantasies gebruik en later ook as arbeiders op die spoorweë, by die dokke, in steenkoolmyne en elders.

Hierdie arbeiders is ingevoer na 'n agitasie van 'n groep Blankes wat 'n dringende behoefte aan goedkoop en betroubare arbeid gehad het. Die trotse en oorlogsugtige Zoeloes was eenvoudig nie bereid om vir lang tydperke as arbeiders weg van hul tuiste te werk nie.

Die ingeboekte arbeiders het na 'n tydperk van drie en later vyf jaar outomaties „vry" geword. As „vry" Indiërs kon hulle óf met 'n vry passaat na Indië terugkeer óf hulleself weer vir vyf jaar laat inboek waarna hulle weer na Indië kon terugkeer óf, in ruil vir die vry passaat, 'n stukkie kroongrond kon ontvang.

'n Kleiner stroom Indiërs (die sogenaamde „passenger Indians") het ook op eie koste die land binnegekom. Die meeste van hulle was handelaars (5, bl. 2-3).

Die bewoners van die huidige provinsies van die Republiek - insluitende die Natallers self - het gou besorgd geraak oor die toenemende getal Indiërs.

In Transvaal is in 1885 stappe gedoen om immigrasie van Indiërs te beperk deur die oplegging van sekere maatreëls. Later is die binnekoms van Indiërs verbied. In 1891 het dit onmoontlik geword vir 'n Indiër om in die Vrystaat aan te bly of die gebied binne te kom alhoewel daar, volgens sensusopnames, vandag nog enkele Asiate in dié provinsie woonagtig is. Dit was ook moeilik vir Indiërs om uit Natal na die Kaapprovinsie te gaan (9, bl. 224 - 225).

As gevolg van bogenoemde beperkings, is die oorweldigende meerderheid van die Indiërbevolking vandag nog steeds in Natal woonagtig en daar kon verwag word dat 'n studie van hulle migrasietendense hoofsaaklik slegs sal dui op verskuiwings binne die grense van Natal.

## 3.2 WOONPLEK

Die meeste van die Indiërs, naamlik 944 (62.9%), was tydens die opname in stede[1] woonagtig en onderskeidelik 180 (12.0%) en 270 (18.0%) in dorpe of op plase. Hierbenewens was 41 (2.7%) op kleinhoewes en 65 (4.3%) in klein gemeenskappe of gehuggies wat beswaarlik as dorpe ingedeel kon word, woonagtig[2].

---

1) Durban en Pietermaritzburg.

2) Gevalle op plase, op kleinhoewes en in gehuggies word in die tabelle ontleed in die kolom „plaas, ens." en in die teks sal daar slegs na „plase" verwys word.

Die woonplek[1] van die steekproefbevolking word in tabel 3. 1 volgens huistaal ingedeel.

Meer as sewentig persent van die Gujurati-, Urdu- en Engelssprekendes is in stede aangetref. Proporsioneel tot die grootte van die onderskeie groepe, is die Hindisprekendes die sterkste in die dorpe (15. 8%) sowel as op plase (35. 1%) verteenwoordig.

Die Gujurati- en Urdusprekendes is hoofsaaklik Moslems en al die ander groepe oorwegend Hindoe met uitsondering van die Engelssprekendes wat 'n groot persentasie Christene insluit.

## 3. 3 LANDELIK - STEDELIKE MIGRASIE

Nadat die ingeboekte Indiërs hulle kontrakte nagekom het, het sommige groenteboere geword, andere het smouse of handelaars geword maar die meerderheid het as arbeiders in die landbou aangebly. Die ontwikkeling van die sekondêre nywerhede het egter mettertyd tot nuwe werksgeleenthede vir Indiërs as arbeiders of as nywerheidswerkers in die dorpe en stede aanleiding gegee met die gevolg dat daar, veral in die afgelope vier dekades, 'n gestadige vloei van Indiërs vanaf landelike gebiede na die dorpe en stede plaasgevind het (5, bl. 59).

In tabel 3. 2 word die woonplek van die steekproefbevolking op een-, tien- en twintigjarige ouderdom onderskeidelik, ontleed.

---

1) Die gegewens oor die landelik-stedelike samestelling van die steekproefbevolking in tabel 1.1 is volgens die Buro vir Statistiek se indeling van landelike en stedelike gebiede. Die gegewens in tabel 3.1 berus op 'n meer „sosiologiese" beoordeling van die woonplek. Volgens sensusgegewens vir die jaar 1960 is 80. 8 persent van die Indiërbevolking in Natal stedelinge. Volgens tabel 3. 1 is 74. 9 persent van die steekproefbevolking stads- of dorpsbewoners. Diegene in die ondersoekgroep wat veral op landbouhoewes digby die stede woonagtig is, is deur die veldwerkers as „plaasbewoners" ingedeel - terwyl hulle, in sensusopnames, dikwels as stedelinge geklassifiseer word.

TABEL 3.1

WOONPLEK VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL

| Woonplek | Huistaal | | | | | | | | | | | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tamil | | Hindi | | Gujurati | | Telugu | | Urdu | | Engels | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Stad | 423 | 65.9 | 208 | 49.1 | 42 | 71.2 | 117 | 67.6 | 79 | 79.8 | 75 | 72.8 | 944 | 62.9 |
| Dorp | 67 | 10.4 | 67 | 15.8 | 8 | 13.6 | 11 | 6.4 | 13 | 13.1 | 14 | 13.6 | 180 | 12.0 |
| Plaas, ens. | 152 | 23.7 | 149 | 35.1 | 9 | 15.3 | 45 | 26.0 | 7 | 7.1 | 14 | 13.6 | 376 | 25.1 |
| TOTAAL | 642 | 100.0 | 424 | 100.0 | 59 | 100.0 | 173 | 100.0 | 99 | 100.0 | 103 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 3.2

WOONPLEK OP VERSKILLENDE OUDERDOMME

| Woonplek | Leeftyd | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een jaar | | Tien jaar | | Twintig jaar | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Buite Republiek | 25 | 1.7 | 16 | 1.1 | 8 | 0.7 |
| Stad | 825 | 55.0 | 848 | 56.5 | 725 | 59.5 |
| Dorp | 313 | 20.9 | 309 | 20.6 | 217 | 17.8 |
| Plaas | 337 | 22.5 | 327 | 21.8 | 269 | 22.1 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,219* | 100.0 |

* Diegene wat nog nie twintig jaar oud was nie, is buite rekening gelaat.

Die tabel toon dat die persentasie van die steekproefbevolking wat buite die Republiek woonagtig was, sowel as die persentasie in dorpe woonagtig, geleidelik met stygende ouderdom afgeneem het. Die persentasie in landelike omgewings het merkwaardig konstant gebly. 'n Duidelike, maar geringe toename word egter ten opsigte van diegene in stede woonagtig, opgemerk. Teenoor 55.0 persent van die proefpersone wat op eenjarige leeftyd in stede woonagtig was, was 59.5 persent op twintigjarige leeftyd in stede woonagtig.

'n Duideliker beeld van die aard en omvang van landelik-stedelike verskuiwings tree na vore wanneer die woonplek op eenjarige leeftyd met die woonplek op twintigjarige leeftyd in verband gebring word.

Tabel 3.3 toon dat onderskeidelik 94.4, 71.6 en 79.4 persent van diegene wat op eenjarige leeftyd in stede, dorpe en plase gewoon het, nog op twintigjarige leeftyd onderskeidelik in stede, dorpe of plase woonagtig was. Dit blyk dus dat slegs 5.7 persent van diegene wat op eenjarige leeftyd in stede woonagtig was, teen hulle twintigste lewensjaar na dorpe of plase getrek het. Hierteenoor het 28.4 en 20.6 persent van die persone wat aanvanklik in dorpe of op plase gewoon het, onderskeidelik na stede of plase en stede of dorpe verhuis. Ook blyk dit dat verhuisings vanaf die plase[1)] of die dorpe, gewoonlik in die rigting van die stede is.

Uit bostaande wil dit voorkom asof die oorweldigende meerderheid van stedelinge tevrede is om in die stede aan te bly maar dat, in 'n tydperk van nagenoeg negentien jaar, 'n aansienlike persentasie van Indiërs vanaf die dorpe en plase na die stede verhuis het.

1) Dit is egter moontlik dat van die trekke van die plase na die stede via die dorpe gaan.

TABEL 3.3

WOONPLEK OP EENJARIGE LEEFTYD VOLGENS WOONPLEK OP TWINTIG-JARIGE LEEFTYD INGEDEEL

| Woonplek op 20-jarige leeftyd | Woonplek op 1-jarige leeftyd | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Buite Republiek | | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Buite Republiek | 8 | 32.0 | - | - | - | - | - | - | 8 | 0.7 |
| Stad | 8 | 32.0 | 626 | 94.4 | 50 | 20.0 | 41 | 14.6 | 725 | 59.5 |
| Dorp | 4 | 16.0 | 17 | 2.7 | 179 | 71.6 | 17 | 6.0 | 217 | 17.8 |
| Plaas, ens. | 5 | 20.0 | 20 | 3.0 | 21 | 8.4 | 223 | 79.4 | 269 | 22.1 |
| TOTAAL | 25 | 100.0 | 663 | 100.0 | 250 | 100.0 | 281 | 100.0 | 1,219* | 100.0 |

* Diegene wat nog nie twintig jaar oud was nie, is buite rekening gelaat.

## 3.4 HORISONTALE MOBILITEIT

In die voorgaande afdeling is slegs gewys op landelik-stedelike verhuisings. Daar is egter ook aan proefpersone gevra om aan te dui hoeveel kere hulle getrek het sedert hulle tiende lewensjaar en indien hulle nie tydens die ondersoek in die landdrosdistrik woon waarin hulle gebore is nie, waarom hulle na die huidige distrik getrek het.

Tabel 3. 4 toon die aantal trekke sedert die tiende lewensjaar. Met trekke word bedoel trekke van byvoorbeeld een plaas na 'n ander, van 'n plaas na 'n stad en van 'n stad na 'n stad. Trekke van een huis na 'n ander of van een voorstad na 'n ander in dieselfde stad of van een deel van 'n plaas na 'n ander deel van dieselfde plaas, is nie as trekke in berekening gebring nie.

TABEL 3.4

KERE GETREK SEDERT TIENDE VERJAARSDAG VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Kere getrek | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 583 | 76.9 | 516 | 69.5 | 1,099 | 73.2 |
| 1 keer | 139 | 18.3 | 196 | 26.4 | 335 | 22.3 |
| 2 keer | 23 | 3.0 | 22 | 3.0 | 45 | 3.0 |
| 3 keer | 8 | 1.1 | 4 | 0.5 | 12 | 0.8 |
| 4 keer | 4 | 0.5 | 3 | 0.4 | 7 | 0.5 |
| 5 en meer kere | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 | 2 | 0.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 3.4 het 73.2 persent van die persone nie sedert hulle tiende lewensjaar getrek nie. Dit geld vir onderskeidelik 76.9 persent van die mans en 69.5 persent van die vroue. 'n Verdere 22.3 persent van die totale groep het een keer, 3.0 persent twee keer en die res, naamlik 1.5 persent, drie of meer kere getrek.

Die redes vir die trek na die huidige distrik in gevalle waar die proefpersoon nie in die distrik waarin hy gebore is woon nie, verskyn in tabel 3.5. Slegs die belangrikste rede vir die trek is in elke geval aangeteken. Waar 'n persoon as kind saam met sy ouers getrek het, moes hy aandui waarom sy ouers getrek het (vandaar die aansienlike persentasie persone wat geen rede kon verstrek nie). Waar vroue nie „uit eie beweging" getrek het nie maar om hulle mans te vergesel, is die rede wat die man tot sy trek beweeg het, aangeteken.

TABEL 3.5

REDES VIR TREK NA ANDER DISTRIK VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Rede vir trek | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Woon tans nog in distrik van geboorte | 584 | 77.0 | 524 | 70.6 | 1108 | 73.9 |
| Om werk te soek | 41 | 5.4 | 8 | 1.1 | 49 | 3.3 |
| Om beter diensvoorwaardes te bekom | 32 | 4.2 | 6 | 0.8 | 38 | 2.5 |
| Om nader aan familie te wees | 13 | 1.7 | 8 | 1.1 | 21 | 1.4 |
| As gevolg van 'n huwelik | 2 | 0.3 | 161 | 21.7 | 163 | 10.9 |
| Meer onderwysfasiliteite | 18 | 2.4 | 3 | 0.4 | 21 | 1.4 |
| Om gesondheidsredes | 5 | 0.7 | - | - | 5 | 0.3 |
| Is verplaas | 15 | 2.0 | 6 | 0.8 | 21 | 1.4 |
| Ander redes | 4 | 0.5 | 1 | 0.1 | 5 | 0.3 |
| Onbekend | 44 | 5.8 | 25 | 3.4 | 69 | 4.6 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Tabel 3.5 toon eerstens dat 73.9 persent van die gevalle nog in die landdrosdistrik woonagtig is waarin hulle gebore is. Die tabel toon ook, soos tabel 3.4, dat Indiërvroue meer rondtrek as mans.

Vervolgens blyk dit dat die mees algemene redes wat deur die mans vermeld word, met beroepsaangeleenthede in verband staan. Onderskeidelik 5.4 en 4.2 persent verklaar dat hulle moes trek om werk te vind of getrek het om meer betalende werk te kan aanvaar. Verreweg die meeste trekke van die vroue is aan huwelike toegeskryf en dit is waarskynlik om hierdie rede dat die vroue meer trekke as die mans aangedui het.

## 3.5 WAAR VERKIES WORD OM TE WOON

Ten slotte word daar in hierdie hoofstuk aangedui waar die proefpersone verkies om te woon.

TABEL 3.6

WOONPLEK VOLGENS PLEK (STAD, ENS.) WAAR PROEFPERSOON VERKIES OM TE WOON, INGEDEEL

| Keuse | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Stad | 873 | 92.5 | 32 | 17.8 | 39 | 10.4 | 944 | 62.9 |
| Dorp | 18 | 1.9 | 124 | 68.9 | 92 | 24.5 | 234 | 15.6 |
| Plaas, ens. | 53 | 5.6 | 24 | 13.3 | 245 | 65.1 | 322 | 21.5 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Twee-en-negentig punt vyf persent van die stedelinge het verkies om in stede te woon, 68.9 persent van die dorpsbewoners om in dorpe te woon en 65.1 persent van diegene op plase om op plase te woon. Van die stedelinge het onderskeidelik 1.9 en 5.6 persent die begeerte gekoester om in 'n dorp of op 'n plaas te gaan woon, van die dorpsbewoners het 17.8 en 13.3 persent verkies om onderskeidelik in 'n stad of op 'n plaas te woon terwyl 10.4 persent van die plaasbewoners verkies het om in 'n stad en 24.5 persent om in 'n dorp te woon.

In afdeling 3.3 is reeds bevind dat, geoordeel aan die landelik-stedelike verhuisings, verreweg die meeste stedelinge tevrede is in stedelike omgewings maar dat 'n betreklike groot persentasie van die dorps- en plaasbewoners na die stede verhuis. Die gegewens in tabel 3.6 verskaf steun aan hierdie bevinding, maar dit blyk dat meer plaasbewoners verkies om na dorpe as na stede te verhuis.

Aangesien daar meer gevalle tussen hulle eerste en twintigste jaar (tabel 3.3) van die plase na die stede verhuis het as van die plase na die dorpe, en tabel 3.6 toon dat meer landelike persone graag in dorpe as in stede wil woon, wil dit voorkom asof die dorpe vir baie persone slegs 'n „halfweghuis" in die trek van die plase na die stede is en dat baie van die trekke van die plase na die stede wat in tabel 3.3 getoon word, moontlik via die dorpe geskied het.

HOOFSTUK 4

OPVOEDKUNDIGE PEIL

## 4.1 INLEIDING

Die eerste onderwysgeleenthede vir Indiërs op die suikerplantasies van Natal is hoofsaaklik deur sendelinge daargestel. Vandag nog speel die Christelike kerke en Hindoe- en Moslembelange 'n rol in die onderwys van Indiërs (3, bl. 80).

In 1928, 'n jaar na die „Kaapstadse Ooreenkoms" wat „a new standard in education with its challenge to Indians to reach Western standards" daargestel het (3, bl. 80), was daar in Natal slegs 11,500 Indiërleerlinge op skool. In 1962 het hierdie getal tot 114,000 in 39 staats- en 218 staatsondersteunde skole aangegroei (10, bl. 7).

## 4.2 SKOOLBYWONING

Alvorens die opvoedkundige peil van die ondersoekgroep ontleed word, word kortliks verwys na die posisie ten opsigte van skoolbywoning tydens die opname. In hierdie sowel as die volgende afdelings word daar na „westerse" skole, en nie moedertaalskole („vernacular schools") nie, verwys.

TABEL 4.1

SKOOLBYWONING VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Skoolbywoning | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Is nog op skool | 100 | 13.2 | 30 | 4.0 | 130 | 8.7 |
| Was, maar is nie meer op skool nie | 585 | 77.2 | 460 | 62.0 | 1045 | 69.7 |
| Was nooit op skool nie | 73 | 9.6 | 252 | 34.0 | 325 | 21.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 4.1 was 8.7 persent van die steekproefbevolking nog op skool, 69.7 persent was wel op skool maar het reeds die skool verlaat, terwyl 21.7 persent nooit op skool was nie.

Vervolgens blyk dit dat nagenoeg 'n derde van die vroue teenoor slegs 9.6 persent van die mans nooit op skool was nie. Hierdie opvoedkundige agterstand van die vroue in vergelyking met dié van die mans is te wyte aan die traagheid van die tradisievaste Indiër om sy dogter skool toe te stuur. Tradisie bepaal dat die vrou slegs in die tuiste 'n rol het om te vervul. Dié houding blyk duidelik uit die volgende: „No matter how many degrees a girl may have, she must still wash pots and have babies" (5, bl. 158). Aan die anderkant word die invloed van die westerse skool dikwels gevrees: „'English' education makes people 'communists', it makes you materialistic and it turns you away from Islam, it gives girls wrong ideas ......" (8, bl. 17).

Alhoewel daar aanduidings is dat die tradisionele opvattings begin verander, is baie Indiërs - en selfs vooraanstaande Indiërs - nog steeds skepties teenoor die waarde van onderwys vir dogters (8, bl. 16 - 17).

## 4.3 ONDERWYSPEIL

Die onderwyspeil[1)] van die steekproefbevolking word in die volgende vier tabelle ontleed. Daar moet onthou word dat 8.7 persent van die ondersoekgroep nog op skool is en hulle kwalifikasies nog verder mag verbeter alvorens hulle die skool verlaat. Dit geld veral vir die mans aangesien 13.2 persent van hulle tydens die opname nog op skool was (kyk tabel 4.1).

Volgens tabel 4.2 het 2.7 persent van diegene wat wel op skool was, geen standerd geslaag nie of het dit nie verder as die grade gebring nie, 53.8 persent het wel minstens die grade geslaag maar nie standerd ses nie, 24.3 persent het standerd ses geslaag, 15.6 persent standerd sewe, agt of nege en 3.7 persent standerd tien.

Daar is nie alleen veel meer vroue as mans wat nooit op skool was nie, maar vroue wat wel op skool was, het in die algemeen nie so ver as mans gevorder nie. Teenoor nagenoeg 'n kwart van die mans, het slegs nagenoeg 'n tiende van die vroue wat op skool was, minstens standerd sewe geslaag. Alhoewel die ouers almeer besef dat dogters skoolonderrig moet ontvang, is baie nog van mening dat die dogter met bereiking van puberteit die skool moet verlaat en tuis bly (3, bl. 80). Dit verhoed dat die dogter al die skoolstanderds kan voltooi. P. D. Hey meen ook dat vanweë die feit dat daar nie koshuise vir Indiërdogters is nie, dit die plattelandse Indiërdogter baie moeilik val om sekondêre onderwys te geniet (8, bl. 16). Waar die ouers, weens ekonomiese nood en groot gesinne, moet kies of die seuns óf dogters onderwys moet geniet, word daar op die seuns besluit (1, bl. 113-114).

Vervolgens kan die onderwyspeil volgens ouderdom ontleed word.

---

1) Die hoogste standerd op skool geslaag.

TABEL 4.2

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen of grade | 11 | 1.6 | 21 | 4.3 | 32 | 2.7 |
| St. 1 | 27 | 3.9 | 28 | 5.7 | 55 | 4.7 |
| St. 2 | 28 | 4.1 | 45 | 9.2 | 73 | 6.2 |
| St. 3 | 50 | 7.3 | 80 | 16.3 | 130 | 11.1 |
| St. 4 | 97 | 14.2 | 77 | 15.7 | 174 | 14.8 |
| St. 5 | 117 | 17.1 | 83 | 16.9 | 200 | 17.0 |
| St. 6 | 185 | 27.0 | 100 | 20.4 | 285 | 24.3 |
| Subtotaal | 515 | 75.2 | 434 | 88.5 | 949 | 80.8 |
| St. 7 | 49 | 7.2 | 25 | 5.1 | 74 | 6.3 |
| St. 8 | 58 | 8.5 | 21 | 4.3 | 79 | 6.7 |
| St. 9 | 25 | 3.6 | 5 | 1.0 | 30 | 2.6 |
| St.. 10 | 38 | 5.5 | 5 | 1.0 | 43 | 3.7 |
| Subtotaal | 170 | 24.8 | 56 | 11.4 | 226 | 19.3 |
| Totaal | 685 | 100.0 | 490 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |
| Was op skool | 685 | 90.4 | 490 | 66.0 | 1,175 | 78.3 |
| Was nooit op skool nie | 73 | 9.6 | 252 | 34.0 | 325 | 21.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 4. 3 toon eerstens dat die persentasie van die bevolking wat nooit op skool was nie, skerp toeneem met stygende ouderdom. Teenoor 6. 0 persent van die persone in die kategorie 15 tot 24 jaar, was 66. 7 persent van diegene ouer as 65 jaar nooit op skool nie.

Tweedens blyk dit dat persone in die jonger groepe ook verder geleer het as persone in die ouer groepe. Teenoor 53. 2 persent van die 15 tot 24-jariges, het 46. 3 persent van die 25 tot 34-jariges, 34. 0 persent van die 35 tot 44-jariges en onderskeidelik 23. 4, 17. 2 en 0. 0 persent van die 45 tot 54-, 55 tot 64-jariges en diegene ouer as 65 jaar minstens standerd ses geslaag.

Dit is dus duidelik dat Indiërs al meer die waarde van onderwys begin besef en dat daar al meer onderwysfasiliteite tot beskikking van die Indiërbevolking gestel word.

Die feit dat minder persone in die groep 15 tot 24 jaar as in die groep 35 tot 44 jaar standerd tien geslaag het, kan toegeskryf word aan die feit dat 130 of nagenoeg 28 persent van diegene in eersgenoemde kategorie nog nie hul skoolloopbane voltooi het nie. Van hierdie groep skoliere is daar ongetwyfeld heelwat wat standerd tien sal aflê.

Volgens tabel 4. 4 het relatief meer Engelssprekendes (93. 2%) en Gujuratisprekendes (89. 8%) die skool bygewoon as lede van die ander taalgroepe. Meer persone in hierdie twee groepe as in die ander groepe, naamlik 64. 6 persent van die Engels- en 52. 9 persent van die Gujuratisprekendes wat wel op skool was, het ook minstens standerd ses geslaag.

Die ontleding van die onderwyspeil word afgesluit met 'n verdeling volgens woonplek.

Volgens tabel 4. 5 was relatief meer stedelinge (84. 0%) as dorpsbewoners (75. 0%), maar veral meer as plaasbewoners (65. 7%), op skool. Van diegene wat op skool was, het daar ook 'n groter persentasie stedelinge (48. 6%) as dorpsbewoners (40. 0%) of plaasbewoners (29. 0%) minstens standerd ses geslaag.

Enkele tentatiewe verklarings vir die opvoedkundige voorsprong wat die stedelinge bo die dorpsbewoners, maar veral die bevolking op die plase geniet, is die volgende: Eerstens is die plattelanders moontlik meer tradisievas as die stedelike bevolking wat meebring dat baie dogters, veral in die verlede, nie skool toe gestuur is nie. Tweedens is onderwysfasiliteite geredeliker beskikbaar in stedelike as in landelike gebiede en baie landelike Indiërs kan dit nie bekostig om hulle kinders na die skole in die dorpe en die stede te stuur nie. Ten slotte is die stedelinge, wat op die mededingende stedelike arbeidsmark moet meeding, meer bewus van die waarde van onderwys as die plaasbewoners.

## 4. 4 SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM

Daar kan ook kortliks aandag aan die skooltoetredingsouderdom van die bevolking geskenk word. Hierdie aspek is belangrik aangesien navorsing met betrekking tot die Kleurling onder andere getoon het „dat die toetredingsouderdom 'n hoë verband met skoolvertraging toon, dit wil sê die kind met vertraagde toetredingsouderdom is ook vertraag

TABEL 4.3

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen of grade | 4 | 0.9 | 12 | 3.4 | 6 | 2.8 | 6 | 5.4 | 4 | 11.4 | - | - | 32 | 2.7 |
| St. 1 | 9 | 2.0 | 17 | 4.9 | 10 | 4.6 | 12 | 10.8 | 5 | 14.3 | 2 | 33.3 | 55 | 4.7 |
| St. 2 | 23 | 5.0 | 24 | 6.9 | 13 | 6.0 | 9 | 8.1 | 4 | 11.4 | - | - | 73 | 6.2 |
| St. 3 | 34 | 7.5 | 40 | 11.4 | 34 | 15.7 | 18 | 16.2 | 4 | 11.4 | - | - | 130 | 11.1 |
| St. 4 | 50 | 11.0 | 49 | 14.0 | 40 | 18.4 | 24 | 21.6 | 8 | 22.9 | 3 | 50.0 | 174 | 14.8 |
| St. 5 | 93 | 20.4 | 46 | 13.1 | 40 | 18.4 | 16 | 14.4 | 4 | 11.4 | 1 | 16.7 | 200 | 17.0 |
| Subtotaal | 213 | 46.8 | 188 | 53.7 | 143 | 65.9 | 85 | 76.5 | 29 | 82.8 | 6 | 100.0 | 664 | 56.5 |
| St. 6 | 124 | 27.2 | 91 | 26.0 | 54 | 24.9 | 13 | 11.7 | 3 | 8.6 | - | - | 285 | 24.3 |
| St. 7 | 41 | 9.0 | 20 | 5.7 | 4 | 1.8 | 6 | 5.4 | 3 | 8.6 | - | - | 74 | 6.3 |
| St. 8 | 49 | 10.7 | 19 | 5.4 | 7 | 3.2 | 4 | 3.6 | - | - | - | - | 79 | 6.7 |
| St. 9 | 16 | 3.5 | 9 | 2.6 | 4 | 1.8 | 1 | 0.9 | - | - | - | - | 30 | 2.6 |
| St. 10 | 13 | 2.8 | 23 | 6.6 | 5 | 2.3 | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 43 | 3.7 |
| Subtotaal | 243 | 53.2 | 162 | 46.3 | 74 | 34.0 | 26 | 23.4 | 6 | 17.2 | - | - | 511 | 43.6 |
| Totaal | 456 | 100.0 | 350 | 100.0 | 217 | 100.0 | 111 | 100.0 | 35 | 100.0 | 6 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |
| Was op skool | 456 | 94.0 | 350 | 85.6 | 217 | 68.2 | 111 | 59.7 | 35 | 41.7 | 6 | 33.3 | 1,175 | 78.3 |
| Was nooit op skool nie | 29 | 6.0 | 59 | 14.4 | 101 | 31.8 | 75 | 40.3 | 49 | 58.3 | 12 | 66.7 | 325 | 21.7 |
| TOTAAL | 485 | 100.0 | 409 | 100.0 | 318 | 100.0 | 186 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 4.4

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Huistaal | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tamil | | Hindi | | Gujurati | | Telugu | | Urdu | | Engels | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | %. | G | % | G | % |
| Geen of grade | 15 | 3.0 | 8 | 2.6 | 2 | 3.8 | 5 | 3.7 | 2 | 2.6 | - | - | 32 | 2.7 |
| St. 1 | 36 | 7.2 | 7 | 2.2 | 2 | 3.8 | 5 | 3.7 | 3 | 3.9 | 2 | 2.1 | 55 | 4.7 |
| St. 2 | 25 | 5.0 | 27 | 8.6 | 1 | 1.9 | 12 | 9.0 | 6 | 7.9 | 2 | 2.1 | 73 | 6.2 |
| St. 3 | 53 | 10.5 | 38 | 12.1 | 7 | 13.2 | 17 | 12.7 | 8 | 10.5 | 7 | 7.3 | 130 | 11.1 |
| St. 4 | 78 | 15.5 | 48 | 15.3 | 7 | 13.2 | 20 | 14.9 | 13 | 17.1 | 8 | 8.3 | 174 | 14.8 |
| St. 5 | 95 | 18.9 | 49 | 15.7 | 6 | 11.3 | 22 | 16.4 | 13 | 17.1 | 15 | 15.6 | 200 | 17.0 |
| Subtotaal | 302 | 60.1 | 177 | 56.5 | 25 | 47.2 | 81 | 60.4 | 45 | 59.1 | 34 | 35.4 | 664 | 56.5 |
| St. 6 | 122 | 24.3 | 81 | 25.9 | 10 | 18.9 | 36 | 26.9 | 14 | 18.4 | 22 | 22.9 | 285 | 24.3 |
| St. 7 | 35 | 7.0 | 13 | 4.2 | 6 | 11.3 | 4 | 3.0 | 6 | 7.9 | 10 | 10.4 | 74 | 6.3 |
| St. 8 | 22 | 4.4 | 23 | 7.3 | 9 | 17.0 | 5 | 3.7 | 6 | 7.9 | 14 | 14.6 | 79 | 6.7 |
| St. 9 | 6 | 1.2 | 6 | 1.9 | 1 | 1.9 | 6 | 4.5 | 2 | 2.6 | 9 | 9.4 | 30 | 2.6 |
| St. 10 | 16 | 3.2 | 13 | 4.2 | 2 | 3.8 | 2 | 1.5 | 3 | 3.9 | 7 | 7.3 | 43 | 3.7 |
| Subtotaal | 201 | 40.1 | 136 | 43.5 | 28 | 52.9 | 53 | 39.6 | 31 | 40.7 | 62 | 64.6 | 511 | 43.6 |
| Totaal | 503 | 100.0 | 313 | 100.0 | 53 | 100.0 | 134 | 100.0 | 76 | 100.0 | 96 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |
| Was op skool | 503 | 78.3 | 313 | 73.8 | 53 | 89.8 | 134 | 77.5 | 76 | 76.8 | 96 | 93.2 | 1,175 | 78.3 |
| Was nooit op skool nie | 139 | 21.7 | 111 | 26.2 | 6 | 10.2 | 39 | 22.5 | 23 | 23.2 | 7 | 6.8 | 325 | 21.7 |
| TOTAAL | 642 | 100.0 | 424 | 100.0 | 59 | 100.0 | 173 | 100.0 | 99 | 100.0 | 103 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 4.5

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen of grade | 16 | 2.0 | 6 | 4.4 | 10 | 4.1 | 32 | 2.7 |
| St. 1 | 27 | 3.4 | 7 | 5.2 | 21 | 8.5 | 55 | 4.7 |
| St. 2 | 38 | 4.8 | 7 | 5.2 | 28 | 11.3 | 73 | 6.2 |
| St. 3 | 75 | 9.5 | 19 | 14.1 | 36 | 14.6 | 130 | 11.1 |
| St. 4 | 119 | 15.0 | 15 | 11.1 | 40 | 16.2 | 174 | 14.8 |
| St. 5 | 133 | 16.8 | 27 | 20.0 | 40 | 16.2 | 200 | 17.0 |
| Subtotaal | 408 | 51.5 | 81 | 60.0 | 175 | 70.9 | 664 | 56.5 |
| St. 6 | 210 | 26.5 | 27 | 20.0 | 48 | 19.4 | 285 | 24.3 |
| St. 7 | 56 | 7.1 | 9 | 6.7 | 9 | 3.6 | 74 | 6.3 |
| St. 8 | 62 | 7.8 | 8 | 5.9 | 9 | 3.6 | 79 | 6.7 |
| St. 9 | 25 | 3.2 | 3 | 2.2 | 2 | 0.8 | 30 | 2.6 |
| St. 10 | 32 | 4.0 | 7 | 5.2 | 4 | 1.6 | 43 | 3.7 |
| Subtotaal | 385 | 48.6 | 54 | 40.0 | 72 | 29.0 | 511 | 43.6 |
| TOTAAL | 793 | 100.0 | 135 | 100.0 | 247 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |
| Was op skool | 793 | 84.0 | 135 | 75.0 | 247 | 65.7 | 1,175 | 78.3 |
| Was nooit op skool | 151 | 16.0 | 45 | 25.0 | 129 | 34.3 | 325 | 21.7 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

ten opsigte van die gemiddelde standerd van sy spesifieke ouderdomsgroep. Daar is ook vasgestel dat indien die kind met 'n vertraagde toetredingsouderdom en dié met 'n normale toetredingsouderdom 'n gelyke aantal jare op skool is, die leerlinge met 'n vertraagde toetredingsouderdom 'n tendens toon om swakker te presteer in skolastiese toetse en meermale te druip. Vertraagde toetredingsouderdom gee dus nie slegs aanleiding tot skoolvertraging nie, maar ook skolastiese vertraging" - aldus J. J. du Preez (11, bl. 95).

Tabel 4. 6 toon die skooltoetredingsouderdomme van die mans en vroue wat wel op skool was, aan. Daar moet vermeld word dat sommige van die proefpersone nie dié vraag met vertroue kon beantwoord nie en soms 'n skatting moes waag.

Die grootste enkele groep mans (35. 0%) en vroue (44. 1%) is op sewejarige leeftyd skool toe, naamlik 38. 8 persent. Agt-en-twintig punt een persent (27. 7% van die mans en 29. 0% van die vroue) was jonger as sewe jaar en 33. 0 persent (onderskeidelik 37. 4% en 26. 9% van die mans en vroue) was agt jaar of ouer. Die gemiddelde skooltoetredingsouderdom van die mans is dus ietwat hoër as dié van die vroue. Waarskynlik het van die Indiërdogters wat, om die een of ander rede, nie op 'n vroeë leeftyd skool toe kon gaan nie, hulle kans om onderwys te geniet, verbeur aangesien baie tradisievaste ouers, soos reeds vermeld, van mening is dat die dogter wat die puberteitsfase bereik, tuis moet bly.

Die Indiërseun is, volgens G. H. Calpin, twee jaar agter die Blanke seun op skool. Calpin bied een verklaring vir hierdie verskynsel: „He (the Indian boy) spends much time in his earliest years at religious exercises and in mastering the vernacular, and reaches matriculation standard at the age of nineteen or twenty" (1, bl. 106).

Tabel 4. 7 weerspieël 'n steeds dalende skooltoetredingsouderdom by die Indiërbevolking. Teenoor 86. 9 persent van die jongste groep, was byvoorbeeld 80. 7 persent van die groep tussen 35 en 44 jaar en 74. 3 persent van diegene tussen 55 en 64 jaar, agt jaar of jonger toe hulle vir die eerste keer op skool gekom het.

Geen aansienlike verskille in die skooltoetredingsouderdomme van die stedelinge, dorps- en plaasbewoners blyk uit bostaande tabel nie.

Ten slotte kan die skooltoetredingsouderdom ook volgens die hoogste standerd op skool geslaag, verdeel word.

Volgens tabel 4. 9 het diegene wat op betreklik jeugdige leeftyd skool toe is, in die algemeen verder op skool gevorder as diegene wat by skooltoetrede betreklik oud was. Onderskeidelik 73. 2, 42. 8 en 31. 6 persent van diegene wat byvoorbeeld jonger as ses jaar, sewe of nege jaar oud was toe hulle op skool gekom het, het minstens standerd ses geslaag[1).]

1) Aangesien die ouderdomsverspreiding in tabel 4. 9 groot is, is die verband tussen die skooltoetredingsouderdom en opvoedkundige peil moontlik nie so groot as wat uit die tabel afgelei mag word nie. Die jonger persone, wat oor die algemeen vroeër op skool gekom het as die ouer persone, het ook, oor die algemeen, verder geleer.

TABEL 4.6

SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Skooltoetredings-ouderdom | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Onder 6 jaar | 26 | 3.8 | 19 | 3.9 | 45 | 3.8 |
| 6 jr. | 163 | 23.8 | 123 | 25.1 | 286 | 24.3 |
| 7 jr. | 240 | 35.0 | 216 | 44.1 | 456 | 38.8 |
| Subtotaal | 429 | 62.6 | 358 | 73.1 | 787 | 66.9 |
| 8 jr. | 131 | 19.1 | 65 | 13.3 | 196 | 16.7 |
| 9 jr. | 50 | 7.3 | 26 | 5.3 | 76 | 6.5 |
| 10 jr. | 34 | 5.0 | 25 | 5.1 | 59 | 5.0 |
| 11 jr. | 12 | 1.8 | 9 | 1.8 | 21 | 1.8 |
| 12 jr. | 14 | 2.0 | 5 | 1.0 | 19 | 1.6 |
| 13 jr. | 5 | 0.7 | 1 | 0.2 | 6 | 0.5 |
| 14 jr. en ouer | 10 | 1.5 | 1 | 0.2 | 11 | 0.9 |
| Subtotaal | 256 | 37.4 | 132 | 26.9 | 388 | 33.0 |
| TOTAAL | 685 | 100.0 | 490 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |

TABEL 4.7

SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Skooltoetredings-ouderdom | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Onder 6 jr. | 14 | 3.1 | 18 | 5.1 | 11 | 5.1 | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 45 | 3.8 |
| 6 jr. | 139 | 30.5 | 90 | 25.7 | 36 | 16.6 | 15 | 13.5 | 6 | 17.1 | - | - | 286 | 24.3 |
| 7 jr. | 174 | 38.2 | 140 | 40.0 | 89 | 41.0 | 43 | 38.7 | 8 | 22.9 | 2 | 33.3 | 456 | 38.8 |
| 8 jr. | 69 | 15.1 | 48 | 13.7 | 39 | 18.0 | 27 | 24.3 | 12 | 34.3 | 1 | 16.7 | 196 | 16.7 |
| Subtotaal | 396 | 86.9 | 296 | 84.5 | 175 | 80.7 | 87 | 78.3 | 26 | 74.3 | 3 | 50.0 | 983 | 83.6 |
| 9 jr. | 24 | 5.3 | 26 | 7.4 | 15 | 6.9 | 7 | 6.3 | 4 | 11.4 | - | - | 76 | 6.5 |
| 10 jr. | 18 | 3.9 | 15 | 4.3 | 15 | 6.9 | 9 | 8.1 | 1 | 2.9 | 1 | 16.7 | 59 | 5.0 |
| 11 jr. | 10 | 2.2 | 7 | 2.0 | 2 | 0.9 | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 21 | 1.8 |
| 12 jr. | 4 | 0.9 | 4 | 1.1 | 4 | 1.8 | 3 | 2.7 | 3 | 8.6 | 1 | 16.7 | 19 | 1.6 |
| 13 jr. | 2 | 0.4 | - | - | 2 | 0.9 | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 6 | 0.5 |
| 14 jr. en ouer | 2 | 0.4 | 2 | 0.6 | 4 | 1.8 | 1 | 0.9 | 1 | 2.9 | 1 | 16.7 | 11 | 0.9 |
| Subtotaal | 60 | 13.1 | 54 | 15.4 | 42 | 19.2 | 24 | 21.6 | 9 | 25.8 | 3 | 50.1 | 192 | 16.3 |
| TOTAAL | 456 | 100.0 | 350 | 100.0 | 217 | 100.0 | 111 | 100.0 | 35 | 100.0 | 6 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |

## TABEL 4.8

## SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Skool-toetredingsouderdom | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Onder 6 jaar | 34 | 4.3 | 4 | 3.0 | 7 | 2.8 | 45 | 3.8 |
| 6 jaar | 191 | 24.1 | 32 | 23.7 | 63 | 25.5 | 286 | 24.3 |
| 7 jaar | 300 | 37.8 | 60 | 44.4 | 96 | 38.9 | 456 | 38.8 |
| 8 jaar | 138 | 17.4 | 22 | 16.3 | 36 | 14.6 | 196 | 16.7 |
| Subtotaal | 663 | 83.6 | 118 | 87.4 | 202 | 81.8 | 983 | 83.6 |
| 9 jaar | 54 | 6.8 | 7 | 5.2 | 15 | 6.1 | 76 | 6.5 |
| 10 jaar | 34 | 4.3 | 4 | 3.0 | 21 | 8.5 | 59 | 5.0 |
| 11 jaar | 16 | 2.0 | 2 | 1.5 | 3 | 1.2 | 21 | 1.8 |
| 12 jaar | 12 | 1.5 | 3 | 2.2 | 4 | 1.6 | 19 | 1.6 |
| 13 jaar | 5 | 0.6 | 1 | 0.7 | - | - | 6 | 0.5 |
| 14 jaar | 9 | 1.1 | - | - | 2 | 0.8 | 11 | 0.9 |
| Subtotaal | 130 | 16.3 | 17 | 12.6 | 45 | 18.2 | 192 | 16.3 |
| TOTAAL | 793 | 100.0 | 135 | 100.0 | 247 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |

TABEL 4.9

OPVOEDKUNDIGE PEIL VOLGENS SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM INGEDEEL

| Opvoedkundige peil | Skooltoetredingsouderdom | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onder 6 jr. | | 6 jaar | | 7 jaar | | 8 jaar | | 9 jaar | | 10 jaar | | 11 jaar | | 12 jaar | | 13 jaar | | 14 jaar en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen of grade | 2 | 4.4 | 3 | 1.0 | 9 | 2.0 | 5 | 2.6 | 6 | 7.9 | 5 | 8.5 | - | - | 2 | 10.5 | - | - | - | - | 32 | 2.7 |
| St. 1 | - | - | 8 | 2.8 | 15 | 3.3 | 12 | 6.1 | 8 | 10.5 | 9 | 15.3 | 1 | 4.8 | 2 | 10.5 | - | - | - | - | 55 | 4.7 |
| St. 2 | 1 | 2.2 | 13 | 4.6 | 25 | 5.5 | 11 | 5.6 | 5 | 6.6 | 7 | 11.9 | 5 | 23.8 | 1 | 5.3 | 1 | 16.7 | 4 | 36.4 | 73 | 6.2 |
| St. 3 | 1 | 2.2 | 14 | 4.9 | 59 | 12.9 | 27 | 13.8 | 12 | 15.8 | 9 | 15.3 | 3 | 14.3 | 2 | 10.5 | 1 | 16.7 | 2 | 18.2 | 130 | 11.1 |
| St. 4 | 3 | 6.7 | 29 | 10.1 | 75 | 16.4 | 22 | 11.2 | 14 | 18.4 | 17 | 28.8 | 4 | 19.0 | 6 | 31.6 | 2 | 33.3 | 2 | 18.2 | 174 | 14.8 |
| St. 5 | 5 | 11.1 | 55 | 19.2 | 78 | 17.1 | 41 | 20.9 | 7 | 9.2 | 8 | 13.6 | 2 | 9.5 | 2 | 10.5 | 1 | 16.7 | 1 | 9.1 | 200 | 17.0 |
| Subtotaal | 12 | 26.6 | 122 | 42.6 | 261 | 57.2 | 118 | 60.2 | 52 | 68.4 | 55 | 93.4 | 15 | 71.4 | 15 | 78.9 | 5 | 83.4 | 9 | 81.9 | 664 | 56.5 |
| St. 6 | 14 | 31.1 | 70 | 24.5 | 121 | 26.5 | 54 | 27.6 | 15 | 19.7 | 4 | 6.8 | 3 | 14.3 | 3 | 15.8 | 1 | 16.7 | - | - | 285 | 24.3 |
| St. 7 | 5 | 11.1 | 37 | 12.9 | 19 | 4.2 | 7 | 3.6 | 3 | 4.0 | - | - | 1 | 4.8 | - | - | - | - | 2 | 18.2 | 74 | 6.3 |
| St. 8 | 6 | 13.3 | 28 | 9.8 | 35 | 7.7 | 8 | 4.1 | 1 | 1.3 | - | - | 1 | 4.8 | - | - | - | - | - | - | 79 | 6.7 |
| St. 9 | 2 | 4.4 | 13 | 4.6 | 9 | 2.0 | 5 | 2.6 | 1 | 1.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 30 | 2.6 |
| St. 10 | 6 | 13.3 | 16 | 5.6 | 11 | 2.4 | 4 | 2.0 | 4 | 5.3 | - | - | 1 | 4.8 | 1 | 5.3 | - | - | - | - | 43 | 3.7 |
| Subtotaal | 33 | 73.2 | 164 | 57.4 | 195 | 42.8 | 78 | 39.9 | 24 | 31.6 | 4 | 6.8 | 6 | 28.7 | 4 | 21.1 | 1 | 16.7 | 2 | 18.2 | 511 | 43.6 |
| TOTAAL | 45 | 100.0 | 286 | 100.0 | 456 | 100.0 | 196 | 100.0 | 76 | 100.0 | 59 | 100.0 | 21 | 100.0 | 19 | 100.0 | 6 | 100.0 | 11 | 100.0 | 1,175 | 100.0 |

## 4.5 NASKOOLSE AKADEMIESE KWALIFIKASIES

Daar is ook vasgestel hoeveel van die Indiërs oor grade en/of diplomas beskik. Een punt twee persent het een of meer professionele diplomas verwerf, 0.4 persent een of meer grade en 0.2 persent een of meer grade en diplomas. Meer as 98 persent van die steekproefbevolking het oor geen diplomas of grade beskik nie.

Teenoor 3.0 persent van die mans, het slegs 0.5 persent van die vroue grade of diplomas verwerf.

## 4.6 DEELTYDSE STUDIE

Tydens die vooropname wat hierdie ondersoek voorafgegaan het, het dit onder die aandag gekom dat Indiërs redelik dikwels deeltyds studeer of deeltyds gestudeer het om hulle kwalifikasies te verbeter.

Hierdie aspek is ondersoek en daar is bevind dat 5.1 persent van die steekproefbevolking wel, op die een of ander stadium, deeltyds gestudeer het. Die onderwerp van studie was van diverse aard.

Die meeste van hierdie persone, wat relatief gesproke meesal in die hoër opvoedkundige peil groepe val, het slegs een of twee jaar deeltyds gestudeer.

## 4.7 BEDREWENHEID IN DIE AMPTELIKE TALE

Slegs 4.1 persent van die ondervraagdes het verklaar dat hulle nie Engels kan praat nie. In hierdie kategorie was daar vier keer meer vroue as mans.

Volgens tabel 4.10 neem die persentasie persone wat nie in Engels bedrewe is nie, vinnig toe met stygende ouderdom. Van die persone tussen 15 en 24 jaar is daar byvoorbeeld slegs 0.4 persent wat nie Engels kan praat nie teenoor 33.3 persent van die persone ouer as 65 jaar. Dit wil dus voorkom asof bykans alle Indiërs in Natal binne enkele dekades Engels sal kan praat.

Daar is ook vasgestel hoeveel Indiërs in Engels kan skryf (en dus ook lees). Dit blyk uit tabel 4.11 dat 76.1 oor hierdie vermoë beskik en 23.9 persent nie. Teenoor slegs 10.6 persent van die mans, het 37.6 persent van die vroue verklaar dat hulle nie in Engels kan skryf nie.

Soos in die geval van tabel 4.10, toon tabel 4.11 ook dat die vermoë om in Engels te skryf met stygende ouderdom afneem.

Slegs 4.3 persent van die Indiërs (onderskeidelik 4.7% van die mans en 3.8% van die vroue) kon Afrikaans praat. 'n Groter persentasie (5.6%) van die 15-tot 24-jariges as van enige ander ouderdomsgroep is Afrikaans magtig wat daarop dui dat die persentasie Indiërs wat Afrikaans kan praat, geleidelik sal toeneem.

TABEL 4.10

DIE VERMOË OM ENGELS TE PRAAT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Vermoë om Engels te praat | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 483 | 99.6 | 400 | 97.8 | 303 | 95.3 | 170 | 91.4 | 70 | 83.3 | 12 | 66.7 | 1,438 | 95.9 |
| Nee | 2 | 0.4 | 9 | 2.2 | 15 | 4.7 | 16 | 8.6 | 14 | 16.7 | 6 | 33.3 | 62 | 4.1 |
| TOTAAL | 485 | 100.0 | 409 | 100.0 | 318 | 100.0 | 186 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 4.11

DIE VERMOË OM IN ENGELS TE SKRYF VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Vermoë om Engels te skryf | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 450 | 92.8 | 335 | 81.9 | 210 | 66.0 | 104 | 55.9 | 36 | 42.9 | 6 | 33.3 | 1,141 | 76.1 |
| Nee | 35 | 7.2 | 74 | 18.1 | 108 | 34.0 | 82 | 44.1 | 48 | 57.1 | 12 | 66.7 | 359 | 23.9 |
| TOTAAL | 485 | 100.0 | 409 | 100.0 | 318 | 100.0 | 186 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Slegs 2.4 persent van die Indiërs, meesal persone tussen 15 en 24 jaar, is in staat om in Afrikaans te skryf.

## 4.8 BEDREWENHEID IN 'N OOSTERSE TAAL

Soos reeds in afdeling 2.4 vermeld, het 93.1 persent van die steekproefbevolking nog 'n Indiese taal as huistaal gehad. Daar is ook vasgestel hoeveel oor die vermoë beskik om in 'n Oosterse taal te skryf. Diegene wat wel oor dié vermoë beskik, moes aandui in watter Oosterse taal hulle die meeste bedrewe is.

TABEL 4.12

DIE VERMOË OM IN OOSTERSE TALE TE SKRYF VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Vermoë om in Oosterse tale te skryf | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Tamil | 82 | 10.8 | 82 | 11.1 | 164 | 10.9 |
| Hindi | 53 | 7.0 | 44 | 5.9 | 97 | 6.5 |
| Gujurati | 19 | 2.5 | 9 | 1.2 | 28 | 1.9 |
| Telugu | 10 | 1.3 | 9 | 1.2 | 19 | 1.3 |
| Urdu | 28 | 3.7 | 31 | 4.2 | 59 | 3.9 |
| Ander Indiërtaal | - | - | - | - | - | - |
| Arabies | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 | 2 | 0.1 |
| Geen Indiërtaal | 565 | 74.5 | 566 | 76.3 | 1131 | 75.4 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Tabel 4.12 toon dat slegs 24.6 persent van die Indiërs in 'n Oosterse taal kan skryf. Meer as twee-derdes van hierdie persone verklaar dat hulle Tamil en Hindi die beste kan skryf.

Die tabel toon geen opvallende verskille tussen die mans en vroue nie.

# HOOFSTUK 5

## HUWELIKSTAAT EN GESINSAANGELEENTHEIDE

### 5.1 INLEIDING

H. Kuper wys daarop dat daar nie slegs een gesins- of familie-tipe by die oorspronklike Indiërimmigrante aanwesig was nie. „The majority of Hindu, and all Moslems and Christians, were patrilineal, but there were also people from Malabar and parts of Madras with matrilineal succession; though monogamy was the rule, polygamy was acceptable to the Moslem and permissable under special circumstances to the Hindu, and from the records, there were even a few people who came from the Nilgiri hills where polyandry was the custom; the levirate was prohibited by some immigrants, encouraged by others; and the range of permitted marriage partners was also extremely variable" (5, bl. 95).

Met verloop van jare het baie van die aanvanklike verskille verdwyn en kan daar vandag, met sekere voorbehoude, van 'n Suid-Afrikaanse Indiese familie- en verwantskapsisteem gepraat word (5, bl. 95).

### 5.2 HUWELIKSTAAT

Die huwelikstaat van die steekproefbevolking word in tabel 5.1 volgens geslag verdeel.

TABEL 5.1

HUWELIKSTAAT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Huwelikstaat | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Nooit getroud | 255 | 33.6 | 168 | 22.6 | 423 | 28.2 |
| Getroud | 494 | 65.2 | 499 | 67.3 | 993 | 66.2 |
| Nie getroud, maar leef saam | 1 | 0.1 | 5 | 0.7 | 6 | 0.4 |
| Wewenaar of weduwee | 6 | 0.8 | 67 | 9.0 | 73 | 4.9 |
| Geskei | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 | 2 | 0.1 |
| Verlaat deur man/vrou | 1 | 0.1 | 2 | 0.3 | 3 | 0.2 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Nagenoeg twee derdes van die ondersoekgroep was getroud en die tweede grootste groep, naamlik 28.2 persent, was nog nooit getroud nie. Onderskeidelik 4.9, 0.4, 0.2 en 0.1 persent was wewenaars of weduwees, persone wat nie wetlik getroud was nie, maar wat buite-egtelik as man en vrou saamgelewe het, persone wat deur hulle huweliksmaats

verlaat is en geskeides.

Die persentasie geskeides en persone van wie die huwelik as gevolg van verlating verbrokkel het, is by die Indiërs besonder laag. Die huweliksverbintenis word deur die Hindoes as heilig beskou en egskeiding word nie deur die ortodokse Hindoe erken nie (5, bl. 116).

Vervolgens toon tabel 5.1 dat meer mans (33.6%) as vroue (22.6%) „nooit getroudes" was, ietwat meer vroue (67.3%) as mans (65.2%) getroud was en dat daar veel meer weduwees (9.0%) as wewenaars (0.8%) voorkom.

Die oorwig aan „nooit getroude" mans bo „nooit getroude" vroue kan toegeskryf word aan die feit dat mans op 'n later leeftyd as vroue trou. Die geweldige oorwig van weduwees oor wewenaars mag saamhang met die konserwatiewe opvatting dat die Hindoeweduwee nie weer 'n huwelik mag aangaan nie. Hierdie opvatting, aldus C. J. Greyling, is nou besig om te verander as gevolg van Westerse invloede (12, bl. 115).

## 5.3 HUWELIKSOUDERDOM

Kinderverlowings wat vroeër algemeen in Suid-Afrika onder die Indiërs voorgekom het, word vandag nog aangetref alhoewel die omvang nie meer so groot as vantevore is nie. Die huwelik self word egter eers voltrek wanneer die paartjie fisies volwasse is (5, bl. 126).

Die huweliksouderdom van diegene wat tydens die ondersoek getroud en diegene wat vantevore getroud was[1], word in tabel 5.2 volgens geslag ontleed.

Van die totale groep het 38.8 persent reeds voor hulle twintigste lewensjaar en 73.8 persent voor hulle vier-en-twintigste jaar 'n huwelik aangegaan. Hierteenoor was 8.6 persent van die betrokke mans en 65.2 persent van die betrokke vroue reeds getroud voor hulle twintigste jaar en onderskeidelik 50.8 en 93.9 persent van die mans en vroue voordat hulle 24 jaar oud geword het.[2]

Die mediaanhuweliksouderdom van die mans kom op 23.9 jaar te staan en dié van vroue op 19.0 jaar. By Blankes, aldus D. van Zyl, is dié ouderdomme aansienlik hoër, naamlik 27.41 jaar in die geval van mans en 23.34 jaar in die geval van vroue (13, bl. 21).

---

1) Waar die proefpersoon meer as een vorige huwelik gehad het, is die ouderdom ten tyde van die eerste huwelikseremonie in berekening gebring. Dié groep wat voorheen getroud was, word in die meeste tabelle wat nou volg, saam met die getroudes ontleed. Dit geld ook vir die klein groepie wat „saamlewe".

2) Ten spyte van die feit dat die wet huwelike van dogters onder 16 en seuns onder 18 jaar verbied, het 10.5 persent van die vroue en 1.2 persent van die mans verklaar dat hulle nog nie bogenoemde ouderdomme bereik het toe hulle getroud is nie.

## TABEL 5.2

### HUWELIKSOUDERDOM VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Huweliks-ouderdom | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Onder 16 jr. | - | - | 60 | 10.5 | 60 | 5.6 |
| 16-17 jr. | 6 | 1.2 | 136 | 23.7 | 142 | 13.2 |
| 18-19 jr. | 37 | 7.4 | 178 | 31.0 | 215 | 20.0 |
| Subtotaal | 43 | 8.6 | 374 | 65.2 | 417 | 38.8 |
| 20-21 jr. | 101 | 20.1 | 111 | 19.3 | 212 | 19.7 |
| 22-23 jr. | 111 | 22.1 | 54 | 9.4 | 165 | 15.3 |
| Subtotaal | 212 | 42.2 | 165 | 28.7 | 377 | 35.0 |
| 24-25 jr. | 108 | 21.5 | 18 | 3.1 | 126 | 11.7 |
| 26-27 jr. | 60 | 11.9 | 8 | 1.4 | 68 | 6.3 |
| 28-29 jr. | 39 | 7.8 | 3 | 0.5 | 42 | 3.9 |
| 30-34 jr. | 32 | 6.4 | 6 | 1.1 | 38 | 3.5 |
| 35 jr. en ouer | 9 | 1.8 | - | - | 9 | 0.8 |
| Subtotaal | 248 | 49.4 | 35 | 6.1 | 283 | 26.2 |
| TOTAAL | 503 | 100.0 | 574 | 100.0 | 1,077 | 100.0 |

Huwelike op jeugdige ouderdom word deur die Indiërgemeenskap goedgekeur en ouers beskou dit as hulle plig om toe te sien dat hulle kinders vroeg trou.

'n Verdeling van die huweliksouderdom volgens leeftyd, toon nie dat die huweliksouderdom by verskillende ouderdomsgroepe noemenswaardig verskil nie. Dit wil dus voorkom asof die tradisionele opvatting dat huwelike op jeugdige ouderdom wenslik is, oor die afgelope dekades min wysiging ondergaan het. Ook is daar geen opvallende verskille in die huweliksouderdomme van die Hindoes, Moslems en Christene nie.

Die besonder lae huweliksouderdom by die Indiërs is moontlik een van die verklarings vir die besonder hoë geboortesyfer. Wat die vrou betref, belemmer 'n vroeë huwelik ook haar kans om gevorderde onderwys of opleiding te geniet en om beroepsarbeid te verrig, dit wil sê in die gevalle waar die ouers te vinde sou wees vir die idee dat hulle dogters hoër onderwys moet geniet en buite die familiekring mag gaan werk.

## 5.4 KEUSE VAN DIE HUWELIKSMAAT

Indiërouers, veral die ortodokse ouers, beskou dit nog dikwels as 'n reg en as hulle plig om huwelike vir hulle kinders te reël alhoewel 'n kind deesdae dikwels ook geraadpleeg word insake die keuse van 'n huweliksmaat. Veral in die geval van die meisie, word ook ander familielede geraadpleeg insake dié keuse. H. Kuper verklaar: „Even in modern families it is often the brother who raises objection to a girl ...... choosing her own husband, and he does not hesitate to use the threat of leaving home if his parents do not support him ........" (5, bl. 129). Kuper vervolg: „The circle of potential mates is defined by race, ethnic group, religion, caste[1] and kinship, and within this circle a balance is sought between the individual qualities of the boy and girl by reference to character, reputation, education, health and physical appearance. The investigations are extremely painstaking" (5, bl. 162).

Tabel 5. 3 toon wie verantwoordelik was vir die keuse van die getroude persone (sowel as van persone wat voorheen getroud was) se huweliksmaats.

Volgens tabel 5. 3 blyk dit dat 25. 4 persent van die betrokke gevalle self hulle huweliksmaats gekies het, 38. 2 persent het saam met hulle familie die keuse gedoen, terwyl 36. 4 persent blykbaar geen sê in die keuse van die huweliksmaat gehad het nie. Veral opvallend is die feit dat slegs 14. 3 persent van die vroue hulle mans self, sonder enige bemiddeling van die kant van hulle ouers of ander familielede, gekies het. Nagenoeg die helfte van die vroue het blykbaar geen sê in die keuse van hul huweliksmaats gehad nie.

---

1) Blykbaar speel die kaste nog slegs 'n belangrike rol in die bepaling van wie met wie mag trou. V. S. Naidoo verklaar: „At present, caste plays practically no part in determining the religious life of the people in South Africa, while its influence on social life is negligible. So far, however, intermarriage between differing hereditary castes has been uncommon ........." (6, bl. 577).

TABEL 5.3

KEUSE VAN HUWELIKSMAAT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Keuse van huweliksmaat | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Persoon self | 192 | 38.2 | 82 | 14.3 | 274 | 25.4 |
| Persoon en sy familie | 194 | 38.6 | 217 | 37.8 | 411 | 38.2 |
| Persoon se familie | 117 | 23.3 | 275 | 47.9 | 392 | 36.4 |
| TOTAAL | 503 | 100.0 | 574 | 100.0 | 1077 | 100.0 |

Volgens tabel 5.4 neem die persentasie persone wat geen sê in die keuse van hul wederhelf gehad het nie, in die algemeen toe met stygende ouderdom. 'n Hoë persentasie van die persone in die jongste ouderdomsgroep val ook in dié kategorie, maar hierdie groep, as gevolg van die feit dat vroue vroeër as mans trou, bestaan hoofsaaklik uit vroue wat veel minder as mans oor die keuse van 'n huweliksmaat geraadpleeg word. Die getal persone ouer as 65 jaar is so gering dat geen afleiding ten opsigte van hulle gemaak kan word nie.

TABEL 5.5

KEUSE VAN HUWELIKSMAAT VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Keuse van huweliksmaat | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Persoon self | 206 | 23.4 | 33 | 28.7 | 35 | 42.7 | 274 | 25.4 |
| Persoon en sy familie | 351 | 39.9 | 36 | 31.3 | 24 | 29.3 | 411 | 38.2 |
| Persoon se familie | 323 | 36.7 | 46 | 40.0 | 23 | 28.0 | 392 | 36.4 |
| TOTAAL | 880 | 100.0 | 115 | 100.0 | 82 | 100.0 | 1077 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 5.5 dat relatief meer Christene as Hindoes of Moslems self 'n man of 'n vrou gekies het. Alhoewel die Rooms-Katolieke Indiërs in die ou dae net so min as die ander groepe 'n sê gehad het in die keuse van 'n wederhelf, kom vooraf gereëlde huwelike deesdae selde by hulle voor (4, bl. 78).

TABEL 5.4

KEUSE VAN HUWELIKSMAAT VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Keuse van huweliksmaat | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jaar | | 25-34 jaar | | 35-44 jaar | | 45-54 jaar | | 55-64 jaar | | 65 jaar en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Persoon self | 33 | 26.4 | 128 | 36.5 | 66 | 21.0 | 34 | 18.4 | 9 | 10.7 | 4 | 22.2 | 274 | 25.4 |
| Persoon en sy familie | 44 | 35.2 | 119 | 33.9 | 136 | 43.3 | 79 | 42.7 | 29 | 34.5 | 4 | 22.2 | 411 | 38.2 |
| Persoon se familie | 48 | 38.4 | 104 | 29.6 | 112 | 35.7 | 72 | 38.9 | 46 | 54.8 | 10 | 55.6 | 392 | 36.4 |
| TOTAAL | 125 | 100.0 | 351 | 100.0 | 314 | 100.0 | 185 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,077 | 100.0 |

## 5.5 BEVOLKINGSGROEP WAARAAN EGGENOOT BEHOORT

Die bevolkingsgroep waartoe die eggenote van diegene wat getroud is (of was) behoort, word in tabel 5.6 aangedui.

TABEL 5.6

BEVOLKINGSGROEP WAARAAN EGGENOOT/EGGENOTE BEHOORT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Bevolkingsgroep waaraan eggenoot/eggenote behoort | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Suiwer Indiese afkoms | 497 | 98.8 | 569 | 99.1 | 1066 | 99.0 |
| Ten minste 50% Indiese afkoms | 6 | 1.2 | 4 | 0.7 | 10 | 0.9 |
| Kleurling | - | - | 1 | 0.2 | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 503 | 100.0 | 574 | 100.0 | 1077 | 100.0 |

Slegs 1.0 persent van die Indiërs was nie met persone van „suiwer" Indiërafkoms getroud nie. Al hierdie gevalle was met persone van gemengde afkoms, maar gewoonlik met Indiërbloed in hul are, getroud.

Nieteenstaande die feit dat Indiërs dikwels in betreklike noue kontak met Bantoes en Kleurlinge verkeer, en geen wet hulle verbied om „oor dié rasselyn" te trou nie, trou hulle dus selde met iemand van 'n ander rassegroep. Waar dergelike huwelike voorkom, dra dit nie die goedkeuring van die gemeenskap weg nie.

Hierdie vooroordeel teen gemengde huwelike, aldus H. Kuper, is gebaseer op verskille in taal, godsdiens en gewoontes eerder as op rasseoorweging (5, bl. 116).

Daar moet natuurlik ook in ag geneem word dat huwelike tussen Hindoes en Moslems, en Moslems en Indiërs wat die Christelike geloof aangeneem het, uiters selde voorkom en so ook, in 'n mindere mate, huwelike tussen Hindoes en Christene. Hierbenewens is dit ook iets buitengewoons as persone wat aan verskillende erfkastegroepe behoort, met mekaar trou (6, bl. 577).

## 5.6 VORM VAN HUWELIKSBEVESTIGING

Die wyse waarop die betrokke gevalle se huwelike bevestig is, word in tabel 5.7 volgens godsdiens ontleed.

TABEL 5.7

WYSE WAAROP HUWELIK BEVESTIG IS VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Wyse waarop huwelik bevestig is | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Volgens die Moslemgeloof | - | - | 26 | 22.6 | - | - | 26 | 2.4 |
| Volgens Hindoe-gebruike | 59 | 6.7 | - | - | 1 | 1.2 | 60 | 5.6 |
| Volgens die Christelike geloof | - | - | - | - | 66 | 80.5 | 66 | 6.1 |
| Volgens die Moslemgeloof en deur landdros* | 13 | 1.5 | 88 | 76.5 | - | - | 101 | 9.4 |
| Volgens die Hindoegebruike en deur landdros* | 803 | 91.2 | 1 | 0.9 | 9 | 11.0 | 813 | 75.7 |
| Slegs deur landdros* | 5 | 0.6 | - | - | 6 | 7.3 | 11 | 1.0 |
| TOTAAL | 880 | 100.0 | 115 | 100.0 | 82 | 100.0 | 1077 | 100.0 |

* 'n Landdros of ander gemagtigde beampte.

Die geringe voorkoms van suiwer siviele verbintenisse (slegs 1.0 persent van die huwelike) en die feit dat die oorweldigende meerderheid van die godsdienstige seremonies deur burgerlike seremonies „gewettig" word,[1] val dadelik op. Verder blyk dit dat 6.7 persent van die Hindoe-, 22.6 persent van die Moslemhuwelike en 8.0 persent van al die huwelike, nie ook deur 'n landdros bevestig is nie en dat burgelike huwelike, wat in die totaal selde voorkom, in 7.3 persent van die huwelike van die Christene voorgekom het. Die Christene, wat gewoonlik van Hindoe oorsprong is, sien dus nie altyd die huwelik as 'n heilige verbintenis nie. Vir die Hindoe is die huwelik meer as slegs 'n siviele ooreenkoms (5, bl. 116).

Die huwelike wat alleenlik volgens Hindoe- en Moslemgebruike voltrek is, in totaal 86 of 8.1 persent van die 1,077 huwelike, is waarskynlik nie geregistreer nie, alhoewel slegs 69 of 6.4 persent van die betrokke persone op 'n spesifieke vraag verklaar het dat hulle huwelike nie geregistreer was nie.

Op 'n vraag waarom die betrokke huwelike nie geregistreer is nie, kon meesal geen bevredigende antwoord verstrek word nie. Alhoewel enkele persone beginselbesware geopper het, het die oorweldigende meerderheid eenvoudig verklaar dat hulle geen nut daarin kan sien, of nog nie die geleentheid gehad het om te registreer nie.

---

1) Dit gebeur omdat die godsdienstige leier wat die seremonie waarneem, nie 'n amptelike huweliksbevestiger is nie. Volgens H. Kuper gebeur dit soms dat 'n Hindoepaartjie, as gevolg van armoede, eers die siviele seremonie afhandel en later, as hulle dit kan bekostig, 'n verkorte godsdienstige seremonie deurgaan (5, bl. 167).

Van die geregistreerde huwelike was nagenoeg vyf keer meer binne as buite gemeenskap van goedere.

## 5.7 KINDERS

Die aantal kinders in lewe van die ondersoekgroep word in hierdie afdeling ontleed. Die gegewens dui slegs op die getal kinders van diê deursnit (die steekproef) van die Indiërbevolking in Natal bo vyftien jaar oud. Verdere afleidings, byvoorbeeld insake die vrugbaarheidsyfer, kan beswaarlik gemaak word aangesien heelwat van die steekproefbevolking nog ongetroud is, andere wel getroud is maar nog verdere kinders kan hê, terwyl andere reeds die vrugbaarheidsgrens oorgesteek het en nie meer verdere kinders kan hê nie.

Tabel 5.8 toon die getal lewende eie, stief- en aangenome kinders van die ondersoekgroep afsonderlik aan.

TABEL 5.8

GETAL EIE KINDERS, STIEFKINDERS EN AANGENOME KINDERS WAT LEWE

| Getal | Kinders wat lewe | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Eie kinders | | Stiefkinders | | Aangenome kinders | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 499 | 33.3 | 1,493 | 99.5 | 1,486 | 99.1 |
| 1 | 130 | 8.7 | 2 | 0.1 | 5 | 0.3 |
| 2 | 173 | 11.5 | - | - | 5 | 0.3 |
| 3 | 147 | 9.8 | 2 | 0.1 | 3 | 0.2 |
| Subtotaal | 949 | 63.3 | 1,497 | 99.7 | 1,499 | 99.9 |
| 4 | 128 | 8.5 | - | - | 1 | 0.1 |
| 5 | 115 | 7.7 | 3 | 0.2 | - | - |
| 6 | 116 | 7.7 | - | - | - | - |
| 7-8 | 113 | 7.5 | - | - | - | - |
| 9-10 | 58 | 3.9 | - | - | - | - |
| 11-12 | 15 | 1.0 | - | - | - | - |
| 13 of meer | 6 | 0.4 | - | - | - | - |
| Subtotaal | 551 | 36.7 | 3 | 0.2 | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 1500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Blykens bostaande tabel het 33.3 persent van die proefpersone geen eie kinders in lewe gehad nie, 30.0 persent het van een tot drie gehad en 36.7 persent vier of meer. Indien onthou word dat baie persone in die ondersoekgroep nog nie die vrugbaarheidsgrens

bereik het nie, dui die gegewens in tabel 5.8 op 'n betreklik hoë kindertal. „Indians love children for their own sake, as well as because their presence is a source of pride and fulfilment of religious duties" - aldus G. H. Calpin (1, bl. 115).

Vervolgens blyk dit uit tabel 5.8 dat slegs 'n geringe persentasie (0.4%) van die groep stiefkinders het terwyl 0.9 persent een of meer aangenome kinders het.

H. Kuper verklaar dat aanneming 'n aanvaarde metode is om 'n gesin volledig te maak. Indien 'n egpaar geen of slegs een kind het, of slegs seuns of dogters, kan dit gebeur dat 'n getroude familielid van die man of vrou belowe om hulle volgende baba aan die egpaar te „gee". So 'n kind word soms wettiglik aangeneem of eenvoudig in die huis van sy nuwe ouers opgeneem. Waar 'n kind van nie-verwante persone aangeneem word, geskied dit gewoonlik as die kind nog 'n baba is. Ouers vind dit makliker om afstand van 'n kind te doen as hulle self baie kinders het of as die kind buite-egtelik is (5, bl. 101-102).

Vervolgens word die totale getal kinders in lewe (eie, stief- en aangenome kinders) volgens woonplek ontleed.

TABEL 5.9

TOTALE GETAL LEWENDE KINDERS
VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 336 | 35.6 | 57 | 31.7 | 104 | 27.7 | 497 | 33.1 |
| 1 | 78 | 8.3 | 18 | 10.0 | 30 | 8.0 | 126 | 8.4 |
| 2 | 127 | 13.4 | 16 | 8.9 | 33 | 8.8 | 176 | 11.7 |
| 3 | 86 | 9.1 | 21 | 11.7 | 33 | 8.8 | 140 | 9.3 |
| Subtotaal | 627 | 66.4 | 112 | 62.3 | 200 | 53.3 | 939 | 62.5 |
| 4 | 84 | 8.9 | 18 | 10.0 | 29 | 7.7 | 131 | 8.7 |
| 5 | 65 | 6.9 | 12 | 6.7 | 40 | 10.6 | 117 | 7.8 |
| 6 | 69 | 7.3 | 13 | 7.2 | 35 | 9.3 | 117 | 7.8 |
| 7 - 8 | 57 | 6.0 | 16 | 8.9 | 41 | 10.9 | 114 | 7.6 |
| 9 - 10 | 30 | 3.2 | 7 | 3.9 | 24 | 6.4 | 61 | 4.1 |
| 11 - 12 | 10 | 1.1 | 1 | 0.5 | 3 | 0.8 | 14 | 0.9 |
| 13 of meer | 2 | 0.2 | 1 | 0.5 | 4 | 1.1 | 7 | 0.5 |
| Subtotaal | 317 | 33.6 | 68 | 37.7 | 176 | 46.8 | 561 | 37.4 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 5.10

GETAL EIE KINDERS OORLEDE VOLGENS GETAL EIE KINDERS WAT LEWE INGEDEEL

| Getal eie kinders oorlede | Getal eie kinders wat lewe | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7-8 | | 9-10 | | 11-12 | | 13 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 492 | 98.6 | 115 | 88.5 | 146 | 84.4 | 113 | 76.9 | 81 | 63.3 | 87 | 75.7 | 77 | 66.4 | 63 | 55.8 | 28 | 48.3 | 5 | 33.3 | 3 | 50.0 | 1,210 | 80.7 |
| 1 | 4 | 0.8 | 9 | 6.9 | 13 | 7.5 | 19 | 12.9 | 23 | 18.0 | 17 | 14.8 | 16 | 13.8 | 28 | 24.8 | 16 | 27.6 | 3 | 20.0 | - | - | 148 | 9.9 |
| 2 | 2 | 0.4 | 3 | 2.3 | 9 | 5.2 | 8 | 5.4 | 13 | 10.2 | 6 | 5.2 | 12 | 10.3 | 15 | 13.3 | 7 | 12.1 | 2 | 13.3 | 1 | 16.7 | 78 | 5.2 |
| 3 | 1 | 0.2 | 2 | 1.5 | 3 | 1.7 | 4 | 2.7 | 4 | 3.1 | 3 | 2.6 | 6 | 5.2 | 6 | 5.3 | 4 | 6.9 | 2 | 13.3 | 1 | 16.7 | 36 | 2.4 |
| 4 en meer | - | - | 1 | 0.8 | 2 | 1.2 | 3 | 2.1 | 7 | 5.5 | 2 | 1.7 | 5 | 4.3 | 1 | 0.9 | 3 | 5.1 | 3 | 20.0 | 1 | 16.7 | 28 | 1.8 |
| TOTAAL | 499 | 100.0 | 130 | 100.0 | 173 | 100.0 | 147 | 100.0 | 128 | 100.0 | 115 | 100.0 | 116 | 100.0 | 113 | 100.0 | 58 | 100.0 | 15 | 100.0 | 6 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 5.9 het 'n groter persentasie van die stedelinge as van die dorpsbewoners maar veral diegene op plase geen kinders wat lewe nie. „Groot gesinne" (vier en meer kinders) kom meer op plase (46.8%) as in stede (33.6%) en in dorpe (37.7%) voor.

Die getal eie kinders wat lewe, word in tabel 5.10 ontleed volgens die getal eie kinders wat oorlede is. Nagenoeg 80 persent van die totale groep het geen kinders aan die dood moes afstaan nie. Nege punt nege persent het een kind, 5.2 persent twee, 2.4 persent drie en die res, naamlik 1.8 persent, het vier of meer eie kinders verloor.

Soos verwag kan word, neem die persentasie persone wat minstens een kind verloor het, toe met stygende ouderdom.

## 5.8 HOUDING INSAKE GEBOORTEBEPERKING

Die Westerse opvatting dat 'n klein gesin veral ekonomiese voordele vir die ouer en vir die kind inhou, het, minstens tot onlangs, weinig weerklank in die Indiërgemeenskap gevind. Ondersoekers soos C. A. Woods verklaar egter dat van die Indiërs nou begin besef dat die moontlike toekomstige ekonomiese voordele wat daar in die verdienvermoë van 'n groot gesin mag steek, nie meer so seker is as wat vroeër blykbaar die geval was nie. „Tradition, however, dies hard ........" (3, bl. 102).

Ten spyte van die feit dat Indiërs in die algemeen groot gesinne het, en daar feitlik geen vooroordeel in dié gemeenskap teenoor die groot gesin is nie, is die Indiër in die algemeen nie teen geboortebeperking gekant nie, alhoewel die beperking van 'n gesin tot byvoorbeeld een of twee kinders, soos soms by die Blankes gebeur, sekerlik hoogs uitsonderlik sal wees en nie deur die gemeenskap goedgekeur sal word nie.

Sowel Calpin as Kuper werp lig op die houding van Indiërs insake geboortebeperking. Calpin, wat die houding van Indiërs insake die daarstelling van geboortebeperkingsklinieke bepaal het, verklaar: „I ........ found it generally, if not unanimously, favourable" (1, bl. 116). Kuper, in verband met die Hindoes, bevind dat daar geen verbod deur die gemeenskap op die beperking van die grootte van die gesin is nie „as long as it does not involve acts considered morally degrading and physically harmful." Sy verklaar ook dat daar 'n positiewe reaksie op die instelling van „birth control services" in Durban was[1)] (5, bl. 122-123).

Ook in die huidige ondersoek is daar gepoog om meer lig te werp op die houding van Indiërs oor hierdie aangeleentheid. Elke proefpersoon is gevra of hy of sy van mening is dat Indiërs die grootte van hulle gesinne met behulp van geboortebeperkingsmetodes moet beperk.

---

1) „There is (however) a definite aversion by both men and women to the usual contraceptives" - aldus Kuper (5, bl. 123).

Hierdie vraag is voorafgegaan deur 'n vraag waarin gevra is of, volgens die mening van die proefpersoon, 'n klein gesin ekonomies beter daaraan toe is as 'n groot gesin (waarop onderskeidelik 84.5, 8.8 en 6.7 persent „ja", „nee" en „weet nie" geantwoord het). Die doel van hierdie vraag was onder andere om die proefpersoon voor te berei vir die volgende vraag wat moontlik kon „skok"[1].

Die responsie van die ondersoekgroep op die vraag oor die wenslikheid van geboortebeperking word in tabelle 5.11 tot 5.14 ontleed.

TABEL 5.11

HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Houding | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Wenslik | 605 | 79.8 | 572 | 77.1 | 1177 | 78.5 |
| Onwenslik | 75 | 9.9 | 62 | 8.4 | 137 | 9.1 |
| Weet nie | 78 | 10.3 | 108 | 14.6 | 186 | 12.4 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Volgens tabel 5.11 was meer as driekwart van die ondervraagdes ten gunste van geboortebeperking met die doel om die grootte van gesinne te beperk. Slegs 9.1 persent het hulle teen die gedagte uitgespreek terwyl 12.4 persent geen mening wou waag nie (of moontlik nie die vraag verstaan het nie). Geen opvallende verskille in die responsies van die mans en vroue kom voor nie.

Tabel 5.12 bring aan die lig dat die jonger groepe oor die algemeen meer ten gunste van geboortebeperking is as die ouer, en waarskynlik meer konserwatiewe, groepe. Dit wil dus voorkom asof die verset teen geboortebeperking in die toekoms verder sal verminder.

1) Die presiese bewoording van die vraag lui: „Do you think that Indians should use birth control methods to limit the size of their families?".

TABEL 5.12

HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Houding | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jaar | | 25-34 jaar | | 35-44 jaar | | 45-54 jaar | | 55-64 jaar | | 65 jaar en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wenslik | 406 | 83.7 | 341 | 83.4 | 242 | 76.1 | 127 | 68.3 | 52 | 61.9 | 9 | 50.0 | 1,177 | 78.5 |
| Onwenslik | 33 | 6.8 | 21 | 5.1 | 42 | 13.2 | 28 | 15.1 | 10 | 11.9 | 3 | 16.7 | 137 | 9.1 |
| Weet nie | 46 | 9.5 | 47 | 11.5 | 34 | 10.7 | 31 | 16.7 | 22 | 26.2 | 6 | 33.3 | 186 | 12.4 |
| TOTAAL | 485 | 100.0 | 409 | 100.0 | 318 | 100.0 | 186 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 5.13

HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTE-
BEPERKING VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Houding | GODSDIENS | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wenslik | 954 | 77.9 | 119 | 75.8 | 104 | 88.1 | 1,177 | 78.5 |
| Onwenslik | 108 | 8.8 | 22 | 14.0 | 7 | 5.9 | 137 | 9.1 |
| Weet nie | 163 | 13.3 | 16 | 10.2 | 7 | 5.9 | 186 | 12.4 |
| TOTAAL | 1,225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 5.13 is relatief meer Moslems (14.0%) as Hindoes (8.8%) of Christene (5.9%) teen geboortebeperking gekant.

Die groter mate van teenstand teen geboortebeperking by die Moslems kan waarskynlik aan die feit toegeskryf word dat hulle geloof die beperking van die gesinsgrootte verbied. Nogtans is die meerderheid van die Moslems, volgens tabel 5.13, ten gunste van geboortebeperking en is P. D. Hey waarskynlik korrek as hy beweer: „Even Moslems who, in the mosque, are urged not to practise family limitation, are in fact doing so" (8, bl. 23).

Soos reeds aan die hand van Kuper beweer, is daar geen sanksie teen geboortebeperking by die Hindoes nie.

Ook word geboortebeperking nie deur die Rooms-Katolieke Kerk goedgekeur nie maar T. E. V. Currin verklaar dat Rooms-Katolieke Indiërs dikwels betreklike klein gesinne het en soms die Kerk se standpunt oor geboortebeperking as onredelik verwerp (4, bl. 79).

Tabel 5.14 toon die responsie op die vraag volgens die woonplek van die ondervraagde ingedeel.

Volgens tabel 5.14 is meer persone in die stede as elders ten gunste van geboortebeperking. Relatief tot die grootte van die bevolking, het die meeste persone wat geboortebeperking verwerp, in die dorpe voorgekom.

TABEL 5.14

HOUDING TEN OPSIGTE VAN GEBOORTEBEPERKING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Houding | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Wenslik | 803 | 85.1 | 124 | 68.9 | 250 | 66.5 | 1177 | 78.5 |
| Onwenslik | 70 | 7.4 | 29 | 16.1 | 38 | 10.1 | 137 | 9.1 |
| Weet nie | 71 | 7.5 | 27 | 15.0 | 88 | 23.4 | 186 | 12.4 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

5.9 SOORT HUISHOUDING

Ten slotte word daar kortliks na die soort huishouding wat teëgekom is, verwys. Soos blyk uit tabel 5.15 is geen omvattende ontleding beoog nie.

TABEL 5.15

SOORT HUISHOUDING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Soort huishouding | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Slegs een persoon | 1 | 0.1 | - | - | 1 | 0.3 | 2 | 0.1 |
| Getroude paar | 24 | 2.5 | 6 | 3.3 | 13 | 3.5 | 43 | 2.9 |
| Getroude paar met kinders | 531 | 56.3 | 117 | 65.0 | 257 | 68.3 | 905 | 60.3 |
| Getroude paar met ouers | 5 | 0.5 | 1 | 0.6 | 2 | 0.5 | 8 | 0.5 |
| Getroude paar met kinders en ouers | 46 | 4.9 | 7 | 3.9 | 14 | 3.7 | 67 | 4.5 |
| Ander kombinasies | 337 | 35.7 | 49 | 27.2 | 89 | 23.7 | 475 | 31.7 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1500 | 100.0 |



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

Veral opvallend is die geringe voorkoms van huishoudings wat uit slegs een persoon bestaan. Slegs twee van die 1,500 gevalle, dit wil sê nagenoeg 0.1 persent, het nie saam met ander persone 'n huishouding gevorm nie. H. Kuper verklaar ook dat Indiërs wat op hul eie woon, feitlik nie aangetref word nie en noem die „greater strength among the Indians of joint family ties" as een van die uitstaande kenmerke wat die Indiese gesinstipe onderskei van dié van die ander bevolkingsgroepe wat in dieselfde ekonomiese omstandighede en in stedelike omgewings woon (5, bl. 96).

Ook is die persentasie van die huishoudings wat slegs uit 'n getroude paar sonder kinders bestaan, naamlik 2.9 persent, betreklik laag. In die eerste jare na die huwelik, is die man en vrou lede van 'n saamgestelde familie en indien hulle die begeerte sou koester om op hulle eie te gaan woon, word dit as „asosiaal" en moreel nie geregverdig nie deur die gemeenskap beskou (5, bl. 133).

Verder toon die tabel dat onderskeidelik 60.3, 0.5 en 4.5 persent van die huishoudings uit 'n getroude paar met kinders bestaan, 'n getroude paar sonder kinders maar met een of meer ouers, of 'n getroude paar met kinders en inwonende ouers. Die res, naamlik 31.6 persent, is teenoor „ander kombinasies", dit wil sê byvoorbeeld 'n egpaar, met van hulle broers en susters en kinders, ingedeel.

Ten slotte toon tabel 5.15 dat samegestelde families meer dikwels in die stede as elders voorkom. Terwyl slegs 56.3 persent van die stedelike huishoudings uit nukleêre gesinne bestaan, is die ooreenstemmende persentasies by die dorps- en plaasbewoners onderskeidelik 65.0 en 68.3 persent.



36366

# HOOFSTUK 6

## BEROEPSAANGELEENTHEDE

### 6.1 INLEIDING

Verreweg die meeste Indiërs wat hulle in Natal gevestig het, het as arbeiders of as handelaars na Suid-Afrika gekom. „One of the most unfortunate things about the coming of Indians is that the country did not receive a representative cross-section of India ........ Indians were conspicuously coolies or conspicuously traders ......" - aldus G.H. Calpin (1, bl. 117).

Onder andere as gevolg van die opkoms van sekondêre nywerhede, het die arbeidsveld van Indiërs met verloop van tyd aansienlik verbreed. Tans is die Indiërs redelik eweredig versprei in geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde beroepe met nagenoeg 'n derde van die arbeidsmag in elke kategorie. Die Indiërs bevind hulle dus, in hierdie opsig, in 'n beter posisie as die Kleurlinge en Bantoes aangesien die meeste werkers in laasgenoemde bevolkingsgroepe nog op ongeskoolde werk aangewese is (2, bl. 86).

### 6.2 BEROEP

Die ondersoekgroep word in tabel 6.1 in verskeie beroepsgroepe ingedeel.

Soos verwag kan word, is die grootste enkele groep huisvroue (42.8%). Ander groepe wat redelik goed verteenwoordig is, is voltydse studente en skoliere (8.9%), ongeskoolde werkers[1)] (8.5%), semi-professionele werkers[2)] (7.1%), persone wat 'n eie besigheid het of vir hulle eie rekening werk[3)] (6.0%) en die werkloses[4)] (6.1%).

---

1) Arbeiders in die handel, nywerhede en ander sektore maar met uitsluiting van landbouarbeiders.

2) Byvoorbeeld boekhouers, klerke, tiksters en verkoopsmanne.

3) Byvoorbeeld winkeliers wat hulle eie besighede besit, asook smouse. Self-geëmplojeerde boere is ook in hierdie groep ingedeel.

4) Werkloses is persone wat nie werk nie, kan werk en in 'n mindere of meerdere mate aktief na werk soek.

TABEL 6.1

BEROEP VOLGENS GESLAG

INGEDEEL

| Beroep | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Huisvroue | - | - | 642 | 86.6 | 642 | 42.8 |
| Persone wat 'n eie besigheid het | 84 | 11.1 | 6 | 0.8 | 90 | 6.0 |
| Plaasarbeiders | 54 | 7.1 | 2 | 0.3 | 56 | 3.7 |
| Ongeskoolde werkers | 108 | 14.2 | 19 | 2.6 | 127 | 8.5 |
| Halfgeskoolde werkers | 52 | 6.9 | 8 | 1.1 | 60 | 4.0 |
| Halfgeskoolde vakmanne | 23 | 3.0 | - | - | 23 | 1.5 |
| Geskoolde vakmanne | 18 | 2.4 | - | - | 18 | 1.2 |
| Werkers in vervoer- en afleweringsdienste | 43 | 5.7 | - | - | 43 | 2.9 |
| Persoonlike dienswerkers | 29 | 3.8 | 6 | 0.8 | 35 | 2.3 |
| Semi-professionele werkers | 98 | 12.9 | 9 | 1.2 | 107 | 7.1 |
| Professionele en tegniese werkers | 29 | 3.8 | 9 | 1.2 | 38 | 2.5 |
| Persone wat nie kan of nie nodig het om te werk nie | 31 | 4.1 | 4 | 0.5 | 35 | 2.3 |
| Voltydse studente en skoliere | 104 | 13.7 | 30 | 4.0 | 134 | 8.9 |
| Werklose persone | 85 | 11.2 | 7 | 0.9 | 92 | 6.1 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die plaasarbeiders[1] (3.7%), halfgeskoolde werkers[2] (4.0%), halfgeskoolde vakmanne[3] (1.5%), geskoolde vakmanne[4] (1.2%), werkers in vervoer- en afleweringsdienste[5] (2.9%), persoonlike dienswerkers[6] (2.3%) en professionele en tegniese werkers[7] (2.5%) het betreklik min voorgekom. 'n Geringe persentasie (2.3%) het verklaar dat hulle afgetredenes is, of weens siekte of fisiese gebreke, nie in staat is om te werk nie.

Die meeste mans is selfgeëmplojeerdes (11.1%), ongeskoolde werkers (14.2%), semi-professionele werkers (12.9%), voltydse studente en skoliere (13.7%) en werkloses (11.2%). Die betreklike lae persentasie landbouers toon dat die landbou vandag - in teenstelling met die toestand etlike dekades gelede en veral in die vorige eeu - 'n betreklik onbelangrike rol as werkgewer ten opsigte van die Indiërgemeenskap speel.

Wat die vroue betref, blyk dit dat 86.6 persent huisvroue is. Slegs nagenoeg 9 persent van die vroue het op die arbeidsmark meegeding, meesal as ongeskoolde werkers (28.8% van diegene wat wel op die arbeidsmark meeding), semi-professionele en professionele en tegniese werkers (13.6% van diegene wat op die arbeidsmark meeding in beide gevalle).

Die geringe aantal Indiërvroue in die arbeidsmag kan toegeskryf word aan die feit dat die meisie, tussen puberteit en haar huwelik, tuis moet bly (3, bl. 45) en dit as 'n skande vir die man beskou word as sy vrou moet gaan werk. „No matter how poor the family may be, a wife is not supposed to sell her labour on the open market. To do so, indicates that the husband is unable to look after her properly; and the whole family loses respect in the eyes of the community" (5, bl. 118). Ook word van die veronderstelling uitgegaan dat die „goeie" vrou geen begeerte sal koester om buite die huis te werk nie (5, bl. 119).

C. A. Woods het verklaar dat daar tans weinig tekens van 'n aansienlik toename in die getal werkende Indiërvroue is (3, bl. 45).

---

1) Plaasarbeiders sluit selfgeëmplojeerde plaaswerkers uit.

2) Byvoorbeeld masjienoperateurs in fabrieke.

3) Persone wat gewoonlik die werk van vakmanne verrig, soos byvoorbeeld verwers en messelaars, maar wat nie 'n vakleerlingskap deurloop het nie.

4) Messelaars, motorwerktuigkundiges en ander vakmanne wat hul vakleerlingskap deurloop het.

5) Vragmotor-, taxi- en busbestuurders, kondukteurs, en so meer, maar nie persone wat vir eie rekening werk nie.

6) Byvoorbeeld tafelbediendes, kokke en huisbediendes.

7) Byvoorbeeld onderwysers, medici en maatskaplike werksters.

Veral in landelike omgewings word daar soms vroue aangetref wat saam met die mans en kinders op die lande werk en help om hulle produkte te verkoop. In die stede kan vroue ook deur tuisnywerhede te beoefen, help om die inkomste aan te vul. Vroue wat weens armoede noodwendig buite die huis moet werk, word deur die gemeenskap bejammer (5, bl. 119).

Vroue wat oor gevorderde opvoedkundige kwalifikasies beskik, veral diegene wat vir 'n spesifieke professie opgelei is, word egter, soos ook blyk uit tabel 6.1, in die algemeen toegelaat om selfs ná die huwelik te werk. Hierdie „vergunning" word veral aan die Christen- en Hindoevroue, en veral die Tamil- en Hindisprekendes - maar nie die Gujurati- en Moslemvroue nie - verleen. Vroue-medici en regsgeleerdes sowel as goed gekwalifiseerde onderwyseresse is veral geneigd om na die huwelik te werk. Moslem- en Gujuratisprekende Hindoevroue help soms in die winkels van hulle mans, maar sal selde na hulle huwelik in 'n beroep aangetref word (8, bl. 22-23).

Die ondersoekgroep word in tabel 6.2 volgens beroep en ouderdom ingedeel. Diegene wat nie op die arbeidsmark meeding nie, is in hierdie, sowel as in sekere van die tabelle wat volg, uitgesluit.

Enkele interessante tendense kom aan die lig.

Eerstens blyk dit dat die persentasie persone wat 'n eie onderneming het, toeneem met stygende ouderdom. Die jongmense, wat nie oor die nodige kapitaal en ervaring beskik nie, vind dit natuurlik moeilik om met 'n eie onderneming te begin en hierbenewens huiwer hulle moontlik om, soos baie van die ouer garde, smouse te word.

Tweedens word opgemerk dat die persentasie landbouwerkers toeneem met stygende ouderdom. Die jongmense, met hulle relatief hoë opvoedkundige kwalifikasies, is blykbaar nie baie geneë om in die landbou te werk nie.

Derdens blyk dit dat die persentasie semi-professionele werkers daal met stygende ouderdom wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die feit dat persone in die jonger kategorieë, oor hoër opvoedkundige kwalifikasies as die ouer deel van die bevolking beskik.

Ten opsigte van die ander beroepsgroepe word geen duidelike tendense waargeneem nie. Die betreklik lae persentasie professionele en tegniese werkers in die jongste groep, kan toegeskryf word aan die feit dat heelwat van hierdie persone hulle nog voorberei vir 'n professie, maar nog nie toegetree het tot die beroepslewe nie.

Die beroepe van die ondersoekgroep word ook met die onderwyspeil in verband gebring (tabel 6.3).

Die grootste persentasie van die groep persone wat nooit op skool was nie, het as ongeskoolde werkers (27.9%) of as plaasarbeiders (25.3%) 'n heenkome gevind.

Die grootste enkele persentasies van die persone wat hoogstens standerd drie (21.7%) en slegs standerd vier of vyf (23.6%) geslaag het, was ook op ongeskoolde werk buite die landbou aangewese.

TABEL 6.2

BEROEP VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Beroep | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Persone wat 'n eie besigheid het | 10 | 6.6 | 19 | 9.3 | 28 | 16.1 | 22 | 19.3 | 10 | 24.4 | 1 | 33.3 | 90 | 13.1 |
| Plaasarbeiders | 8 | 5.3 | 12 | 5.9 | 17 | 9.8 | 12 | 10.5 | 7 | 17.1 | - | - | 56 | 8.1 |
| Ongeskoolde werkers | 36 | 23.7 | 31 | 15.1 | 26 | 14.9 | 25 | 21.9 | 8 | 19.5 | 1 | 33.3 | 127 | 18.4 |
| Halfgeskoolde werkers | 12 | 7.9 | 24 | 11.7 | 18 | 10.3 | 5 | 4.4 | 1 | 2.4 | - | - | 60 | 8.7 |
| Halfgeskoolde vakmanne | 5 | 3.3 | 6 | 2.9 | 6 | 3.4 | 4 | 3.5 | 2 | 4.9 | - | - | 23 | 3.3 |
| Geskoolde vakmanne | 4 | 2.6 | 8 | 3.9 | 4 | 2.3 | 2 | 1.8 | - | - | - | - | 18 | 2.6 |
| Werkers in vervoer- en afleweringsdienste | 4 | 2.6 | 14 | 6.8 | 14 | 8.1 | 10 | 8.8 | 1 | 2.4 | - | - | 43 | 6.2 |
| Persoonlike dienswerkers | 5 | 3.3 | 12 | 5.9 | 11 | 6.3 | 6 | 5.3 | 1 | 2.4 | - | - | 35 | 5.1 |
| Semi-professionele werkers | 29 | 19.1 | 35 | 17.1 | 28 | 16.1 | 11 | 9.6 | 4 | 9.8 | - | - | 107 | 15.5 |
| Professionele en tegniese werkers | 5 | 3.3 | 21 | 10.2 | 8 | 4.6 | 3 | 2.6 | - | - | 1 | 33.3 | 38 | 5.5 |
| Werklose persone | 34 | 22.4 | 23 | 11.2 | 14 | 8.1 | 14 | 12.3 | 7 | 17.1 | - | - | 92 | 13.4 |
| TOTAAL | 152 | 100.0 | 205 | 100.0 | 174 | 100.0 | 114 | 100.0 | 41 | 100.0 | 3 | 100.0 | 689 | 100.0 |

TABEL 6.3

BEROEP VOLGENS OPVOEDKUNDIGE PEIL

INGEDEEL

| Beroep | Opvoedkundige peil | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Was nooit op skool | | Onder st. 4 | | St. 4 of st. 5 | | St. 6 of st. 7 | | St. 8 of st. 9 | | St. 10 | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Persone wat 'n eie besigheid het | 12 | 15.2 | 18 | 15.7 | 25 | 12.6 | 22 | 10.8 | 12 | 20.3 | 1 | 2.9 | 90 | 13.1 |
| Plaasarbeiders | 20 | 25.3 | 17 | 14.8 | 14 | 7.0 | 4 | 2.0 | 1 | 1.7 | - | - | 56 | 8.1 |
| Ongeskoolde werkers | 22 | 27.9 | 25 | 21.7 | 47 | 23.6 | 31 | 15.3 | 2 | 3.4 | - | - | 127 | 18.4 |
| Halfgeskoolde werkers | 3 | 3.8 | 9 | 7.8 | 24 | 12.1 | 21 | 10.3 | 3 | 5.1 | - | - | 60 | 8.7 |
| Halfgeskoolde vakmanne | 3 | 3.8 | 4 | 3.5 | 7 | 3.5 | 7 | 3.4 | 1 | 1.7 | 1 | 2.9 | 23 | 3.3 |
| Geskoolde vakmanne | - | - | 4 | 3.5 | 7 | 3.5 | 7 | 3.4 | - | - | - | - | 18 | 2.6 |
| Werker in vervoer- en afleweringsdienste | - | - | 12 | 10.4 | 16 | 8.0 | 15 | 7.4 | - | - | - | - | 43 | 6.2 |
| Persoonlike dienswerkers | 5 | 6.3 | 9 | 7.8 | 9 | 4.5 | 12 | 5.9 | - | - | - | - | 35 | 5.1 |
| Semi-professionele werkers | 2 | 2.5 | 7 | 6.1 | 19 | 9.6 | 45 | 22.2 | 29 | 49.2 | 5 | 14.7 | 107 | 15.5 |
| Professionele en tegniese werkers | 1 | 1.3 | - | - | 1 | 0.5 | 3 | 1.5 | 7 | 11.9 | 26 | 76.5 | 38 | 5.5 |
| Werkloos | 11 | 13.9 | 10 | 8.7 | 30 | 15.1 | 36 | 17.7 | 4 | 6.8 | 1 | 2.9 | 92 | 13.4 |
| TOTAAL | 79 | 100.0 | 115 | 100.0 | 199 | 100.0 | 203 | 100.0 | 59 | 100.0 | 34 | 100.0 | 689 | 100.0 |

By diegene wat standerd ses of sewe geslaag het, word meer semi-professionele (22. 2%) as ongeskoolde werkers (15. 3%) aangetref. Nagenoeg 70 persent van die groep wat standerd agt of nege geslaag het, was semi-professionele werkers (49. 2%) en self-geëmplojeerdes (20. 3%). Die oorweldigende meerderheid van diegene in die hoogste opvoedkundige groep was professionele en tegniese werkers (76. 5%) en semi-professionele werkers (14. 7%).

Dit blyk dus duidelik dat daar geleenthede vir Indiërs met 'n relatief hoë opvoedkundige peil is om, wat beroepstatus betref, bo die gemiddelde uit te styg. Meer as die helfte van die persone wat minstens standerd agt geslaag het, was „witboordjiewerkers".

## 6. 3 DEELTYDSE WERK

Daar is 'n poging aangewend om te bepaal wat die omvang van deeltydse werk is, wat, benewens vir die hoofberoep, onderneem word.

Die omvang was nie so groot as wat verwag is nie. Slegs 2. 1 persent van die totale groep, en onderskeidelik 3. 3 en 0. 8 persent van die mans en vroue, het verklaar dat hulle deeltydse werk doen ten einde hulle inkomste aan te vul.

## 6.4 MAANDE NORMAALWEG PER JAAR GEWERK

Van diegene wat tydens die opname gewerk het, het 93. 5 persent verklaar dat hulle in 'n beroep is waarin hulle normaalweg die hele jaar geëmplojeer word. Twee punt twee persent het verklaar dat hulle, uit die aard van hul beroep, nie die hele jaar nie, maar minstens tien maande per jaar, werk; 1. 5 persent werk van agt tot tien maande per jaar terwyl die res, naamlik 2. 7 persent, normaalweg minder as agt maande per jaar werk.

Die persone wat nie dwarsdeur die jaar werk nie, sluit hoofsaaklik seisoenwerkers in.

## 6. 5 WERKLOOSHEID

Vir die doel van hierdie ondersoek is 'n werklose gedefinieer as 'n persoon wat nie werk nie, kan werk en min of meer aktief na werk soek.[1] Daar word geredelik toege-

1) Die omskrywing verskil dus van die amptelike definisie van die Departement van Arbeid wat onder andere bepaal dat 'n werklose hom, as sodanig, by die Departement moet registreer. Hierdie Departement se standpunt is dat die enigste daadwerklike manier waardeur bewys gelewer kan word dat 'n persoon werkloos is en aktief werk soek, registrasie by die Departement van Arbeid is.

gee dat die toepassing van die definisie in die praktyk probleme opgelewer het[1]) en enige raming van die totale omvang van werkloosheid onder die Indiërs in Natal moet met hierdie feit rekening hou.[2])

Uit die voorgaande tabelle het reeds geblyk dat 6.1 persent van die totale groep of 13.4 persent van diegene wat op die arbeidsmark meeding (waaronder ook die werkloses getel word), werkloos is. Verder blyk dit dat 85 van die 92 werkloses, dit wil sê net meer as 90 persent, mans is (tabel 6.1); dat 22.4 persent van diegene in die groep van 15 tot 24 jaar wat op die arbeidsmark meeding, werkloos is, en dat die persentasie dan afneem met stygende ouderdom tot 8.1 persent van die groep tussen 35 en 44 jaar en daarna weer toeneem tot 17.1 persent by diegene wat tussen 55 en 64 jaar oud is (tabel 6.2) en dat werkloosheid minder voorkom by diegene wat minstens standerd agt geslaag het as by diegene wat oor laer kwalifikasies beskik (tabel 6.3).

In tabel 6.4 word getoon hoe lank die werklose persone reeds werkloos was.

---

1) Dit is byvoorbeeld baie moeilik om soms te oordeel of 'n vrou, volgens die definisie, werkloos is al dan nie. Hoewel relatief min Indiërvroue hulle op die arbeidsmark begewe, is daar tog vroue wat nie werk nie en te kenne gee dat hulle werk soek. Hierdie vroue is egter dikwels nie bereid om enige soort werk, of werk wat normaalweg deur Blanke- en Kleurlingvroue gedoen word, te aanvaar nie. Ook gebeur dit dikwels dat mans wat loswerk doen, hulleself as werkloses beskou aangesien hulle nie permanente en meer lonende werk kan bekom nie. Streng gesproke is hierdie persone nie werkloses nie maar ondergeëmplojeerdes. Die moontlikheid is dus nie uitgesluit nie dat sommige persone as werkloses geklassifiseer is wat nie werksoekers ingevolge die Wet op Registrasie vir Werk (Wet nr. 34 van 1945) is nie en dit is selfs ook moontlik dat sommige persone wat wel met die een of ander winsgewende bedryf besig is, ook as werkloos ingedeel is.

2) Tans word daar in die Buro aan 'n ander ondersoek insake die arbeidspatroon van Indiërs in Natal gewerk wat meer lig op die omvang van werkloosheid sal werp.

TABEL 6.4

TYDPERK WERKLOOS VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Tydperk werkloos | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 14 dae | 2 | 2.4 | 1 | 14.3 | 3 | 3.3 |
| 14-29 dae | 3 | 3.5 | - | - | 3 | 3.3 |
| 1-2 maande | 6 | 7.1 | - | - | 6 | 6.5 |
| 3-4 maande | 15 | 17.6 | 1 | 14.3 | 16 | 17.4 |
| 5-6 maande | 11 | 12.9 | 2 | 28.6 | 13 | 14.1 |
| 7-11 maande | 11 | 12.9 | - | - | 11 | 12.0 |
| 1 jr - 1 jr 11 mnde | 10 | 11.8 | 2 | 28.6 | 12 | 13.0 |
| 2 jaar en langer | 27 | 31.8 | 1 | 14.3 | 28 | 30.4 |
| TOTAAL | 85 | 100.0 | 7 | 100.0 | 92 | 100.0 |

Dit wil uit tabel 6.4 voorkom asof baie van die werkloses as „kroniese" werkloses beskou kan word. So blyk dit byvoorbeeld dat 69.5 persent van die werkloses reeds vir tydperke van minstens vyf maande werkloos was terwyl 30.4 persent reeds vir meer as twee jaar werkloos was.

Geoordeel aan die tydperk werkloos, is daar waarskynlik heelwat van die werkloses, en veral onder diegene wat vir langer as 'n jaar werkloos was, wat nie baie begerig is om te werk nie of baie kieskeurig is ten opsigte van die werk wat hulle bereid is om te aanvaar.

Volgens tabel 6.5 is die meeste van die werkloses ouer as 45 jaar reeds vir minstens een jaar werkloos en dit is opvallend dat meer as 70 persent van die klein groepie werkloses ouer as 55 jaar, reeds vir minstens twee jaar werkloos is. Moontlik vind die ouer Indiërwerker, soos ook die ouerwordende Blanke dit moeilik om, as gevolg van vooroordeel, werk te bekom en is die ouer werker, weens sy afnemende liggaamskragte, nie in staat om op die arbeidsmark met jonger en lewenskragtiger werkers mee te ding nie - veral as onthou word dat daar heelwat Indiërwerkloses is wat meeding om 'n betreklike klein getal vakatures. Voorts is die moontlikheid ook nie uitgesluit dat heelwat van hierdie ouer werkers reeds gedeeltelik afgetree het en nie meer baie begerig is om te werk nie en beslis nie enige werk wat hulle aangebied word, sal aanvaar nie.

Weens die geringe getalle in tabel 6.5, sou verdere afleidings moontlik gewaagd wees maar dit is tog opvallend dat meer as 'n derde van die werkers in die kategorie 15 tot 24 jaar reeds vir minstens een jaar werkloos is. Alhoewel die jeugdigheid van sommige

TABEL 6.5

TYDPERK WERKLOOS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Tydperk werkloos | Ouderdom | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15 - 24 jr. | | 25 - 34 jr. | | 35 - 44 jr. | | 45 - 54 jr. | | 55 - 64 jr. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as 14 dae | 2 | 5.9 | - | - | - | - | 1 | 7.1 | - | - | 3 | 3.3 |
| 14 - 29 dae | 1 | 2.9 | 1 | 4.4 | - | - | - | - | 1 | 14.3 | 3 | 3.3 |
| 1 - 2 maande | 1 | 2.9 | 3 | 13.0 | 2 | 14.3 | - | - | - | - | 6 | 6.5 |
| 3 - 4 maande | 2 | 5.9 | 5 | 21.7 | 5 | 35.7 | 3 | 21.4 | 1 | 14.3 | 16 | 17.4 |
| 5 - 6 maande | 9 | 26.5 | 2 | 8.7 | - | - | 2 | 14.3 | - | - | 13 | 14.1 |
| 7 - 11 maande | 6 | 17.6 | 2 | 8.7 | 3 | 21.4 | - | - | - | - | 11 | 12.0 |
| 1 jr. - 1 jr. 11 mnde. | 4 | 11.8 | 5 | 21.7 | 1 | 7.1 | 2 | 14.3 | - | - | 12 | 13.0 |
| 2 jr. en langer | 9 | 26.5 | 5 | 21.7 | 3 | 21.4 | 6 | 42.9 | 5 | 71.4 | 28 | 30.4 |
| TOTAAL | 34 | 100.0 | 23 | 100.0 | 14 | 100.0 | 14 | 100.0 | 7 | 100.0 | 92 | 100.0 |

van hierdie persone hul toetrede tot die arbeidsmag mag bemoeilik, is dit te betreur dat so baie van hierdie persone, in 'n fase waartydens goeie werkgewoontes in die persoonlikheid vasgelê moet word, vir lang tydperke werkloos is.

S. Cooppan, wat die toetrede van die Indiërjeug tot die arbeidsmag bestudeer het, verklaar soos volg: „The outstanding experience of most of these young people appears to have been the difficulty of getting employment in a market already saturated with adult unemployed ........... After varying periods of unemployment four-fifths of the subsample had found relatively permanent or temporary jobs at the time of the interview, which took place 11 to 30 months since they had left school; and, one-fifth had been out of work all the time. Before they got their first jobs the average waiting time was about six months. Prolonged education made virtually no difference between Standard VIII and X but there was a little advantage over Standard VI. The initial unemployment was seldom due to job selectivity on the part of the school leavers because nine-tenths took the very first job offered to them" (14, bl. 270).

Die werkloses het ook redes verstrek waarom hulle hul werk verloor het. Hierdie redes verskyn in tabel 6. 6.

TABEL 6. 6

REDE WAAROM PERSOON SY WERK VERLOOR HET VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Rede | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Werkloos en het nooit voorheen gewerk nie | 19 | 22.4 | 2 | 28.6 | 21 | 22.8 |
| Ontslaan omdat daar nie meer werk was nie | 37 | 43.5 | 3 | 42.9 | 40 | 43.5 |
| Ontslaan weens hoë ouderdom, afnemende kragte of siekte | 15 | 17.6 | - | - | 15 | 16.3 |
| Om 'n ander rede ontslaan (bv. onbevredigende diens) | 6 | 7.1 | - | - | 6 | 6.5 |
| Self bedank | 2 | 2.4 | 2 | 28.6 | 4 | 4.4 |
| Ander rede | 6 | 7.1 | - | - | 6 | 6.5 |
| TOTAAL | 85 | 100.0 | 7 | 100.0 | 92 | 100.0 |

Die grootste enkele groep werkloses het verklaar dat hulle hul werk verloor het omdat daar nie meer werk vir hulle was nie (43. 5%). Die res het nog nooit gewerk nie (22. 8%), is weens ouderdom of siekte ontslaan (16. 3%), is om „ander" redes, byvoor-

beeld as gevolg van die lewering van onbevredigende diens, ontslaan (6.5%), was om die een of ander rede ontevrede met hulle werk en het self hul werk bedank (4.4%) terwyl 6.5 persent diverse ander redes aangevoer het.

Die getalle ten opsigte van die vroue is te gering om afleidings te regverdig maar dit blyk dat die grootste enkele persentasie van die vroue, soos in die geval van die mans, ook afgedank is omdat daar nie meer werk vir hulle was nie. [1)]

Daar is ook vasgestel watter soort beroep beoefen is alvorens die tydperk van werkloosheid ingetree het. Hierdie beroepe word in tabel 6.7 getabelleer.

Volgens tabel 6.7 was die grootste enkele groep werkloses arbeiders (31.5%) net voordat hulle werkloos geword het. Benewens diegene wat nooit voorheen gewerk het nie (22.8%), was die verkoopswerkers (9.8%) kokke, kelners en verwante werkers (6.5%) en klerke (4.3%) die sterkste onder die werkloses verteenwoordig.

Ietwat meer as 50 persent van die werklose mans en sowat 40 persent van die werklose vroue het verklaar dat hulle by die Departement van Arbeid as werkloses geregistreer is. Van die totale groep werkloses, was 53.3 persent geregistreer. Werkloses wat by private werkverskaffingsburo's geregistreer was, is nie in die steekproefbevolking aangetref nie.

Agtien punt agt persent van die werklose mans en 28.6 persent van die werklose vroue het verklaar dat hulle gelde uit die werkloosheidsvoorsieningsfonds ontvang. Verreweg die meeste van die mans het bedrae wat van R3 tot R10 per week gewissel het, ontvang.

Daar is ook vasgestel hoeveel werkloses in die steekproefhuishoudings voorgekom het. Die 92 werkloses wat reeds in hierdie afdeling ontleed is, word ook by tabelle 6.8 en 6.9, waarin die voorkoms van werklose mans en vroue afsonderlik aangedui word, ingesluit.

---

1) Die redes wat die werkloses vir hul werkloosheid aangevoer het, is nie, byvoorbeeld deur hulle vorige werkgewers te nader, geverifieer nie.

TABEL 6.7

SOORT WERK GEDOEN NET VOORDAT PROEFPERSOON WERKLOOS GEWORD HET, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Beroep | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Werkloos en het nooit voorheen gewerk nie | 19 | 22.4 | 2 | 28.6 | 21 | 22.8 |
| Verkoopsman | 9 | 10.6 | - | - | 9 | 9.8 |
| Arbeider | 26 | 30.6 | 3 | 42.9 | 29 | 31.5 |
| Boekhouer | 2 | 2.3 | - | - | 2 | 2.2 |
| Kroegman | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Kok, kelner, ens. | 6 | 7.1 | - | - | 6 | 6.5 |
| Klerk | 4 | 4.7 | - | - | 4 | 4.3 |
| Vakman in boubedryf | 2 | 2.3 | - | - | 2 | 2.2 |
| Perser | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Breier | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Werker in motorbedryf | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Kabinetmaker | 2 | 2.3 | - | - | 2 | 2.2 |
| Werker in vervoerwese | 3 | 3.5 | - | - | 3 | 3.2 |
| Skilder | 3 | 3.5 | - | - | 3 | 3.2 |
| Huisbediende | - | - | 1 | 14.3 | 1 | 1.1 |
| Kleremaker | 2 | 2.3 | - | - | 2 | 2.2 |
| Metaalhandelaar | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Bootman | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Buskondukteur | 1 | 1.2 | - | - | 1 | 1.1 |
| Onderwyser | - | - | 1 | 14.3 | 1 | 1.1 |
| TOTAAL | 85 | 100.0 | 7 | 100.0 | 92 | 100.0 |

TABEL 6.8

GETAL MANS IN HUISHOUDING WERKLOOS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal mans in huishouding werkloos | Woonplek | | | | | | Woonplek | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 774 | 82.0 | 156 | 86.7 | 338 | 89.9 | 1,268 | 84.5 |
| 1 | 148 | 15.7 | 23 | 12.8 | 35 | 9.3 | 206 | 13.7 |
| 2 | 19 | 2.0 | 1 | 0.6 | 3 | 0.8 | 23 | 1.5 |
| 3 | 3 | 0.3 | - | - | - | - | 3 | 0.2 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 6.8 is daar geen werklose mans in 84.5 persent van die 1,500 steekproefhuishoudings nie. In 13.7, 1.5 en 0.2 persent is daar onderskeidelik een, twee of drie werklose mans. Meer huishoudings met werklose mans het in die stede (18.0%) as in die dorpe (13.4%) maar veral op die plase (10.1%) voorgekom.

TABEL 6.9

GETAL VROUE IN HUISHOUDING WERKLOOS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal vroue in huishouding werkloos | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 898 | 95.1 | 175 | 97.2 | 373 | 99.2 | 1446 | 96.4 |
| 1 | 35 | 3.7 | 3 | 1.7 | 3 | 0.8 | 41 | 2.7 |
| 2 | 11 | 1.2 | 2 | 1.1 | - | - | 13 | 0.9 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Blykens tabel 6.9 het werklose vroue in slegs 3.6 persent van die huishoudings voorgekom. In die stede, in dorpe en op plase kom hierdie syfers op onderskeidelik 4.9, 2.8 en 0.8 persent te staan.

Tydens die opname is ook vasgestel hoeveel persone ouer as 15 jaar daar in elke huishouding was. Die totale getal in die 1, 500 huishoudings kom op 6, 304 te staan. Uit tabelle 6. 8 en 6. 9 kan daar bereken word dat daar 'n totaal van 328 werkloses (261 mans en 67 vroue) in die steekproefhuishoudings voorgekom het. Vyf punt twee persent van die persone bo 15 jaar in die huishoudings was dus werkloos. Volgens tabel 6. 1 was ietwat meer van die steekproefbevolking van 1, 500 persone, naamlik 6. 1 persent, werkloos. Die eersgenoemde persentasie (5. 2.) is moontlik meer betroubaar as laasgenoemde (6. 1%) aangesien dit op 'n groter steekproef gebaseer is (6, 304 teenoor 1, 500 persone). Ook is dit moontlik dat werkloses in die ondersoekgroep van 1, 500 persone ietwat oorverteenwoordig is omdat die kans beter was om werkloses tuis aan te tref as werkers wat soms eers laat in die aande tuis kom.

Uit bogenoemde gegewens is dit ook moontlik om die totale getal werklose Indiërs in Natal te raam.

Alhoewel daar nie tydens die ondersoek bepaal is hoeveel van die 6, 304 persone in die steekproefbevolking mans en hoeveel vroue is nie, kan die getal mans op 3, 209 en die vroue op 3, 095 geraam word.[1] Indien die 261 werklose mans en 67 werklose vroue in die huishoudings as persentasies van die geraamde getal mans en vroue wat in die huishouding voorkom, uitgedruk word, kom die syfers op 8. 13 (die persentasie werklose mans in die manlike bevolking van 15 jaar en ouer) en 2. 16 (die persentasie werklose vroue in die vroulike bevolking ouer as 15 jaar) te staan.

In 1960, toe die jongste bevolkingsensus plaasgevind het, was daar 110, 642 Indiërmans en 106, 761 Indiërvroue[2] van ouer as 15 jaar in Natal woonagtig (15, bl. 55). Indien 8. 13 persent van die 110, 642 Indiërmans werkloos is, kom die totale getal Indiërmans bo 15 jaar wat werkloos is op 8, 995 te staan. Volgens dieselfde metode bereken, is daar 2, 306 werklose Indiërvroue bo 15 jaar in Natal.

Aangesien die Indiërbevolking in die Republiek in die tydperk 1960 (toe die laaste sensusopname gehou is) tot middel 1963 (toe die veldwerk vir hierdie opname gedoen is) aansienlik toegeneem het, is die geraamde getal werkloses in die voorgaande paragraaf - aan die hand van die beskikbare gegewens - eintlik 'n onderskatting van die omvang van werkloosheid in Natal ten tyde van die ondersoek. Indien die natuurlike aanwas van die Indiërbevolking in die Republiek in bogenoemde tydperk by die totale getal Indiërs in die Republiek soos tydens die sensusopname bepaal, getel word, is die Indiërbevolking in 1963 ongeveer 10 persent groter as in 1960. Indien hierdie toename oorgedra word op die geraamde getal werkloses, was daar, tydens die opname, sowat 9, 900 werklose

---

1) Volgens sensusgegewens vir 1960 was onderskeidelik 50. 89 en 49. 11 persent van die Indiërbevolking in Natal van 15 jaar en ouer mans en vroue. Indien die 6, 304 indiwidue hiervolgens verdeel word, kom die getal mans op 3, 209 en die getal vroue op 3, 095 te staan.

2) Soos reeds vermeld, word daar nie in die sensusopgawes tussen Indiërs en ander Asiate onderskei nie.

Indiërmans en nagenoeg 2,500 werklose vroue in die bevolking van vyftien jaar en ouer.[1]

A. L. Müller skets die gevolge van werkloosheid soos volg: „Die hoë werkloosheidsyfers verteenwoordig uit landsekonomiese oogpunt 'n vermorsing van mannekrag, maar dit het ook ander implikasies. Die maatskaplike gevolge, soos ondervoeding, woningnood, swak gesondheid en jeugmisdaad is oorbekend. 'n Ander gevolg waarvan die belangrikheid waarskynlik nie altyd genoegsaam besef word nie, is die frustrasie wat so 'n kroniese situasie oplewer en wat die indiwidu kan lei tot positiewe verset teen 'n maatskaplike orde waarin hoë werkloosheid voorkom. Groot werkloosheid beïnvloed ook die res van die gemeenskap; die oorvloed werksoekers, in relatiewe sin, verskerp die mededinging tussen die werknemers onderling op die arbeidsmark en vergroot die afdingingsvermoë van die werkgewers sodat die arbeidsmark onvolmaak en in die guns van die werkgewer ontwikkel. Daar is bewyse dat werkgewers daardeur aangemoedig word om onrealistiese eise aan werknemers te stel en ook lone en salarisse laag te hou" (2, bl. 89).

## 6.6 OPLEIDING VIR ANDER MEER LONENDE WERK

Alhoewel daar blykbaar heelwat Indiërs is wat ontevrede is omdat alle beroepsvelde nie vir Indiërs oop is nie, is daar slegs 'n geringe persentasie van die werkers wat verklaar het dat hulle opgelei[2] is vir 'n ander, beter betalende, soort werk of beroep as wat hulle tydens die opname verrig het.

Slegs 18 of 3.0 persent van die 597 werkers (diegene nie in die arbeidsmag en die werkloses uitgesluit) het verklaar dat hulle vir 'n ander soort werk as wat hulle tans doen, opgelei is. Die meeste van hierdie persone was egter nie van mening dat hulle meer sou kon verdien deur hierdie (ander) soort werk te aanvaar nie. Slegs ses of 1.0 persent van die werkers was, volgens hulle eie mening, vir 'n beter betalende werk opgelei.

Twee van die ses persone het verklaar dat hulle opgelei was as masjienoperateurs in klerefabrieke en dat hulle meer sal verdien indien hulle weer hierdie soort werk sou kon bekom. Een persoon elk het kelner, drukker en arbeider genoem as die beroep waarin hulle meer sou kon verdien.

---

1) Hierdie getalle is nie vergelykbaar met die amptelike werkloosheidstatistiek van die Departement van Arbeid nie omdat, soos reeds vermeld, sommige persone as werkloos geklassifiseer is wat nie werksoekers volgens die Wet op Registrasie vir Werk is nie. Tabel 6.4 het ook getoon dat, geoordeel aan die lang tydperk wat baie van die werkloses reeds werkloos is, dit betwyfel word of hulle aktiewe werksoekers is.

2) Geen definisie van wat onder „opleiding" verstaan moet word, is opgestel nie. Hierdie was slegs 'n „opinievraag".

Op 'n vraag waarom hulle dan nie hierdie meer betalende soort werk verrig nie, het vier persone verklaar dat hulle geen vakatures kan vind nie en een het gesondheidsredes aangevoer. Een persoon kon geen verduideliking verskaf nie.

Uit voorgaande wil dit voorkom asof die uitwerking van werkafbakening op die geëmplojeerde Indiërwerkers gering is. Ook het A. L. Müller verklaar: „Die suiwer wetlike kleurskeidslyn, in die vorm van werkafbakening, het tot dusver ........ vir die Indiërs betreklik min geraak ....... en die netto effek van die determinasies was nagenoeg neutraal ten opsigte van die indiensnemingsposisie as geheel" (2, bl. 90).

## 6.7 AFSTAND TUSSEN WOON- EN WERKPLEK

Tabel 6.10 toon die afstand tussen die woon- en die werkplek ten opsigte van die werkers aan.

TABEL 6.10

DIE AFSTAND TUSSEN DIE WOON- EN DIE WERKPLEK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Afstand | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Minder as ½ myl | 77 | 19.9 | 27 | 45.0 | 86 | 57.7 | 190 | 31.8 |
| ½ - 1 myl | 41 | 10.6 | 7 | 11.7 | 17 | 11.4 | 65 | 10.9 |
| 1 - 2 myl | 51 | 13.1 | 9 | 15.0 | 12 | 8.1 | 72 | 12.1 |
| 3 - 4 myl | 68 | 17.5 | 6 | 10.0 | 7 | 4.7 | 81 | 13.6 |
| 5 - 10 myl | 133 | 34.3 | 6 | 10.0 | 18 | 12.1 | 157 | 26.3 |
| 11 - 20 myl | 16 | 4.1 | 2 | 3.3 | 5 | 3.4 | 23 | 3.9 |
| 21 myl en verder | 2 | 0.5 | 3 | 5.0 | 4 | 2.7 | 9 | 1.5 |
| TOTAAL | 388 | 100.0 | 60 | 100.0 | 149 | 100.0 | 597 | 100.0 |

Volgens tabel 6.10 is die grootste enkele persentasie van die werkers, naamlik 31.8, binne 'n halfmyl van hul werkplek woonagtig. Meer as 'n kwart woon tussen vyf en tien myl van hulle werkplekke af terwyl nagenoeg vyf persent minstens elf myl van hulle werkplekke woonagtig is.

Daar is veel meer plattelanders as stedelinge wat naby hulle werkplekke woon. Van die stads-, dorps- en plaasbewoners woon onderskeidelik 19.9, 45.0 en 57.7 persent binne 'n halfmyl van hul werkplekke af.

Tabel 6. 11 toon hoe die werkers by hulle werk kom. Meer as die helfte, naamlik 50. 3 persent, het werk toe gestap, 34. 7 persent het van 'n bus, 2. 5 persent van 'n trein, 0. 3 persent van 'n trein en 'n bus, 10. 4 persent van 'n private voertuig en 1. 8 persent van openbare en private voertuie gebruik gemaak om werk toe te gaan.

Soos verwag kan word, neem die persentasie van diegene wat met 'n voertuig werk toe gaan, toe al na gelang die afstand wat afgelê moet word, groter word.

Ten slotte kan vermeld word dat slegs 2. 9 persent van die proefpersone wat in stede en dorpe woonagtig is, verklaar het dat hulle, of 'n lid van hulle huishoudings, 'n bestaan maak op die perseel waar die huishouding woonagtig is.

TABEL 6.11

DIE AFSTAND TUSSEN DIE WOON- EN WERKPLEK VOLGENS DIE

VERVOER WAT GEWOONLIK GEBRUIK WORD OM BY DIE WERK TE KOM, INGEDEEL

| Soort vervoer | Afstand | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Minder as ½ myl | | ½ - 1 myl | | 1 - 2 myl | | 3 - 4 myl | | 5 - 10 myl | | 11 - 20 myl | | 21 myl en verder | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen (loop na werk) | 182 | 95.8 | 51 | 78.5 | 40 | 55.6 | 18 | 22.2 | 8 | 5.1 | - | - | - | - | 300 | 50.3 |
| Bus | 2 | 1.1 | 5 | 7.7 | 19 | 26.4 | 50 | 61.7 | 115 | 73.2 | 16 | 69.6 | 1 | 11.1 | 207 | 34.7 |
| Trein | - | - | - | - | 2 | 2.8 | 4 | 4.9 | 7 | 4.5 | - | - | 2 | 22.2 | 15 | 2.5 |
| Bus en trein | - | - | - | - | 1 | 1.4 | - | - | 1 | 0.6 | - | - | - | - | 2 | 0.3 |
| Privaatvoertuig | 6 | 3.2 | 8 | 12.3 | 8 | 11.1 | 9 | 11.1 | 21 | 13.4 | 5 | 21.7 | 5 | 55.6 | 62 | 10.4 |
| Publieke en private voertuig | - | - | 1 | 1.5 | 2 | 2.8 | - | - | 5 | 3.2 | 2 | 8.7 | 1 | 11.1 | 11 | 1.8 |
| TOTAAL | 190 | 100.0 | 65 | 100.0 | 72 | 100.0 | 81 | 100.0 | 157 | 100.0 | 23 | 100.0 | 9 | 100.0 | 597 | 100.0 |

# HOOFSTUK 7
# INKOMSTE

## 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die inkomste van sowel die 1, 500 proefpersone, as van die 1,500 huishoudings waartoe hulle behoort, ontleed.

Die Indiërs, en, soos uit ander ondersoeke geblyk het, ook die ander bevolkingsgroepe, bespreek nie graag hulle inkomste met vreemdelinge (soos die veldwerkers) nie. Dit is waarskynlik dat sommige van die proefpersone dan ook nie korrekte inligting oor hulle inkomste verstrek het nie.

## 7.2 PERSOONLIKE KONTANTINKOMSTE

Die persoonlike kontantinkomste van die proefpersone volgens die onderskeie beroepsgroepe verskyn in tabel 7.1.

Eerstens blyk dit dat 57.7 persent van die steekproefbevolking oor geen <u>persoonlike</u> kontantinkomste beskik nie. Dit is te verwagte aangesien daar baie huisvroue en studente in die steekproef betrek is wat nie 'n inkomste van hulle eie het nie maar deur hulle mans of ouers onderhou word.

L. Kuper, H. Watts en R. Davies wys daarop dat die afhanklikheidsyfer (die getal afhanklikes vir elke 100 persone wat 'n inkomste het) by die Indiërs (dié syfer kom op 357 te staan) hoër is as by die Kleurlinge (213) en veel hoër is as by die Blankes (95). Hierdie ondersoekers se berekenings berus natuurlik op die totale bevolking, en nie slegs op diegene ouer as 15 jaar nie (7, bl. 62). Die feit dat baie Blanke en Kleurlingvroue werk, en Indiërvroue slegs by hoë uitsondering, kan aangevoer word as verklaring vir die groot verskil in die afhanklikheidsyfers. Die groot verskil in die ouderdomstruktuur van die Blankes en Indiërs bied 'n verdere verklaring vir die groot verskil in die afhanklikheidsyfers van hierdie twee groepe.

Die Blanke bevolking is betreklik „oud", met die gevolg dat 'n groot persentasie van die Blanke bevolking in die arbeidsmag opgeneem kan word. Die Indiërbevolking, daarenteen, is 'n betreklike „jong" bevolking en in 1960 was nie minder nie as 56.3 persent van die Indiërs in die Republiek onder 20 jaar oud. Die meeste persone in hierdie groep is natuurlik te jonk om in die arbeidsmag opgeneem te word.

Vervolgens toon tabel 7.1 dat 8.2 persent van die totale bevolking 'n persoonlike kontantinkomste van minder as R19 per maand het, 10.9 persent verdien tussen R20 en R39 per maand, 10.5 persent tussen R40 en R59, 5.3 persent tussen R60 en R79 per maand en die res, naamlik 7.4 persent, R80 of meer per maand.

Indien die huisvroue, skoliere, studente, werkloses, diegene wat nie kan of hoef te werk nie en diegene in die oorblywende kategorieë wat geen kontantinkomste gehad

het nie, buite rekening gelaat word, is die mediaan persoonlike kontantinkomste van die plaasarbeiders (R18.1 per maand), ongeskoolde werkers (R31.8), dienswerkers (R41.1), halfgeskoolde werkers (R47.0), en werkers in vervoer- en afleweringsdienste (R49.0) die laagste.

Die mediaankontantinkomste van die professionele en tegniese werkers is die hoogste (R82.9) per maand. Hierna volg diegene wat 'n eie besigheid het (R65.6), die geskoolde vakmanne (R61.7), die semi-professionele werkers (R60.8) en die halfgeskoolde vakmanne (R55.0).

Alhoewel die groep professionele en tegniese werkers oor 'n hoër mediaan kontantinkomste as diegene met 'n eie besigheid beskik, is dit opvallend dat nagenoeg 'n kwart van diegene in laasgenoemde groep oor 'n inkomste van minstens R140 per maand beskik. Die relatief lae mediaaninkomste van diegene met 'n eie onderneming kan toegeskryf word aan die feit dat smouse en andere saam met welvarende sakemanne geklassifiseer is.

Daar moet onthou word dat baie persone in die kategorieë wat oor die laagste mediaaninkomste beskik, in ontvangs is van inkomste in goedere (oorwegend in die vorm van gratis etes of voedselrantsoene en soms ook behuising of ander voordele).

Die feit dat sekere persone wat nie as werkloos ingedeel is nie, nie in ontvangs van 'n kontantinkomste is nie, kan waarskynlik meesal toegeskryf word aan die feit dat Indiërs soms vir andere (gewoonlik lede van hul huishouding) werk sonder om daarvoor in kontant vergoed te word. Hierdie persone ontvang gewoonlik gratis huisvesting en voedsel.

In tabel 7.1 is inkomste wat - slegs in die geval van werkers - uit deeltydse werk of enige ander oord verkry is, buite rekening gelaat ten einde die inkomste so noukeurig as moontlik met die beroep wat beoefen word, in verband te kan bring. Nagenoeg drie persent van die mans en minder as een persent van die vroue het egter te kenne gegee dat hulle ook 'n ander bron van inkomste het. Hierdie persentasies is so klein dat die patroon van die totale persoonlike inkomste in kontant nie veel sal afwyk van dié soos in tabel 7.1 weerspieël is nie.[1)]

---

1) Daar kan egter vermeld word dat 11 van die 27 mans wat 'n bykomende inkomste het, minstens R20 per maand óf deur middel van deeltydse werk verdien óf uit 'n ander bron ontvang.

TABEL 7.1

PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS BEROEP INGEDEEL

| Persoonlike kontantinkomste | Beroep | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huisvrou | | Persone wat 'n eie besigheid het | | Plaasarbeiders | | Ongeskoolde werkers | | Halfgeskoolde werkers | | Halfgeskoolde vakmanne | | Geskoolde vakmanne | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 621 | 96.7 | 3 | 3.3 | 3 | 5.4 | 2 | 1.6 | 3 | 5.0 | - | - | 1 | 5.6 |
| R0.1 - 9 | 13 | 2.0 | 2 | 2.2 | 3 | 5.4 | 12 | 9.4 | - | - | - | - | - | - |
| R10 - 19 | 1 | 0.2 | 4 | 4.4 | 29 | 51.8 | 18 | 14.2 | 1 | 1.7 | 1 | 4.3 | 1 | 5.6 |
| R20 - 29 | 1 | 0.2 | 7 | 7.8 | 14 | 25.0 | 27 | 21.3 | 8 | 13.3 | 2 | 8.7 | - | - |
| R30 - 39 | 2 | 0.3 | 9 | 10.0 | 3 | 5.4 | 30 | 23.6 | 9 | 15.0 | 5 | 21.7 | 3 | 16.7 |
| R40 - 49 | 1 | 0.2 | 10 | 11.1 | - | - | 24 | 18.9 | 15 | 25.0 | 3 | 13.0 | 4 | 22.2 |
| R50 - 59 | 2 | 0.3 | 7 | 7.8 | 3 | 5.4 | 9 | 7.1 | 13 | 21.7 | 1 | 4.3 | - | - |
| R60 - 69 | - | - | 8 | 8.9 | - | - | - | - | 7 | 11.7 | 4 | 17.4 | 3 | 16.7 |
| R70 - 79 | - | - | 1 | 1.1 | 1 | 1.8 | 1 | 0.8 | - | - | 2 | 8.7 | 1 | 5.6 |
| R80 - 89 | 1 | 0.2 | 6 | 6.7 | - | - | 1 | 0.8 | 2 | 3.3 | - | - | - | - |
| R90 - 99 | - | - | 2 | 2.2 | - | - | 1 | 0.8 | - | - | 1 | 4.3 | 1 | 5.6 |
| R100 - 119 | - | - | 8 | 8.9 | - | - | 1 | 0.8 | - | - | 2 | 8.7 | 2 | 11.1 |
| R120 - 139 | - | - | 2 | 2.2 | - | - | 1 | 0.8 | 2 | 3.3 | 2 | 8.7 | 2 | 11.1 |
| R140 en meer | - | - | 21 | 23.3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 642 | 100.0 | 90 | 100.0 | 56 | 100.0 | 127 | 100.0 | 60 | 100.0 | 23 | 100.0 | 18 | 100.0 |

TABEL 7.1 (VERVOLG)

PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS BEROEP INGEDEEL

| Persoonlike kontantinkomste | Beroep | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Werkers in vervoer- en afleweringsdienste | | Persoonlike dienswerkers | | Semi-professionele werkers | | Professionele en tegniese werkers | | Persone wat nie kan of nie nodig het om te werk nie | | Voltydse studente en skoliere | | Werklose persone | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | - | - | 1 | 2.9 | 3 | 2.8 | - | - | 13 | 37.1 | 133 | 99.3 | 82 | 89.1 | 865 | 57.7 |
| R0.1 - 9 | - | - | 1 | 2.9 | - | - | - | - | 9 | 25.7 | - | - | 3 | 3.3 | 43 | 2.9 |
| R10 - 19 | - | - | 5 | 14.3 | 6 | 5.6 | 2 | 5.3 | 7 | 20.0 | 1 | 0.7 | 4 | 4.3 | 80 | 5.3 |
| R20 - 29 | 8 | 18.6 | 5 | 14.3 | 6 | 5.6 | - | - | 1 | 2.9 | - | - | - | - | 79 | 5.3 |
| R30 - 39 | 9 | 20.9 | 5 | 14.3 | 4 | 3.7 | 1 | 2.6 | 2 | 5.7 | - | - | 2 | 2.2 | 84 | 5.6 |
| R40 - 49 | 5 | 11.6 | 9 | 25.7 | 19 | 17.8 | 2 | 5.3 | - | - | - | - | - | - | 92 | 6.1 |
| R50 - 59 | 5 | 11.6 | 3 | 8.6 | 16 | 15.0 | 5 | 13.2 | 1 | 2.9 | - | - | 1 | 1.1 | 66 | 4.4 |
| R60 - 69 | 5 | 11.6 | 5 | 14.3 | 13 | 12.1 | 4 | 10.5 | - | - | - | - | - | - | 49 | 3.3 |
| R70 - 79 | 6 | 14.0 | 1 | 2.9 | 13 | 12.1 | 3 | 7.9 | 1 | 2.9 | - | - | - | - | 30 | 2.0 |
| R80 - 89 | 4 | 9.3 | - | - | 10 | 9.3 | 7 | 18.4 | 1 | 2.9 | - | - | - | - | 32 | 2.1 |
| R90 - 99 | - | - | - | - | 3 | 2.8 | 1 | 2.6 | - | - | - | - | - | - | 9 | 0.6 |
| R100 - 119 | 1 | 2.3 | - | - | 6 | 5.6 | 9 | 23.7 | - | - | - | - | - | - | 29 | 1.9 |
| R120 - 139 | - | - | - | - | 4 | 3.7 | 3 | 7.9 | - | - | - | - | - | - | 16 | 1.1 |
| R140 en meer | - | - | - | - | 4 | 3.7 | 1 | 2.6 | - | - | - | - | - | - | 26 | 1.7 |
| TOTAAL | 43 | 100.0 | 35 | 100.0 | 107 | 100.0 | 38 | 100.0 | 35 | 100.0 | 134 | 100.0 | 92 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## 7.3 TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE

In die volgende paar tabelle word die totale persoonlike maandelikse inkomste van die ondersoekgroep ontleed. Met die totale inkomste word bedoel die kontantinkomste wat die werker verdien of die nie-werker ontvang (die inkomste in tabel 7.1 weerspieël), kontant wat die werker verdien deur deeltyds te werk of ander kontantinkomstes (waarvan in die laaste paragraaf van die voorgaande afdeling melding gemaak word), asook die geraamde kontantwaarde[1] van inkomste in goedere, gewoonlik in die vorm van gratis voedsel of huisvesting, wat die werker van sy werkgewer[2] mag ontvang.

Die totale persoonlike inkomste van die totale groep word in tabel 7.2 volgens geslag ingedeel. In die ander tabelle in hierdie afdeling sal die ontleding beperk word tot slegs diegene wat wel oor 'n inkomste beskik.

Volgens tabel 7.2 het 56.1 persent van die totale groep, en onderskeidelik 24.7 persent van die mans (meesal studente en skoliere, afgetrede persone en werkloses) en 88.1 persent van die vroue (meesal huisvroue), oor geen inkomste beskik nie. Onderskeidelik 41.7, 23.8 en 9.8 persent van die mans het 'n totale persoonlike inkomste van minder as R50, tussen R50 en R99 en R100 per maand of meer.

Die inkomste van elke ouderdomsgroep word in tabel 7.3 aangedui. Indien die mediaaninkomste van elke groep bereken word, word opgemerk dat die hoogste mediaaninkomste by die groep van 35 tot 44 jaar ('n mediaaninkomste van R49.4 per maand) voorkom. Die mediaaninkomste van die 15- tot 24-jarige en 25- tot 34-jarige groep kom onderskeidelik op R33.3 en R48.2 per maand te staan. By diegene tussen 45 en 54 jaar is die mediaaninkomste R45.8 per maand, en by diegene tussen 55 en 64 jaar, R34.4, terwyl by diegene ouer as 65 jaar dié bedrag op minder as R10 per maand te staan kom. Daar moet in ag geneem word dat die bejaardes meesal uit afgetredenes bestaan en dat die getal persone in hierdie kategorie in elk geval so klein is dat afleidings gevaarlik sal wees.

Vervolgens kan die inkomste ook volgens geloof verdeel word.

---

1) Die waarde van die inkomste in goedere is deur die proefpersoon self, met die hulp van die veldwerker en ander lede van die huishouding wat dikwels tydens die onderhoude aanwesig was, geraam. Waar 'n persoon byvoorbeeld gratis huisvesting van sy werkgewer ontvang het, is aan hom gevra wat dit hom min of meer per maand sou kos om dié woning te huur.

2) Slegs inkomste in goedere wat die werker van sy werkgewer ontvang, is in berekening gebring. Onderlinge hulpverlening tussen lede van een huishouding is nie as inkomste in goedere gereken nie, behalwe waar een lid van 'n huishouding vir 'n ander lid van die huishouding gewerk het en, byvoorbeeld gratis huisvesting en voedsel as deel van sy vergoeding ontvang het.

TABEL 7.2

TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE

PER MAAND VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Totale persoonlike inkomste | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 187 | 24.7 | 654 | 88.1 | 841 | 56.1 |
| R0.1 - 9 | 15 | 2.0 | 24 | 3.2 | 39 | 2.6 |
| R10 - 19 | 42 | 5.5 | 24 | 3.2 | 66 | 4.4 |
| R20 - 29 | 75 | 9.9 | 10 | 1.3 | 85 | 5.7 |
| R30 - 39 | 94 | 12.4 | 9 | 1.2 | 103 | 6.9 |
| R40 - 49 | 90 | 11.9 | 8 | 1.1 | 98 | 6.5 |
| Subtotaal | 503 | 66.4 | 729 | 98.1 | 1,232 | 82.2 |
| R50 - 59 | 61 | 8.0 | 8 | 1.1 | 69 | 4.6 |
| R60 - 69 | 48 | 6.3 | 1 | 0.1 | 49 | 3.3 |
| R70 - 79 | 30 | 4.0 | 1 | 0.1 | 31 | 2.1 |
| R80 - 89 | 29 | 3.8 | 2 | 0.3 | 31 | 2.1 |
| R90 - 99 | 13 | 1.7 | 1 | 0.1 | 14 | 0.9 |
| Subtotaal | 181 | 23.8 | 13 | 1.7 | 194 | 13.0 |
| R100 - 119 | 29 | 3.8 | - | - | 29 | 1.9 |
| R120 - 139 | 16 | 2.1 | - | - | 16 | 1.1 |
| R140 - 159 | 9 | 1.2 | - | - | 9 | 0.6 |
| R160 - 179 | 4 | 0.5 | - | - | 4 | 0.3 |
| R180 - 199 | 2 | 0.3 | - | - | 2 | 0.1 |
| R200 en meer | 14 | 1.9 | - | - | 14 | 0.9 |
| Subtotaal | 74 | 9.8 | - | - | 74 | 4.9 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 7.3

TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Totale persoonlike inkomste | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| R0.1 - 9 | 4 | 3.3 | 9 | 4.6 | 6 | 3.6 | 6 | 5.3 | 5 | 10.2 | 9 | 60.0 | 39 | 5.9 |
| R10 - 19 | 24 | 19.8 | 13 | 6.7 | 9 | 5.4 | 9 | 8.0 | 9 | 18.4 | 2 | 13.3 | 66 | 10.0 |
| R20 - 29 | .25 | 20.7 | 22 | 11.3 | 17 | 10.1 | 14 | 12.4 | 7 | 14.3 | - | - | 85 | 12.9 |
| R30 - 39 | 23 | 19.0 | 26 | 13.4 | 26 | 15.6 | 20 | 17.7 | 8 | 16.3 | - | - | 103 | 15.6 |
| R40 - 49 | 19 | 15.7 | 33 | 17.0 | 27 | 16.2 | 13 | 11.5 | 5 | 10.2 | 1 | 6.7 | 98 | 14.9 |
| R50 - 59 | 12 | 9.9 | 26 | 13.4 | 15 | 9.0 | 12 | 10.6 | 3 | 6.1 | 1 | 6.7 | 69 | 10.5 |
| R60 - 69 | 4 | 3.3 | 20 | 10.3 | 17 | 10.1 | 6 | 5.3 | 1 | 2.0 | 1 | 6.7 | 49 | 7.4 |
| R70 - 79 | 3 | 2.5 | 12 | 6.2 | 6 | 3.6 | 8 | 7.1 | 2 | 4.1 | - | - | 31 | 4.7 |
| R80 - 89 | - | - | 9 | 4.6 | 14 | 8.4 | 5 | 4.4 | 2 | 4.1 | 1 | 6.7 | 31 | 4.7 |
| R90 - 99 | 1 | 0.8 | 5 | 2.6 | 5 | 3.0 | 3 | 2.7 | - | - | - | - | 14 | 2.1 |
| R100 - 119 | 4 | 3.3 | 10 | 5.2 | 9 | 5.4 | 4 | 3.5 | 2 | 4.1 | - | - | 29 | 4.4 |
| R120 en meer | 2 | 1.7 | 9 | 4.6 | 16 | 9.6 | 13 | 11.5 | 5 | 10.2 | - | - | 45 | 6.8 |
| TOTAAL | 121 | 100.0 | 194 | 100.0 | 167 | 100.0 | 113 | 100.0 | 49 | 100.0 | 15 | 100.0 | 659 | 100.0 |

TABEL 7.4

TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Totale persoonlike inkomste | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| R0.1 - 9 | 30 | 5.5 | 2 | 3.2 | 7 | 13.7 | 39 | 5.9 |
| R10 - 19 | 58 | 10.6 | 5 | 7.9 | 3 | 5.9 | 66 | 10.0 |
| R20 - 29 | 74 | 13.6 | 5 | 7.9 | 6 | 11.8 | 85 | 12.9 |
| R30 - 39 | 96 | 17.6 | 6 | 9.5 | 1 | 2.0 | 103 | 15.6 |
| R40 - 49 | 80 | 14.7 | 3 | 4.8 | 15 | 29.4 | 98 | 14.9 |
| R50 - 59 | 59 | 10.8 | 6 | 9.5 | 4 | 7.8 | 69 | 10.5 |
| R60 - 69 | 38 | 7.0 | 8 | 12.7 | 3 | 5.9 | 49 | 7.4 |
| R70 - 79 | 23 | 4.2 | 5 | 7.9 | 3 | 5.9 | 31 | 4.7 |
| R80 - 89 | 25 | 4.6 | 2 | 3.2 | 4 | 7.8 | 31 | 4.7 |
| Subtotaal | 483 | 88.6 | 42 | 66.6 | 46 | 90.2 | 571 | 86.6 |
| R90 - 99 | 8 | 1.5 | 4 | 6.3 | 2 | 3.9 | 14 | 2.1 |
| R100 - 119 | 22 | 4.0 | 6 | 9.5 | 1 | 2.0 | 29 | 4.4 |
| R120 en meer | 32 | 5.9 | 11 | 17.5 | 2 | 3.9 | 45 | 6.8 |
| Subtotaal | 62 | 11.4 | 21 | 33.3 | 5 | 9.8 | 88 | 13.3 |
| TOTAAL | 545 | 100.0 | 63 | 100.0 | 51 | 100.0 | 659 | 100.0 |

Dit val dadelik in tabel 7.4 op dat 'n veel groter persentasie van die Moslems as van die ander groepe wat wel verdien, in die hoë inkomstegroepe voorkom. Een derde van die Moslems, teenoor 11.4 persent van die Hindoes en 9.8 persent van die Christene, het minstens R90 per maand verdien. Sewentien punt vyf persent van die Moslems, in vergelyking met slegs 5.9 persent van die Hindoes en 3.9 persent van die Christene, ressorteer in die hoogste inkomstekategorie (R120 per maand of meer). Die Christene het egter 'n hoër mediaaninkomste as die Hindoes (R45.7 teenoor R41.8 per maand), maar albei hierdie groepe se mediaaninkomste vergelyk betreklik swak met dié van die Moslems (R65.6 per maand).

Dit is natuurlik welbekend dat die Moslems, en veral die Gujuratisprekende Moslems wat as handelaars na Suid-Afrika gekom het, die welvarendste gedeelte van die Indiërbevolking is.

L. Kuper, H. Watts en R. Davies het die per capita inkomste van die Moslems, op grond van gegewens vir die jaar 1951, op R113.22 bereken. Dié bedrag kom by die Rooms-Katolieke op R101.54, by die Protestante (die Anglikane uitgesluit) op R96.94, by die Anglikane op R96.88 en by die Hindoes op R72.32 te staan (7, bl. 92).

Die ontleding van die totale persoonlike inkomste word afgesluit met 'n indeling van die inkomste volgens woonplek.

TABEL 7.5

TOTALE PERSOONLIKE INKOMSTE PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Totale persoonlike inkomste | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| R0.1 - 9 | 28 | 6.4 | 3 | 4.6 | 8 | 4.9 | 39 | 5.9 |
| R10 - 19 | 41 | 9.5 | 7 | 10.8 | 18 | 11.0 | 66 | 10.0 |
| R20 - 29 | 47 | 10.9 | 5 | 7.7 | 33 | 20.2 | 85 | 12.9 |
| R30 - 39 | 49 | 11.4 | 11 | 16.9 | 43 | 26.4 | 103 | 15.6 |
| R40 - 49 | 70 | 16.2 | 9 | 13.8 | 19 | 11.7 | 98 | 14.9 |
| R50 - 59 | 47 | 10.9 | 8 | 12.3 | 14 | 8.6 | 69 | 10.5 |
| R60 - 69 | 36 | 8.4 | 8 | 12.3 | 5 | 3.1 | 49 | 7.4 |
| R70 - 79 | 24 | 5.6 | 4 | 6.2 | 3 | 1.8 | 31 | 4.7 |
| Subtotaal | 342 | 79.3 | 55 | 84.6 | 143 | 87.7 | 540 | 81.9 |
| R80 - 89 | 22 | 5.1 | 4 | 6.2 | 5 | 3.1 | 31 | 4.7 |
| R90 - 99 | 11 | 2.6 | 1 | 1.5 | 2 | 1.2 | 14 | 2.1 |
| R100 - 119 | 24 | 5.6 | 2 | 3.1 | 3 | 1.8 | 29 | 4.4 |
| R120 en meer | 32 | 7.4 | 3 | 4.6 | 10 | 6.1 | 45 | 6.8 |
| Subtotaal | 89 | 20.7 | 10 | 15.4 | 20 | 12.2 | 119 | 18.0 |
| TOTAAL | 431 | 100.0 | 65 | 100.0 | 163 | 100.0 | 659 | 100.0 |

Volgens bostaande tabel, het 20.7 persent van die stedelinge, 15.4 persent van die dorpsbewoners en 12.2 persent van die plaasbewoners meer as R80 per maand verdien. Daar was dus, proporsioneel tot die grootte van die onderskeie bevolkingsgroepe, meer stedelinge as dorpsbewoners, maar veral meer as plaasbewoners in die hoëre inkomstekategorieë. Die mediaaninkomste van die onderskeie groepe kom op onderskeidelik R47.2, R47.2 en R35.2 te staan.

## 7.4 DIE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING

Daar is vasgestel hoeveel persone in elke huishouding 'n inkomste het[1] en wat elkeen verdien om sodoende die totale inkomste van die huishouding te bepaal.

Die kontantinkomste per maand van die huishoudings word in onderstaande tabel volgens woonplek ingedeel.

Tabel 7.6 toon dat 0.6 persent van die huishoudings geen kontantinkomste gehad het nie, terwyl onderskeidelik 40.9, 34.1 en 24.3 persent 'n inkomste van R0.1 tot R49, R50 tot R99 en R100 of meer per maand gehad het.

Die mediaankontantinkomste van huishoudings in die stede werk uit op R66.8 per maand, in die dorpe op R63.3 per maand en op die plase kom dit op R40.9 per maand te staan.[2]

Indien die huishoudings se inkomste in goedere by die kontantinkomste gevoeg word, vertoon die inkomstepatroon, soos blyk uit tabel 7.7, ietwat anders.

---

1) Meer as die helfte (58.6%) van die huishoudings het slegs een broodwinner gehad en nagenoeg 'n kwart (26.5%) het twee gehad. Onderskeidelik 0.6, 9.9, 3.7, 0.7 en 0.1 persent van die huishoudings het geen, drie, vier, vyf en ses persone wat verdien, ingesluit.

2) Die huishoudings met geen inkomste nie, is in hierdie tabel en in die tabelle wat volg, ingesluit waar mediaaninkomstes bereken is.

TABEL 7.6

DIE KONTANTINKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Inkomste in kontant | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 7 | 0.7 | - | - | 2 | 0.5 | 9 | 0.6 |
| R0.1 - 9 | 9 | 1.0 | 5 | 2.8 | 5 | 1.3 | 19 | 1.3 |
| R10 - 19 | 32 | 3.4 | 7 | 3.9 | 65 | 17.3 | 104 | 6.9 |
| R20 - 29 | 61 | 6.5 | 19 | 10.6 | 66 | 17.5 | 146 | 9.7 |
| R30 - 39 | 74 | 7.8 | 18 | 10.0 | 46 | 12.2 | 138 | 9.2 |
| R40 - 49 | 136 | 14.4 | 26 | 14.4 | 45 | 12.0 | 207 | 13.8 |
| Subtotaal | 319 | 33.8 | 75 | 41.7 | 229 | 60.8 | 623 | 41.5 |
| R50 - 59 | 87 | 9.2 | 11 | 6.1 | 37 | 9.8 | 135 | 9.0 |
| R60 - 69 | 97 | 10.3 | 12 | 6.7 | 15 | 4.0 | 124 | 8.3 |
| R70 - 79 | 50 | 5.3 | 18 | 10.0 | 14 | 3.7 | 82 | 5.5 |
| R80 - 89 | 77 | 8.2 | 15 | 8.3 | 19 | 5.1 | 111 | 7.4 |
| R90 - 99 | 40 | 4.2 | 7 | 3.9 | 12 | 3.2 | 59 | 3.9 |
| Subtotaal | 351 | 37.2 | 63 | 35.0 | 97 | 25.8 | 511 | 34.1 |
| R100 - 119 | 86 | 9.1 | 13 | 7.2 | 18 | 4.8 | 117 | 7.8 |
| R120 - 139 | 71 | 7.5 | 10 | 5.6 | 8 | 2.1 | 89 | 5.9 |
| R140 - 159 | 32 | 3.4 | 3 | 1.7 | 7 | 1.9 | 42 | 2.8 |
| R160 - 179 | 19 | 2.0 | 5 | 2.8 | 4 | 1.1 | 28 | 1.9 |
| R180 - 199 | 14 | 1.5 | 3 | 1.7 | 4 | 1.1 | 21 | 1.4 |
| R200 - 249 | 28 | 3.0 | 5 | 2.8 | 5 | 1.3 | 38 | 2.5 |
| R250 - 299 | 10 | 1.1 | 1 | 0.6 | - | - | 11 | 0.7 |
| R300 en meer | 14 | 1.5 | 2 | 1.0 | 4 | 1.1 | 20 | 1.3 |
| Subtotaal | 274 | 29.1 | 42 | 23.4 | 50 | 13.4 | 366 | 24.3 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Volgens tabel 7.7 het 0.4 persent van die huishoudings hoegenaamd geen inkomste gehad nie (0.6% het volgens tabel 7.6 geen kontantinkomste gehad nie). Agt-en-dertig punt drie persent se totale maandelikse inkomste het gewissel van R0.1 tot R49, 36.4 persent het tussen R50 en R99 verdien en 25.0 persent R100 of meer. (Indien slegs die kontantinkomste in berekening gebring word, kom die persentasies op 40.9, 34.1 en 24.3 respektiewelik te staan).

Die mediaaninkomste van die stedelike huishoudings kom te staan op R67.5 per maand (teenoor R66.8 per maand indien slegs die kontantinkomste in berekening gebring word), in dorpe op R63.8 (teenoor R63.3 ten opsigte van kontant) en op plase op R47.8 per maand (mediaankontantinkomste R40.9). Dit is dus veral die landelike huishoudings wat deur inkomste in goedere bevoordeel word. Dit is te verwagte aangesien die lone van die plaasarbeiders, soos deur tabel 7.1 weerspieël, laag is en inkomste in goedere as 'n normale deel van die landbouarbeiders se loon beskou word.

In tabel 7.8 word die totale maandelikse inkomste van die huishouding ingedeel volgens die aantal persone in die huishouding wat van die inkomste afhanklik is.

Met uitsluiting van die klein groep huishoudings bestaande uit 15 of meer persone, word die persentasie huishoudings wat minder as R50 per maand verdien, al kleiner al na gelang die huishouding groter word. So verdien byvoorbeeld 61.4, 41.3, 30.8 en 6.1 persent van die huishoudings bestaande uit een of twee, vyf of ses, nege of tien, en dertien of veertien persone, minder as R50 per maand. Hoe groter dus die huishouding, hoe groter, in die algemeen, is die inkomste. Die belangrikste verklaring vir hierdie verskynsel is waarskynlik dat die getal broodwinners in 'n huishouding neig om toe te neem al na gelang die huishouding groter word.

Vervolgens kan uit die tabel afgelei word dat heelwat van die huishoudings in ekonomiese nood verkeer. Van die huishoudings wat byvoorbeeld uit nege of tien persone bestaan, het 9.9 persent 'n inkomste van minder as R30 per maand, wat neerkom op hoogstens drie rand en enige sent per persoon per maand.

Die huishoudings wat geen inkomste het nie, is nie noodwendig huishoudings wat oor lang tydperke geen inkomste gehad het nie. Hierdie huishoudings is gewoonlik uitsluitlik van 'n broodwinner afhanklik wat tydens die opname werkloos was en dus geen inkomste kon verstrek nie. (Daar is, behalwe in die geval van selfstandige boere en soms ook sakemanne, nie gepoog om die jaarlikse inkomste te bepaal en hiervan die gemiddelde maandelikse inkomste te bereken nie.)

## 7.5 DIE TOTALE INKOMSTE VOLGENS DIE INKOMSTE PER VOLWASSE EENHEID UITGEDRUK

In 'n poging om die inkomste van elke huishouding, met inagneming van die getal persone in die huishouding en hulle leeftydsamestelling, in 'n eenvoudige en meer vergelykbare vorm uit te druk, is die totale inkomste van elke huishouding herlei na die

TABEL 7.7

DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Totale inkomste | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 4 | 0.4 | - | - | 2 | 0.5 | 6 | 0.4 |
| R0.1 - 9 | 9 | 1.0 | 2 | 1.1 | 2 | 0.5 | 13 | 0.9 |
| R10-19 | 30 | 3.2 | 8 | 4.4 | 22 | 5.8 | 60 | 4.0 |
| R20 - 29 | 60 | 6.4 | 18 | 10.0 | 46 | 12.2 | 124 | 8.3 |
| R30 - 39 | 73 | 7.7 | 15 | 8.3 | 71 | 18.9 | 159 | 10.6 |
| R40 - 49 | 133 | 14.1 | 26 | 14.4 | 58 | 15.4 | 217 | 14.5 |
| Subtotaal | 309 | 32.8 | 69 | 38.2 | 201 | 53.3 | 579 | 38.7 |
| R50 - 59 | 91 | 9.6 | 16 | 8.9 | 43 | 11.4 | 150 | 10.0 |
| R60 - 69 | 96 | 10.2 | 13 | 7.2 | 27 | 7.2 | 136 | 9.1 |
| R70 - 79 | 57 | 6.0 | 14 | 7.8 | 16 | 4.3 | 87 | 5.8 |
| R80 - 89 | 73 | 7.7 | 18 | 10.0 | 19 | 5.1 | 110 | 7.3 |
| R90 - 99 | 41 | 4.3 | 7 | 3.9 | 15 | 4.0 | 63 | 4.2 |
| Subtotaal | 358 | 37.8 | 68 | 37.8 | 120 | 32.0 | 546 | 36.4 |
| R100 - 119 | 87 | 9.2 | 14 | 7.8 | 19 | 5.1 | 120 | 8.0 |
| R120 - 139 | 71 | 7.5 | 9 | 5.0 | 11 | 2.9 | 91 | 6.1 |
| R140 - 159 | 32 | 3.4 | 4 | 2.2 | 8 | 2.1 | 44 | 2.9 |
| R160 - 179 | 19 | 2.0 | 5 | 2.8 | 4 | 1.1 | 28 | 1.9 |
| R180 - 199 | 15 | 1.6 | 3 | 1.7 | 4 | 1.1 | 22 | 1.5 |
| R200 - 249 | 28 | 3.0 | 5 | 2.8 | 5 | 1.3 | 38 | 2.5 |
| R250 - 299 | 11 | 1.2 | 1 | 0.6 | - | - | 12 | 0.8 |
| R300 en meer | 14 | 1.5 | 2 | 1.1 | 4 | 1.1 | 20 | 1.3 |
| Subtotaal | 277 | 29.4 | 43 | 24.0 | 55 | 14.7 | 375 | 25.0 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 7.8

DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER MAAND VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE HUISHOUDING INGEDEEL

| Totale inkomste | Getal persone | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 - 2 | | 3 - 4 | | 5 - 6 | | 7 - 8 | | 9 - 10 | | 11 - 12 | | 13 - 14 | | 15 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | - | - | 1 | 0.4 | 1 | 0.3 | 4 | 1.1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 0.4 |
| R0.1 - 9 | 3 | 5.3 | 5 | 1.8 | 2 | 0.5 | 1 | 0.3 | 1 | 0.4 | 1 | 0.9 | - | - | - | - | 13 | 0.9 |
| R10 - 19 | 8 | 14.0 | 16 | 5.8 | 16 | 4.3 | 10 | 2.7 | 7 | 2.8 | 3 | 2.7 | - | - | - | - | 60 | 4.0 |
| R20 - 29 | 11 | 19.3 | 32 | 11.6 | 33 | 8.8 | 24 | 6.6 | 17 | 6.7 | 7 | 6.3 | - | - | - | - | 124 | 8.3 |
| R30 - 39 | 5 | 8.8 | 41 | 14.9 | 43 | 11.4 | 40 | 11.0 | 19 | 7.5 | 8 | 7.1 | 2 | 6.1 | 1 | 3.4 | 159 | 10.6 |
| R40 - 49 | 8 | 14.0 | 38 | 13.8 | 60 | 16.0 | 64 | 17.5 | 34 | 13.4 | 12 | 10.7 | - | - | 1 | 3.4 | 217 | 14.5 |
| Subtotaal | 35 | 61.4 | 133 | 48.3 | 155 | 41.3 | 143 | 39.2 | 78 | 30.8 | 31 | 27.7 | 2 | 6.1 | 2 | 6.8 | 579 | 38.7 |
| R50 - 59 | 6 | 10.5 | 30 | 10.9 | 44 | 11.7 | 28 | 7.7 | 31 | 12.2 | 9 | 8.0 | 1 | 3.0 | 1 | 3.4 | 150 | 10.0 |
| R60 - 69 | 1 | 1.8 | 29 | 10.5 | 29 | 7.7 | 32 | 8.8 | 28 | 11.1 | 12 | 10.7 | 3 | 9.1 | 2 | 6.9 | 136 | 9.1 |
| R70 - 79 | 2 | 3.5 | 21 | 7.6 | 13 | 3.5 | 24 | 6.6 | 16 | 6.3 | 7 | 6.3 | 2 | 6.1 | 2 | 6.9 | 87 | 5.8 |
| R80 - 89 | - | - | 19 | 6.9 | 26 | 6.9 | 29 | 7.9 | 26 | 10.3 | 7 | 6.3 | - | - | 3 | 10.4 | 110 | 7.3 |
| R90 - 99 | 2 | 3.5 | 4 | 1.5 | 17 | 4.5 | 19 | 5.2 | 10 | 4.0 | 8 | 7.1 | 3 | 9.1 | - | - | 63 | 4.2 |
| R100 - 119 | 7 | 12.3 | 9 | 3.3 | 36 | 9.6 | 31 | 8.5 | 24 | 9.5 | 9 | 8.0 | 2 | 6.1 | 2 | 6.9 | 120 | 8.0 |
| R120 - 139 | 1 | 1.8 | 14 | 5.1 | 23 | 6.1 | 16 | 4.4 | 17 | 6.7 | 8 | 7.1 | 4 | 12.1 | 8 | 27.6 | 91 | 6.1 |
| R140 - 159 | 2 | 3.5 | 3 | 1.1 | 12 | 3.2 | 9 | 2.4 | 6 | 2.4 | 4 | 3.6 | 6 | 18.2 | 2 | 6.9 | 44 | 2.9 |
| R160 - 179 | - | - | 1 | 0.4 | 7 | 1.9 | 9 | 2.4 | 3 | 1.2 | 3 | 2.7 | 2 | 6.1 | 3 | 10.4 | 28 | 1.9 |
| R180 - 199 | - | - | 1 | 0.4 | 2 | 0.5 | 5 | 1.4 | 2 | 0.8 | 6 | 5.4 | 4 | 12.1 | 2 | 6.9 | 22 | 1.5 |
| R200 - 299 | 1 | 1.8 | 6 | 2.2 | 10 | 2.7 | 15 | 4.1 | 7 | 2.8 | 6 | 5.4 | 4 | 12.1 | 1 | 3.4 | 50 | 3.3 |
| R300 en meer | - | - | 5 | 1.8 | 2 | 0.5 | 5 | 1.4 | 5 | 2.0 | 2 | 1.8 | - | - | 1 | 3.4 | 20 | 1.3 |
| Subtotaal | 22 | 38.7 | 142 | 51.7 | 221 | 58.8 | 222 | 60.8 | 175 | 69.3 | 81 | 72.4 | 31 | 94.0 | 27 | 93.1 | 921 | 61.4 |
| TOTAAL | 57 | 100.0 | 275 | 100.0 | 376 | 100.0 | 365 | 100.0 | 253 | 100.0 | 112 | 100.0 | 33 | 100.0 | 29 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

„totale inkomste per volwasse eenheid". Persone ouer as vyftien jaar is as volwasse eenhede gereken, persone tussen twee en veertien jaar as halwe eenhede en persone onder twee jaar as kwart eenhede.[1] Hierdie ouderdomsgrense is arbitrêr gekies.

Eerstens word die inkomste van die huishouding, uitgedruk as die inkomste per volwasse eenheid, volgens huistaal ontleed. Dié ontleding verskyn in tabel 7. 9.

Blykens hierdie tabel het 38. 8 persent van die huishoudings 'n inkomste van minder as R10 per volwasse eenheid per maand gehad, 38. 7 persent tussen R10 en R19, 13. 2 persent tussen R20 en R29, 6. 7 persent tussen R30 en R49 en die res, naamlik 2. 5 persent, R50 en meer per maand.

Verder blyk dit dat minstens 40 persent van die Tamil-, Hindi- en Telugu-sprekende huishoudings 'n inkomste van minder as R10 per maand per volwasse eenheid gehad het teenoor 13. 6 persent van die Gujurati-, 33. 4 persent van die Urdu- en 25. 2 persent van die Engelssprekende huishoudings.[2]

Die mediaaninkomste per volwasse eenheid van die Tamil-, Hindi- en Teluguspre-kende huishoudings (onderskeidelik R11. 8, R11. 4 en R12. 0) per maand is die laagste. Die Gujuratihuishoudings (R21. 3) het verreweg die meeste per volwasse eenheid verdien, gevolg deur die Engels- (R17. 5) en Urdusprekende (R12. 5) huishoudings.

Soos reeds vermeld, het die Gujurati's hoofsaaklik as handelaars en nie as ingeboekte arbeiders nie, na Suid-Afrika verhuis. Hulle, sowel as die Urdusprekendes, is hoofsaaklik Moslems.

Ook Kuper, Watts en Davies maak melding van die verskille in inkomste by die verskillende taalgroepe onder die Indiërs en verklaar dat hierdie verskille veel groter is as in die geval van die verskillende taalgroepe in die Blanke of Kleurlinggemeenskap (7, bl. 88). Volgens sensusgegewens vir 1951 ten opsigte van die Indiërbevolking van Durban, wat deur bogenoemde skrywers aangehaal is, was die per capita inkomste by die Gujurati's die hoogste (R205), gevolg deur die Engels- (R129), die Urdu- (R77), die Hindi- (R68), die Telugu- (R66) en die Tamilsprekendes (R64) (7, bl. 90).

Interessantheidsonthalwe kan die inkomste van die huishoudings per volwasse eenhede ook volgens geloof ontleed word.

---

1) Waar 'n huishouding dus R70 per maand verdien en uit 'n vader en moeder, twee kinders tussen twee en veertien jaar en twee kinders jonger as twee jaar bestaan, is die inkomste per volwasse eenheid soos volg bereken:

$$\frac{R70}{1.0+1.0+0.5+0.5+0.25+0.25} = \frac{R70}{3.50} = R20$$

2) Die huistaal van die huishouding is nie bepaal nie maar slegs die huistaal van die proefpersoon. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die huistaal van die proefpersoon in die meeste gevalle sal ooreenkom met dié van sy huishouding. Dit is egter waarskynlik dat van die Engelssprekende jongmense lede van huishoudings is waar 'n Oosterse taal, soos byvoorbeeld Tamil, nog oorwegend deur die oumense gepraat word.

TABEL 7.9

DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL

| Rand (totaal) per eenheid | Huistaal | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tamil | | Hindi | | Gujurati | | Telugu | | Urdu | | Engels | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 2 | 0.3 | 3 | 0.7 | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.0 | 6 | 0.4 |
| R0.1 - 4 | 64 | 10.0 | 50 | 11.8 | 2 | 3.4 | 16 | 9.2 | 6 | 6.1 | 2 | 1.9 | 140 | 9.3 |
| R5 - 9 | 198 | 30.8 | 127 | 30.0 | 6 | 10.2 | 56 | 32.4 | 27 | 27.3 | 23 | 22.3 | 437 | 29.1 |
| Subtotaal | 264 | 41.1 | 180 | 42.5 | 8 | 13.6 | 72 | 41.6 | 33 | 33.4 | 26 | 25.2 | 583 | 38.8 |
| R10 - 14 | 157 | 24.4 | 115 | 27.1 | 11 | 18.6 | 37 | 21.4 | 33 | 33.3 | 19 | 18.4 | 372 | 24.8 |
| R15 - 19 | 94 | 14.6 | 54 | 12.7 | 9 | 15.3 | 29 | 16.8 | 10 | 10.1 | 13 | 12.6 | 209 | 13.9 |
| R20 - 24 | 61 | 9.5 | 26 | 6.1 | 6 | 10.2 | 19 | 11.0 | 4 | 4.0 | 18 | 17.5 | 134 | 8.9 |
| R25 - 29 | 19 | 3.0 | 19 | 4.5 | 8 | 13.6 | 6 | 3.5 | 8 | 8.1 | 5 | 4.9 | 65 | 4.3 |
| R30 - 34 | 24 | 3.7 | 10 | 2.4 | 4 | 6.7 | 5 | 2.9 | 3 | 3.0 | 6 | 5.8 | 52 | 3.5 |
| R35 - 39 | 6 | 0.9 | 3 | 0.7 | 4 | 6.7 | 1 | 0.6 | 2 | 2.0 | 2 | 1.9 | 18 | 1.2 |
| R40 - 44 | 5 | 0.8 | 6 | 1.4 | 4 | 6.7 | 1 | 0.6 | - | - | 4 | 3.9 | 20 | 1.3 |
| R45 - 49 | 2 | 0.3 | 2 | 0.5 | - | - | 1 | 0.6 | 1 | 1.0 | 4 | 3.9 | 10 | 0.7 |
| R50 en meer | 10 | 1.6 | 9 | 2.1 | 5 | 8.5 | 2 | 1.2 | 5 | 5.1 | 6 | 5.8 | 37 | 2.5 |
| Subtotaal | 378 | 58.8 | 244 | 57.5 | 51 | 86.5 | 101 | 58.6 | 66 | 66.6 | 77 | 74.7 | 917 | 61.1 |
| TOTAAL | 642 | 100.0 | 424 | 100.0 | 59 | 100.0 | 173 | 100.0 | 99 | 100.0 | 103 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

TABEL 7.10

DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Rand (totaal) per eenheid | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 5 | 0.4 | - | - | 1 | 0.9 | 6 | 0.4 |
| R0.1-4 | 121 | 9.9 | 8 | 5.1 | 11 | 9.3 | 140 | 9.3 |
| R5-9 | 371 | 30.3 | 33 | 21.0 | 33 | 28.0 | 437 | 29.1 |
| R10-14 | 304 | 24.8 | 44 | 28.0 | 24 | 20.3 | 372 | 24.8 |
| R15-19 | 167 | 13.6 | 20 | 12.7 | 22 | 18.6 | 209 | 13.9 |
| R20-24 | 110 | 9.0 | 10 | 6.4 | 14 | 11.9 | 134 | 8.9 |
| R25-29 | 46 | 3.8 | 14 | 8.9 | 5 | 4.2 | 65 | 4.3 |
| R30-34 | 42 | 3.4 | 7 | 4.5 | 3 | 2.5 | 52 | 3.5 |
| R35-39 | 11 | 0.9 | 6 | 3.8 | 1 | 0.9 | 18 | 1.2 |
| R40-44 | 17 | 1.4 | 3 | 1.9 | - | - | 20 | 1.3 |
| R45-49 | 8 | 0.7 | 1 | 0.6 | 1 | 0.9 | 10 | 0.7 |
| R50 en meer | 23 | 1.9 | 11 | 7.0 | 3 | 2.5 | 37 | 2.5 |
| TOTAAL | 1225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Die mediaaninkomste van die huishoudings per volwasse eenheid kom op R14.3 per maand by die Moslems (wat eintlik hoofsaaklik slegs 'n samevoeging van die groep Gujurati- en Urdusprekendes in tabel 7.9 is), R12.9 by die Christene en R11.9 by die Hindoes te staan.

Kuper, Watts en Davies het ook bevind dat die per capita inkomste van die onderskeie godsdiensgroepe nie in so 'n groot mate verskil as dié ten opsigte van die taalgroepe nie (7, bl. 92). Die Moslemgroep se inkomste word aansienlik ingekrimp deur die Urdusprekendes wat, in vergelyking met die ander groot Moslemgroep, naamlik die Gujurati's, 'n betreklik lae inkomste het. Die Urdusprekendes sluit afstammelinge van ingeboekte Moslemarbeiders in (5, bl. 60) en die handelaarstradisie is dus nie so sterk by hulle as by die Gujurati's aanwesig nie.

Volgens tabel 7.11 is die totale maandelikse inkomste per volwasse eenheid van onderskeidelik 32.9, 37.2 en 54.5 persent van die huishoudings in die stede, in dorpe en op plase minder as R10 per maand. Die mediaaninkomste per volwasse eenheid beloop R13.3 in die stede, R12.1 in die dorpe en R9.4 op die plase.

Ten slotte word die inkomste van die huishoudings per volwasse eenheid volgens die grootte van die huishouding ontleed.

## TABEL 7.11

### DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Rand (totaal) per eenheid | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 4 | 0.4 | - | - | 2 | 0.5 | 6 | 0.4 |
| R0.1 - R4 | 74 | 7.8 | 13 | 7.2 | 53 | 14.1 | 140 | 9.3 |
| R5 - 9 | 233 | 24.7 | 54 | 30.0 | 150 | 39.9 | 437 | 29.1 |
| Subtotaal | 311 | 32.9 | 67 | 37.2 | 205 | 54.5 | 583 | 38.8 |
| R10 - 14 | 241 | 25.5 | 56 | 31.1 | 75 | 19.9 | 372 | 24.8 |
| R15 - 19 | 141 | 14.9 | 24 | 13.3 | 44 | 11.7 | 209 | 13.9 |
| R20 - 24 | 105 | 11.1 | 10 | 5.6 | 19 | 5.1 | 134 | 8.9 |
| R25 - 29 | 47 | 5.0 | 8 | 4.4 | 10 | 2.7 | 65 | 4.3 |
| R30 - 34 | 33 | 3.5 | 7 | 3.9 | 12 | 3.2 | 52 | 3.5 |
| R35 - 39 | 12 | 1.3 | 3 | 1.7 | 3 | 0.8 | 18 | 1.2 |
| R40 - 44 | 18 | 1.9 | - | - | 2 | 0.5 | 20 | 1.3 |
| R45 - 49 | 7 | 0.7 | - | - | 3 | 0.8 | 10 | 0.7 |
| R50 en meer | 29 | 3.1 | 5 | 2.8 | 3 | 0.8 | 37 | 2.5 |
| Subtotaal | 633 | 67.0 | 113 | 62.8 | 171 | 45.5 | 917 | 61.1 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 7. 12 neem die persentasie huishoudings wat 'n totale inkomste van minder as R15 per maand per volwasse eenheid het, reëlmatig toe vanaf 35. 9 persent by die huishoudings bestaande uit twee persone (die getal huishoudings met slegs een persoon is te gering om afleidings te maak) tot 86. 6 persent in die geval van die huishoudings met elf lede. Hierdie konsekwente toename word nie volgehou by die huishoudings wat saamgestel is uit twaalf of meer persone nie, maar die betrokke persentasies is ook betreklik hoog by hierdie huishoudings.

Daar is reeds in afdeling 7. 4, aan die hand van tabel 7. 8, getoon dat die totale inkomste van die huishouding neig om toe te neem al na gelang die huishouding groter word. Tabel 7. 12 toon egter dat die inkomste per indiwidu - met inagneming van leeftyd - neig om laer te word al na gelang die huishouding groter word.

Die relatief hoë inkomste van die groot huishouding kompenseer dus nie vir die groot getal afhanklikes van hierdie inkomste nie en dit wil voorkom asof die groot huishouding beslis ekonomies swakker daaraan toe is as die klein huishouding.

Die feit dat die groot huishoudings neig om ekonomies swakker daaraan toe te wees as die kleiner huishoudings, impliseer dat 'n groter persentasie van indiwidue as huishoudings in die laer inkomstegroepe sal voorkom. Volgens 'n eenvoudige berekening is 4, 691 van die 10, 609[1)] indiwidue in die 1, 500 steekproefhuishoudings lede van huishoudings met 'n inkomste van minder as R10 per maand per volwasse eenheid. Teenoor die 38. 8 persent van die huishoudings met 'n inkomste van minder as R10 per volwasse eenheid per maand, behoort 44. 2 persent van die totale getal persone in die huishoudings aan huishoudings met 'n inkomste van hoogstens R9. 9 per volwasse eenheid per maand.

---

1) Hierdie getalle word verkry deur die getal huishoudings met die getal persone in die huishouding in elke kategorie te vermenigvuldig. Die totale getal persone in die huishoudings bestaande uit „vyftien en meer" persone is op 435 geraam (29 huishoudings vermenigvuldig met 'n geskatte 20 persone per huishouding).

TABEL 7.12

DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE HUISHOUDING INGEDEEL

| Rand (totaal) per eenheid | Getal persone | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | | 8 | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.6 | - | - | 1 | 0.5 | 1 | 0.5 | 3 | 1.7 |
| R0.1 - 4 | - | - | 1 | 1.9 | 7 | 6.9 | 7 | 4.0 | 8 | 4.4 | 16 | 8.2 | 15 | 7.8 | 16 | 9.3 |
| R5 - 9 | 2 | 50.0 | 8 | 15.1 | 13 | 12.9 | 26 | 14.9 | 44 | 24.4 | 54 | 27.6 | 61 | 31.6 | 64 | 37.2 |
| R10 - 14 | - | - | 10 | 18.9 | 19 | 18.8 | 44 | 25.3 | 47 | 26.1 | 47 | 24.0 | 52 | 26.9 | 38 | 22.1 |
| Subtotaal minder as R15 | 2 | 50.0 | 19 | 35.9 | 39 | 38.6 | 78 | 44.8 | 99 | 54.9 | 118 | 60.3 | 129 | 66.8 | 121 | 70.3 |
| R15 - 19 | - | - | 5 | 9.4 | 20 | 19.8 | 32 | 18.4 | 25 | 13.9 | 23 | 11.7 | 33 | 17.1 | 28 | 16.3 |
| R20 - 24 | - | - | 6 | 11.3 | 9 | 8.9 | 29 | 16.7 | 19 | 10.6 | 31 | 15.8 | 13 | 6.7 | 10 | 5.8 |
| R25 - 29 | 1 | 25.0 | 6 | 11.3 | 6 | 5.9 | 11 | 6.3 | 12 | 6.7 | 12 | 6.1 | 6 | 3.1 | 4 | 2.3 |
| R30 - 34 | - | - | 3 | 5.7 | 13 | 12.9 | 9 | 5.2 | 13 | 7.2 | 6 | 3.1 | 3 | 1.6 | 3 | 1.7 |
| R35 - 39 | - | - | 1 | 1.9 | 2 | 2.0 | 1 | 0.6 | 3 | 1.7 | 3 | 1.5 | 4 | 2.1 | 3 | 1.7 |
| R40 - 44 | - | - | - | - | 5 | 5.0 | 3 | 1.7 | 4 | 2.2 | 2 | 1.0 | 3 | 1.6 | 1 | 0.6 |
| R45 - 49 | - | - | 4 | 7.5 | 2 | 2.0 | - | - | - | - | 1 | 0.5 | 1 | 0.5 | 1 | 0.6 |
| R50 en meer | 1 | 25.0 | 9 | 17.0 | 5 | 5.0 | 11 | 6.3 | 5 | 2.8 | - | - | 1 | 0.5 | 1 | 0.6 |
| Subtotaal meer as R15 | 2 | 50.0 | 34 | 64.1 | 62 | 61.5 | 96 | 55.2 | 81 | 45.1 | 78 | 39.7 | 64 | 33.2 | 51 | 29.6 |
| TOTAAL | 4 | 100.0 | 53 | 100.0 | 101 | 100.0 | 174 | 100.0 | 180 | 100.0 | 196 | 100.0 | 193 | 100.0 | 172 | 100.0 |

TABEL 7.12 (VERVOLG)

DIE TOTALE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE HUISHOUDING INGEDEEL

| Rand (totaal) per eenheid | Getal persone | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 | | 10 | | 11 | | 12 | | 13 | | 14 | | 15 en meer | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 0.4 |
| R0.1 - 4 | 21 | 15.2 | 20 | 17.4 | 16 | 23.9 | 8 | 17.8 | 2 | 14.3 | - | - | 3 | 10.3 | 140 | 9.3 |
| R 5 - 9 | 54 | 39.1 | 42 | 36.5 | 24 | 35.8 | 21 | 46.7 | 3 | 21.4 | 7 | 36.8 | 14 | 48.3 | 437 | 29.1 |
| R 10 - 14 | 36 | 26.1 | 33 | 28.7 | 18 | 26.9 | 6 | 13.3 | 5 | 35.7 | 6 | 31.6 | 11 | 37.9 | 372 | 24.8 |
| Subtotaal minder as R15 | 111 | 80.4 | 95 | 82.6 | 58 | 86.6 | 35 | 77.8 | 10 | 71.4 | 13 | 68.4 | 28 | 96.5 | 955 | 63.6 |
| R15 - 19 | 14 | 10.1 | 13 | 11.3 | 4 | 6.0 | 6 | 13.3 | 2 | 14.3 | 4 | 21.1 | - | - | 209 | 13.9 |
| R20 - 24 | 8 | 5.8 | 2 | 1.7 | 2 | 3.0 | 2 | 4.4 | 1 | 7.1 | 2 | 10.5 | - | - | 134 | 8.9 |
| R25 - 29 | 1 | 0.7 | 2 | 1.7 | 2 | 3.0 | 1 | 2.2 | 1 | 7.1 | - | - | - | - | 65 | 4.3 |
| R30 - 34 | 2 | 1.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 52 | 3.5 |
| R35 - 39 | - | - | - | - | - | - | 1 | 2.2 | - | - | - | - | - | - | 18 | 1.2 |
| R40 - 44 | 1 | 0.7 | 1 | 0.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 20 | 1.3 |
| R45 - 49 | - | - | 1 | 0.9 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 10 | 0.7 |
| R50 en meer | 1 | 0.7 | 1 | 0.9 | 1 | 1.5 | - | - | - | - | - | - | 1 | 3.4 | 37 | 2.5 |
| Subtotaal meer as R15 | 27 | 19.5 | 20 | 17.4 | 9 | 13.5 | 10 | 22.1 | 4 | 28.5 | 6 | 31.6 | 1 | 3.4 | 545 | 36.3 |
| TOTAAL | 138 | 100.0 | 115 | 100.0 | 67 | 100.0 | 45 | 100.0 | 14 | 100.0 | 19 | 100.0 | 29 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

HOOFSTUK 8

# DIE BESTEDING VAN DIE KONTANTINKOMSTE

## 8.1 INLEIDING

Die presiese bepaling van die bestedingspatroon by die Indiërhuishouding - soos immers by enige groep indiwidue of huishoudings - verg 'n omvattende en veeleisende ondersoek wat op sigself die onderwerp van 'n uitgebreide navorsingsprojek kan uitmaak.

Geen sodanige noukeurige ondersoek was binne die raamwerk van die huidige breë ondersoek moontlik nie. Die gegewens wat ingewin is, berus op die ramings (en soms skattings) van die proefpersone en moet slegs as 'n benaderde weergawe van die werklike patroon beskou word.

In hierdie kort hoofstuk dus, word die besteding van die kontantinkomste, onder verskeie uitgawe-items, ontleed.

## 8.2 UITGAWES ONDER VERSKILLENDE UITGAWE-ITEMS

Tabel 8.1 toon die uitgawes van die 1,500 huishoudings onder tien verskillende uitgawe-items aan.

Dit blyk dat 52.6 persent van die huishoudings geen uitgawes ten opsigte van die huur van 'n woning gehad het nie. Hierdie huishoudings besit dus 'n woning, of het 'n woning aangekoop waarop nog afbetaal word, of 'n woning word gratis deur die werkgewer verskaf. 'n Verdere 29.1 persent het minder as R10 per maand aan huishuur bestee, terwyl 18.3 persent R10 of meer per maand aan huurgeld bestee het.

Bykans 90 persent van die huishoudings het geen uitgawes onder die hoof "afbetaling aan woning" gehad nie. Van die huishoudings wat wel aan 'n woning afbetaal het, het die meeste minder as R20 per maand onder hierdie hoof bestee.

Nagenoeg driekwart van die huishoudings bestee tussen R10 en R49 per maand aan voedsel. Voedsel is dan ook die grootste uitgawe-item.

Slegs 34.6 persent van die huishoudings het normaalweg geen vervoeronkostes nie. Ongeveer 11 persent bestee R10 of meer per maand aan vervoer.

Meer as 80 persent van die huishoudings vind dit nie moontlik om te spaar nie. Nagenoeg ses persent spaar meer as R20 per maand.

Nagenoeg 90 persent van die huishoudings het geen uitgawes ten opsigte van ouers of familielede wat deur hulle onderhou of finansieel gesteun word nie.[1]

1) Die nagenoeg 10 persent van die huishoudings wat wel dergelike uitgawes het, bestee die onderskeie bedrae aan ouers of ander persone wat nie deel van die streekproefhuishoudings is nie. Slegs die uitgawes van die huishouding as eenheid is in berekening gebring.

TABEL 8.1

MAANDELIKSE UITGAWES VOLGENS UITGAWE-ITEMS INGEDEEL

| Bedrag bestee | Huishoudelike uitgawes | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huur van woning | | Afbetaling van woning | | Voedsel | | Vervoer | | Spaar | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 789 | 52.6 | 1,309 | 87.3 | 4 | 0.3 | 519 | 34.6 | 1,232 | 82.1 |
| R1 | 79 | 5.3 | - | - | 1 | 0.1 | 129 | 8.6 | 17 | 1.1 |
| R2 | 69 | 4.6 | 5 | 0.3 | - | - | 203 | 13.5 | 23 | 1.5 |
| R3 | 38 | 2.5 | - | - | 5 | 0.3 | 98 | 6.5 | 13 | 0.9 |
| R4 | 63 | 4.2 | 5 | 0.3 | 9 | 0.6 | 128 | 8.5 | 20 | 1.3 |
| R5 | 48 | 3.2 | 1 | 0.1 | 18 | 1.2 | 123 | 8.2 | 19 | 1.3 |
| R6-9 | 140 | 9.3 | 23 | 1.5 | 49 | 3.3 | 135 | 9.0 | 14 | 0.9 |
| R10-19 | 169 | 11.3 | 66 | 4.4 | 325 | 21.7 | 135 | 9.0 | 69 | 4.6 |
| R20-29 | 71 | 4.7 | 46 | 3.1 | 356 | 23.7 | 19 | 1.3 | 46 | 3.1 |
| R30-39 | 21 | 1.4 | 23 | 1.5 | 231 | 15.4 | 9 | 0.6 | 18 | 1.2 |
| R40-49 | 7 | 0.5 | 12 | 0.8 | 222 | 14.8 | 1 | 0.1 | 8 | 0.5 |
| R50-59 | 5 | 0.3 | 5 | 0.3 | 108 | 7.2 | - | - | 8 | 0.5 |
| R60-69 | 1 | 0.1 | 3 | 0.2 | 71 | 4.7 | 1 | 0.1 | 7 | 0.5 |
| R70-79 | - | - | 1 | 0.1 | 36 | 2.4 | - | - | - | - |
| R80-89 | - | - | 1 | 0.1 | 23 | 1.5 | - | - | - | - |
| R90-99 | - | - | - | - | 6 | 0.4 | - | - | 6 | 0.4 |
| R100 en meer | - | - | - | - | 36 | 2.4 | - | - | - | - |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 8.1 (VERVOLG)

MAANDELIKSE UITGAWES VOLGENS UITGAWE-ITEMS INGEDEEL

| Bedrag bestee | Huishoudelike uitgawes: Bystand aan ouers en andere | | Onderwys van kinders | | Tabak | | Drank | | Ander uitgawes | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 1,379 | 91.8 | 610 | 40.7 | 658 | 43 9 | 930 | 62.0 | 80 | 5.3 |
| R1 | 16 | 1.1 | 203 | 13.5 | 83 | 5.5 | 103 | 6.9 | 36 | 2.4 |
| R2 | 21 | 1.4 | 227 | 15.1 | 169 | 11.3 | 141 | 9.4 | 57 | 3.8 |
| R3 | 4 | 0.3 | 108 | 7.2 | 97 | 6.5 | 62 | 4.1 | 67 | 4.5 |
| R4 | 13 | 0.9 | 104 | 6.9 | 149 | 9.9 | 113 | 7.5 | 60 | 4.0 |
| R5 | 10 | 0.7 | 91 | 6.1 | 99 | 6.6 | 36 | 2.4 | 75 | 5.0 |
| R6-9 | 20 | 1.3 | 63 | 4.2 | 173 | 11.5 | 68 | 4.5 | 227 | 15.1 |
| R10-19 | 26 | 1.7 | 68 | 4.5 | 67 | 4.5 | 43 | 2.9 | 367 | 24.5 |
| R20-29 | 8 | 0.5 | 20 | 1.3 | 5 | 0.3 | 3 | 0.2 | 218 | 14.5 |
| R30-39 | 1 | 0.1 | 3 | 0.2 | - | - | - | - | 89 | 5.9 |
| R40-49 | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 71 | 4.7 |
| R50-59 | - | - | - | - | - | - | - | - | 54 | 3.6 |
| R60-69 | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 28 | 1.9 |
| R70-79 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.1 | 23 | 1.5 |
| R80-89 | - | - | - | - | - | - | - | - | 7 | 0.5 |
| R90-99 | - | - | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 11 | 0.7 |
| R100 en meer | - | - | - | - | - | - | - | - | 30 | 2.0 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Onderskeidelik 40.7, 43.9 en 62.0 persent van die huishoudings verklaar dat hulle geen uitgawes onder die hoofde „onderwys van kinders,[1]" „tabak" en „drank" het nie.

Ook onder „ander uitgawes" word betreklik groot bedrae bestee, en hierdie is die tweede grootste uitgawe-item. Onder „ander uitgawes" word, onder andere, uitgawes ten opsigte van vermaak, klere, assuransie, die aankoop van meubels, onkoste in verband met feeste en seremonies, en mediese versorging gereken. Aangesien uitgawes onder hierdie hoof nie „gereeld" (soos byvoorbeeld ten opsigte van voedsel en huishuur) is nie, maar eerder „sporadies" is, was die uitgawes onder hierdie hoof baie moeilik bepaalbaar en is die gegewens dus waarskynlik onbetroubaar.

Een rede vir die betreklik hoë uitgawes onder „ander uitgawes" is dat sekere godsdienstige en ander gebruike by die Hindoe die huishouding 'n aardige bedrag uit die sak jaag. V.S. Naidoo verklaar in hierdie verband: „Certain ceremonies have to be performed in connection with the major events of life: birth, marriage, and death. In addition various festivals, fasts and feasts are observed. All these religious observances absorb a considerable portion of the Hindu family's income and are said to account largely for the perpetual indebtedness of many families" (6, bl. 584).

## 8.3 PERSENTASIE VAN KONTANTINKOMSTE BESTEE ONDER DIE VERSKILLENDE UITGAWE-ITEMS

In tabel 8.2 word aangedui watter persentasie van die huishouding se inkomste onder elke hoof bestee word.

Onder andere blyk dit dat 51.5 [2] persent van die huishoudings minder as 50 persent van hulle inkomste aan voedsel bestee het. Bykans tien persent van die huishoudings het minstens 70 persent van hulle kontantinkomste aan voedsel bestee wat meebring dat hierdie huishoudings hoogstens 30 persent van hulle inkomste oor het om in ander noodsaaklike behoeftes (byvoorbeeld behuising en klere) te voorsien, en om aan luukses (byvoorbeeld rookgoed en ontspanning) te spandeer.

Slegs 'n geringe persentasie van die huishoudings het meer as 30 persent van hulle kontantinkomste aan die huur van 'n woning of die afbetaling van 'n huis bestee. (Ten einde 'n geheelbeeld van die uitgawes aan behuising te verkry, word hierdie twee kategorieë in die volgende tabel saamgevat.)

---

1) Byvoorbeeld klasgelde, koste van boeke, maar nie vervoerkoste nie - dit word elders in berekening gebring.

2) Enkele huishoudings wat geen uitgawes onder hierdie hoof gehad het nie, word buite rekening gelaat. Hierdie huishoudings het oor geen inkomste beskik nie en is deur vriende of familie versorg.

TABEL 8.2

DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN DIE VERSKILLENDE UITGAWE-ITEMS BESTEE

| Persentasie bestee | Uitgawe-items | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Huur van woning | | Afbetaling van woning | | Voedsel | | Vervoer | | Spaar | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 789 | 52.5 | 1,309 | 87.3 | 4 | 0.3 | 519 | 34.6 | 1,232 | 82.1 |
| 0.1-9% | 229 | 15.3 | 21 | 1.4 | - | - | 739 | 49.2 | 140 | 9.3 |
| 10-19% | 258 | 17.2 | 63 | 4.2 | 19 | 1.3 | 215 | 14.3 | 88 | 5.9 |
| 20-29% | 150 | 10.0 | 63 | 4.2 | 122 | 8.1 | 24 | 1.6 | 32 | 2.1 |
| 30-39% | 51 | 3.4 | 27 | 1.8 | 295 | 19.7 | 1 | 0.1 | 5 | 0.3 |
| 40-49% | 15 | 1.0 | 11 | 0.7 | 336 | 22.4 | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 |
| 50-59% | 6 | 0.4 | 3 | 0.2 | 365 | 24.3 | 1 | 0.1 | 2 | 0.1 |
| 60-69% | 1 | 0.1 | 3 | 0.2 | 221 | 14.7 | - | - | - | - |
| 70-79% | 1 | 0.1 | - | - | 103 | 6.9 | - | - | - | - |
| 80-89% | - | - | - | - | 26 | 1.7 | - | - | - | - |
| 90-99% | - | - | - | - | 9 | 0.6 | - | - | - | - |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 8.2 (VERVOLG)

DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN DIE VERSKILLENDE UITGAWE-ITEMS BESTEE

| Persentasie bestee | Uitgawe-items | | | | | | | | Ander uitgawes | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bystand aan ouers en andere | | Onderwys van kinders | | Tabak | | Drank | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 1,379 | 91.8 | 610 | 40.7 | 658 | 43.9 | 930 | 62.0 | 80 | 5.3 |
| 0.1-9% | 81 | 5.4 | 751 | 50.1 | 679 | 45.3 | 484 | 32.3 | 170 | 11.3 |
| 10-19% | 28 | 1.9 | 120 | 8.0 | 147 | 9.8 | 79 | 5.3 | 349 | 23.3 |
| 20-29% | 10 | 0.7 | 17 | 1.1 | 15 | 1.0 | 5 | 0.3 | 370 | 24.7 |
| 30-39% | 1 | 0.1 | 2 | 0.1 | 1 | 0.1 | 2 | 0.1 | 277 | 18.5 |
| 40-49% | - | - | - | - | - | - | - | - | 165 | 11.0 |
| 50-59% | - | - | - | - | - | - | - | - | 66 | 4.4 |
| 60-69% | 1 | 0.1 | - | - | - | - | - | - | 21 | 1.4 |
| 70-79% | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 0.1 |
| 80-89% | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 90-99% | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Onderskeidelik 16.2 (vervoer), 8.5 (spaar), 2.8 (bystand aan persone in ander huishoudings), 9.2 (onderwys), 10.9 (tabak), 5.7 (drank) en 83.4 (ander) persent van die huishoudings het minstens tien persent van hulle inkomste onder ander uitgawe-items wat in die tabel voorkom, bestee.

In tabelle 8.3 en 8.4 word die persentasie van die kontantinkomste wat respektiewelik aan behuising (huur sowel as die afbetaling aan 'n woning) en voedsel bestee word, volgens woonplek ingedeel.

TABEL 8.3

DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN BEHUISING BESTEE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | Totaal | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 278 | 29.5 | 89 | 49.4 | 247 | 65.7 | 614 | 40.9 |
| 1-9% | 152 | 16.1 | 14 | 7.8 | 69 | 18.4 | 235 | 15.7 |
| 10-19% | 236 | 25.0 | 45 | 25.0 | 38 | 10.1 | 319 | 21.3 |
| 20-29% | 174 | 18.4 | 21 | 11.7 | 17 | 4.5 | 212 | 14.1 |
| 30-39% | 68 | 7.2 | 8 | 4.4 | 2 | 0.5 | 78 | 5.2 |
| 40-49% | 23 | 2.4 | 3 | 1.7 | 1 | 0.3 | 27 | 1.8 |
| 50-59% | 8 | 0.8 | - | - | 2 | 0.5 | 10 | 0.7 |
| 60-69% | 4 | 0.4 | - | - | - | - | 4 | 0.3 |
| 70% of meer | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 8.3 het 40.9 persent van die huishoudings geen onkoste ten opsigte van behuising gehad nie, 37.0 persent het van een tot negentien persent van hulle kontantinkomste aan behuising bestee, 19.3 persent van 20 tot 39 persent en die res, naamlik 2.9 persent, minstens 40 persent.

Gesien in die lig van hul betreklik lae kontantinkomste, bestee die gemiddelde Indiërhuishouding 'n opvallend geringe deel van sy inkomste aan behuising. Dit beteken oënskynlik nie dat Indiërs deurgaans teen billike tariewe gehuisves kan word nie. „It is a strange anomaly," aldus C.A. Woods, „that average rent is not a very high percentage of Indian expenditure in Natal. In view of the deficiencies in housing quality and space ...... rent is high, yet it is also true that in the majority of cases such a charge is not the most difficult item of the family budget" (3, bl. 65).

Ook blyk dit uit tabel 8.3 dat veel meer stedelike huishoudings (70.4%) as huishoudings in dorpe (50.6%) en op plase (34.3%) vir behuising op hulle begroting

voorsiening moet maak. Verder toon die tabel dat 10.9 persent van die stedelike huishoudings, 6.1 persent van die huishoudings in dorpe en slegs 1.3 persent van die huishoudings op plase meer as 30 persent van hulle inkomste aan behuising bestee.

TABEL 8.4

DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN VOEDSEL BESTEE VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Persentasie bestee | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 1 | 0.1 | - | - | 3 | 0.8 | 4 | 0.3 |
| 1-9% | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 10-19% | 12 | 1.3 | 4 | 2.2 | 3 | 0.8 | 19 | 1.3 |
| 20-29% | 94 | 10.0 | 15 | 8.3 | 13 | 3.5 | 122 | 8.1 |
| 30-39% | 191 | 20.2 | 47 | 26.1 | 57 | 15.2 | 295 | 19.7 |
| 40-49% | 232 | 24.6 | 40 | 22.2 | 64 | 17.0 | 336 | 22.4 |
| 50-59% | 239 | 25.3 | 39 | 21.7 | 87 | 23.1 | 365 | 24.3 |
| 60-69% | 113 | 12.0 | 25 | 13.9 | 83 | 22.1 | 221 | 14.7 |
| 70-79% | 44 | 4.7 | 8 | 4.4 | 51 | 13.6 | 103 | 6.9 |
| 80-89% | 14 | 1.5 | 1 | 0.6 | 11 | 2.9 | 26 | 1.7 |
| 90-99% | 4 | 0.4 | 1 | 0.6 | 4 | 1.1 | 9 | 0.6 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 8.4 toon dat 'n groter gedeelte van die huishoudings op plase (62. 8%) minstens die helfte van hulle beskikbare kontant aan voedsel moet bestee as in die geval van die huishoudings in die stede (43.9%) en in dorpe (41.2%).

Ten slotte word die persentasie van die kontantinkomste wat aan sowel behuising as voedsel bestee word, ontleed volgens die kontantinkomste van die huishouding per volwasse eenheid per maand.

Tabel 8.5 toon eerstens dat slegs 27.0 persent van huishoudings minder as die helfte van hulle inkomste aan voedsel en behuising bestee. Meer as 70 persent bestee dus meer as die helfte van hulle inkomste aan voedsel en behuising en het gevolglik hoogstens die helfte van hulle inkomste oor om in alle ander behoeftes te voorsien.

Vervolgens blyk dit dat 85.7 persent van die huishoudings met 'n inkomste van minder as R5 per maand volwasse eenheid minstens 50 persent van hulle inkomste aan voedsel en behuising bestee. Die ooreenstemmende persentasies daal al na gelang die inkomste per volwasse eenheid styg, gevolglik het slegs 39.4 persent van die huishoudings in die groep met die hoogste inkomste per volwasse eenheid meer as die helfte van hul inkomste aan behuising en voedsel bestee.

TABEL 8.5

DIE PERSENTASIE VAN DIE KONTANTINKOMSTE AAN BEHUISING EN VOEDSEL BESTEE VOLGENS DIE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING PER VOLWASSE EENHEID PER MAAND INGEDEEL

| Persentasie bestee | Rand (kontant) per eenheid | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R0-4 | | R5-9 | | R10-19 | | R20-29 | | R30 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 3 | 1.4 | 1 | 0.2 | 1 | 0.2 | - | - | - | - | 5 | 0.3 |
| 0.1-9% | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| 10-19% | - | - | 2 | 0.5 | - | - | 1 | 0.5 | 5 | 3.8 | 8 | 0.5 |
| 20-29% | 4 | 1.9 | 2 | 0.5 | 14 | 2.6 | 11 | 5.6 | 12 | 9.1 | 43 | 2.9 |
| 30-39% | 8 | 3.8 | 22 | 5.2 | 43 | 7.9 | 20 | 10.3 | 29 | 22.0 | 122 | 8.1 |
| 40-49% | 15 | 7.2 | 41 | 9.8 | 85 | 15.6 | 53 | 27.2 | 34 | 25.8 | 228 | 15.2 |
| 50-59% | 36 | 17.2 | 98 | 23.3 | 139 | 25.5 | 59 | 30.3 | 24 | 18.2 | 356 | 23.7 |
| 60-69% | 53 | 25.4 | 113 | 26.9 | 132 | 24.3 | 29 | 14.9 | 16 | 12.1 | 343 | 22.9 |
| 70-79% | 43 | 20.6 | 93 | 22.1 | 84 | 15.4 | 15 | 7.7 | 11 | 8.3 | 246 | 16.4 |
| 80-89% | 25 | 12.0 | 39 | 9.3 | 40 | 7.4 | 6 | 3.1 | 1 | 0.8 | 111 | 7.4 |
| 90-99% | 22 | 10.5 | 9 | 2.1 | 6 | 1.1 | 1 | 0.5 | - | - | 38 | 2.5 |
| TOTAAL | 209 | 100.0 | 420 | 100.0 | 544 | 100.0 | 195 | 100.0 | 132 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## HOOFSTUK 9

## BATES

9.1 INLEIDING

Daar word nou kortliks verwys na die bates van die ondersoekgroep.

Soms word slegs na die bates van die proefpersoon self, soms na die bates van die egpaar en soms na die bates van die huishouding verwys.

9.2 BEGRAFNISFONDSE, PENSIOENFONDSE EN LEWENS- OF UITKEERPOLISSE

Tabel 9.1 toon hoeveel van die proefpersone tot 'n begrafnisfonds of -polis bygedra het.

TABEL 9.1

BYDRAE TOT 'N BEGRAFNISFONDS OF -POLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Begrafnisfonds of -polis | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 60 | 6.4 | - | - | 5 | 1.3 | 65 | 4.3 |
| Nee | 884 | 93.6 | 180 | 100.0 | 371 | 98.7 | 1,435 | 95.7 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk dat slegs 4.3 persent van die totale groep tot 'n begrafnisfonds of -polis bygedra het. Die ooreenstemmende persentasies by die stedelinge en plaasbewoners kom op onderskeidelik 6.4 en 1.3 te staan. Geeneen van die 180 persone wat in dorpe woonagtig is, het aan 'n dergelike skema behoort nie.

TABEL 9.2

BYDRAE TOT 'N LEWENS- OF UITKEERPOLIS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Lewens- of uitkeerpolis | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 183 | 19.4 | 39 | 21.7 | 48 | 12.8 | 270 | 18.0 |
| Nee | 761 | 80.6 | 141 | 78.3 | 328 | 87.2 | 1,230 | 82.0 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 9.2 het 18.0 persent van die Indiërs in die ondersoekgroep (en

onderskeidelik 19.4, 21.7 en 12.8 persent van diegene wat in stede, in dorpe en op plase woon) oor 'n lewens- of uitkeerpolis beskik.

TABEL 9.3

BYDRAE TOT 'N PENSIOENFONDS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Pensioen-fonds | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 52 | 5.5 | 11 | 6.1 | 19 | 5.1 | 82 | 5.5 |
| Nee | 892 | 94.5 | 169 | 93.9 | 357 | 94.9 | 1,418 | 94.5 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 9.3 toon dat slegs 5.5 persent van die proefpersone tot 'n pensioenfonds bygedra het. Hierdie syfer verskil nie noemenswaardig ten opsigte van die stads-, dorp- en plaasbewoners nie.

## 9.3 BESIT VAN 'N YSKAS, TELEFOON, MOTORVOERTUIG EN WONING

Daar is vasgestel hoeveel huishoudings 'n yskas, 'n telefoon 'n motor en die woning waarin hulle tydens die ondersoek aangetref is, besit. Hierdie gegewens word in die volgende vier tabelle volgens woonplek ontleed.

TABEL 9.4

BESIT VAN 'N YSKAS VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Besit yskas | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 277 | 29.3 | 39 | 21.7 | 35 | 9.3 | 351 | 23.4 |
| Nee | 667 | 70.7 | 141 | 78.3 | 341 | 90.7 | 1149 | 76.6 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Volgens tabel 9.4 het nagenoeg 'n kwart van die huishoudings oor 'n yskas beskik. Minder as tien persent van die huishoudings op plase het 'n yskas besit.

Ook die besit van 'n telefoon is, in 'n mate, 'n aanduiding van die lewenspeil en ekonomiese status alhoewel, soos C.A. Woods dit stel, die besit van 'n telefoon

ook "some' social' background" het (3, bl. 33).

TABEL 9.5

BESIT VAN 'N TELEFOON VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Besit telefoon | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 160 | 16.9 | 35 | 19.4 | 8 | 2.1 | 203 | 13.5 |
| Nee | 784 | 83.1 | 145 | 80.6 | 368 | 97.9 | 1,297 | 86.5 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Blykens tabel 9.5 het 13.5 persent van al die huishoudings, 16.9 persent van die stedelike huishoudings, 19.4 persent van die huishoudings in dorpe en slegs 2.1 persent van die huishoudings op plase 'n telefoon gehuur.

Alhoewel gegewens ten opsigte van Blanke huishoudings ontbreek, wil dit uit bostaande gegewens voorkom asof, relatief tot die grootte van die onderskeie bevolkingsgroepe, veel meer Blanke as Indiërhuishoudings oor 'n telefoon beskik.

Woods verklaar in hierdie verband: "........ it is significant that of some 36,000 telephones in the Greater Durban area, less than 3,000 are registered in Indian names ......." (3, bl. 33). Hierdie gegewens van Woods is egter nagenoeg 'n dekade oud.

Tabel 9.6 toon hoeveel van die huishoudings 'n motorvoertuig besit.

TABEL 9.6

BESIT VAN 'N MOTORVOERTUIG VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Besit motorvoertuig | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Ja | 196 | 20.8 | 52 | 28.9 | 68 | 18.1 | 316 | 21.1 |
| Nee | 748 | 79.2 | 128 | 71.1 | 308 | 81.9 | 1,184 | 78.9 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Onderskeidelik 21.1, 20.8, 28.9 en 18.1 persent van die totale groep huishoudings en van die huishoudings in stede, in dorpe en op plase het 'n motorvoertuig besit.

TABEL 9.7

BESIT VAN WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Besit woning | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Besit die woning en ten volle afbetaal | 246 | 26.1 | 48 | 26.7 | 92 | 24.5 | 386 | 25.7 |
| Besit die woning maar betaal nog daaraan af | 152 | 16.1 | 7 | 3.9 | 11 | 2.9 | 170 | 11.3 |
| Woning word gehuur of die huishouding word gratis gehuisves | 546 | 57.8 | 125 | 69.4 | 273 | 72.6 | 944 | 62.9 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 9.7 het 25.7 persent van die huishoudings die woning waarin hulle gewoon het, besit. 'n Verdere 11.3 persent het nog aan hul wonings afbetaal, terwyl die res (62.9%) die woning gehuur het of gratis gehuisves is.

Die persentasies van huishoudings in die stede, in dorpe en op plase wat hulle woning besit, wyk nie veel van mekaar af nie. Dit is egter opvallend dat 'n betreklike groot persentasie (16.1%) van die stedelike huishoudings, teenoor 'n betreklik lae persentasie van die huishoudings in dorpe (3.9%) en op plase (2.9%) besig is om aan hul woning af te betaal.

## 9.4 BATES TEN OPSIGTE VAN SPAARGELD, ROERENDE EN VASTE EIENDOM

Ongetroude persone is versoek om hulle persoonlike bates ten opsigte van kontant, roerende en vaste eiendom te raam en aan te dui in watter klasinterval hulle bates ingedeel kan word. Getroude persone moes die gegewens ten opsigte van die

egpaar verstrek.[1)]

Geen poging is aangewend om die presiese geraamde bedrag te wete te kom nie. Klasintervalle is aan die proefpersoon getoon en hy moes slegs aandui watter van die kategorieë op hom van toepassing is. Ook is daar nie aangedring op 'n antwoord nie, alhoewel, soos blyk uit tabel 9.8, weinig van die proefpersone geweier het om inligting op hierdie vrae te verstrek.

TABEL 9.8

BATES TEN OPSIGTE VAN KONTANT, ROERENDE EN VASTE EIENDOM

| Bates | Kontant | | Roerende eiendom | | Vaste eiendom | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen of minder as R50 | 1,248 | 83.2 | 485 | 32.3 | )* | )* |
| R50-R99 | 50 | 3.3 | 148 | 9.9 | 1,160 ) | 77.3 ) |
| R100-R299 | 85 | 5.7 | 395 | 26.3 | 19 | 1.3 |
| R300-R499 | 44 | 2.9 | 243 | 16.2 | 15 | 1.0 |
| R500-R999 | 28 | 1.9 | 151 | 10.1 | 42 | 2.8 |
| R1,000-R4,999 | 23 | 1.5 | 65 | 4.3 | 150 | 10.0 |
| R5,000 en meer | 5 | 0.3 | 4 | 0.3 | 104 | 6.9 |
| Inligting geweier | 17 | 1.1 | 9 | 0.6 | 10 | 0.7 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

* 77.3 persent van die ondervraagdes het verklaar dat hulle (of, indien getroud, hulle en hul eggenotes) geen vaste eiendom besit nie of oor vaste eiendom beskik het wat hoogstens R99 werd is. Die eerste klasinterval onder „Vaste eiendom" lees dus „Geen of minder as R99" en nie „Geen of minder as R50" nie.

Volgens tabel 9.8 het 83.2 persent van die proefpersone en, indien getroud, ook hul eggenotes, oor geen of weinig (minder as R50) spaargeld beskik. Volgens tabel 8.2 het 82.1 persent van die huishoudings normaalweg nie gespaar nie.

1) Ten einde lang berekenings te vermy en om te voorkom dat verskillende lede van die huishouding wat oor bates beskik, hulle bates aan mekaar bekend moes maak ten einde tot 'n totaalsyfer te kom, is die bates van die huishouding nie bepaal nie. Hierdie prosedure het egter tot probleme gelei aangesien daar, in baie van die huishoudings, weinig sprake van „privaatbesit" is en alle eiendom aan die huishouding behoort. Ongelukkig is hierdie probleem, tydens die opname, nie altyd op dieselfde wyse oorbrug nie. Probleme het hoofsaaklik slegs ontstaan waar die huishoudings groot is en uit meer as een gesin bestaan.

Nagenoeg 'n derde van die ondervraagdes het verklaar dat hulle roerende eiendom minder as R50 werd is. Met roerende eiendom word onder andere meubels, motors en radio's, maar nie klere nie, bedoel.

In die geval van, byvoorbeeld motors, is die proefpersoon versoek om die huidige markwaarde van die motor in berekening te bring en om enige bedrae wat nog op die motor verskuldig is, van die markwaarde van die motor af te trek.

Meer as driekwart van die proefpersone het geen vaste eiendom soos byvoorbeeld grond, huise en verbeterings op plase besit nie, of die waarde van dergelike eiendom het nie R99 oorskry nie. Ses punt nege persent van die ondervraagdes het oor vaste eiendom beskik wat hulle op minstens R5,000 gewaardeer het.

Ook in die geval van vaste eiendom is die proefpersoon gewaarsku om bedrae wat hy nog op dié eiendom skuld, nie in berekening te bring nie.

L. Kuper, H. Watts en R. Davies verskaf gegewens wat 'n goeie oorsig gee van die waarde van vaste eiendom wat deur Indiërs in Durban besit word: „In the process of establishing themselves, Indians acquired considerable holdings of immovable property in the city. The Technical Sub-Committee on Race Zoning estimated the value of property owned by them in 1950-1 as £24,541,060, and its extent as 10,323 acres (or 13.7 per cent of the total value of property in the city, and 26.0 per cent of its acreage)" (7, bl. 33).

## 9.5 TOTALE BATES

Nadat die proefpersoon inligting oor sy kontant, roerende en vaste eiendom verstrek het, is hy versoek om sy totale bates in een van die kategorieë wat aan hom getoon is, in te deel.

Die totale bates van die proefpersone (of egpare waar van toepassing) word in tabel 9.9 volgens geloof en in tabel 9.10 volgens woonplek ontleed.

Onderskeidelik 37.8, 40.1, 17.3 en 4.1 persent van die proefpersone het die waarde van hulle bates op minder as R100, tussen R100 en R999, tussen R1,000 en R9,999 en op R10,000 en meer geraam.

'n Veel groter persentasie van die Moslems (4.5%) as van die Hindoes (0.4%) het in die hoogste groep geressorteer, maar origens word aansienlike verskille tussen die twee groepe nie aangetref nie. Alhoewel die geringe getalle afleidings gevaarlik maak, is dit tog opvallend dat daar betreklik min Christene in die groepe met bates ter waarde van minstens R5,000 voorkom.

TABEL 9.9

TOTALE BATES VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Bates | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen of minder as R50 | 342 | 27.9 | 42 | 26.8 | 35 | 29.6 | 419 | 27.9 |
| R50 - R99 | 133 | 10.9 | 5 | 3.2 | 11 | 9.3 | 149 | 9.9 |
| R100 - R499 | 396 | 32.3 | 55 | 35.0 | 39 | 33.1 | 490 | 32.7 |
| R500 - R999 | 87 | 7.1 | 14 | 8.9 | 10 | 8.5 | 111 | 7.4 |
| R1000 - R4999 | 146 | 11.9 | 15 | 9.6 | 18 | 15.3 | 179 | 11.9 |
| R5000 - R9999 | 65 | 5.3 | 12 | 7.6 | 4 | 3.4 | 81 | 5.4 |
| R10000 - R19999 | 42 | 3.4 | 6 | 3.8 | 1 | 0.8 | 49 | 3.3 |
| R20000 en meer | 5 | 0.4 | 7 | 4.5 | - | - | 12 | 0.8 |
| Inligting geweier | 9 | 0.7 | 1 | 0.6 | - | - | 10 | 0.7 |
| TOTAAL | 1,225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Ten slotte word die waarde van die totale bates van die Indiërs ook volgens woonplek ontleed.

TABEL 9.10

TOTALE BATES VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Bates | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen of minder as R50 | 261 | 27.7 | 49 | 27.2 | 109 | 29.0 | 419 | 27.9 |
| R50 - R99 | 72 | 7.6 | 15 | 8.3 | 62 | 16.5 | 149 | 9.9 |
| R100 - R499 | 305 | 32.3 | 60 | 33.4 | 125 | 33.2 | 490 | 32.7 |
| R500 - R999 | 75 | 7.9 | 17 | 9.4 | 19 | 5.1 | 111 | 7.4 |
| R1000 - R4999 | 140 | 14.8 | 16 | 8.9 | 23 | 6.2 | 179 | 11.9 |
| R5000 - R9999 | 47 | 5.0 | 12 | 6.7 | 22 | 5.8 | 81 | 5.4 |
| R10000 - R19999 | 31 | 3.3 | 7 | 3.9 | 11 | 2.9 | 49 | 3.3 |
| R20000 en meer | 8 | 0.9 | 1 | 0.6 | 3 | 0.8 | 12 | 0.8 |
| Inligting geweier | 5 | 0.5 | 3 | 1.7 | 2 | 0.5 | 10 | 0.7 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Volgens tabel 9.10 kom 67.6 persent van die stedelinge, 68.9 persent van die dorps- en 78.7 persent van die plaasbewoners se bates op minder as R500 te staan. Die plaasbewoners is dus, wat bates betref, blykbaar die slegste daaraan toe.

Relatief gesproke is daar meer dorpsbewoners as stedelinge of plaasbewoners in die groep met die hoogste bates. Die getalle in hierdie kategorieë is egter te klein om besliste afleidings te regverdig.

# HOOFSTUK 10

## BEHUISING

## 10.1 INLEIDING

Vrae in die vraelys oor die behuising van die ondersoekgroep is beperk tot dit wat konkreet en meetbaar is. Met veldwerkers wat slegs in die „meganiese" gebruik van die vraelys opgelei kon word, was dit nie moontlik om vrae wat op die subjektiewe oordeel van die veldwerker berus, in te sluit nie. Alhoewel geen beeld oor die behuising van 'n gemeenskap volledig sal wees sonder verwysing na die voorkoms en doeltreffendheid van die wonings nie, is dergelike aspekte, wat noodwendig op die subjektiewe oordeel van die veldwerkers sou moes berus, vermy.

## 10.2 SOORT WONING

Die soort wonings waarin die huishoudings (waarvan die proefpersone lede is) aangetref is, word in tabel 10.1 volgens woonplek ingedeel.

Verreweg die meeste huishoudings, naamlik 84.0 persent, was in huise woonagtig. Nege persent was in gedeeltes van huise of in woonstelle en die res (6.9%) was hoofsaaklik in kamers woonagtig.

Minstens 90 persent van die huishoudings in dorpe en op plase het in huise gewoon teenoor slegs 79.2 persent van die stedelike huishoudings. Relatief meer stedelike as ander huishoudings het egter in gedeeltes van huise, in kamers in huise en in woonstelle gewoon.

## 10.3 MATERIAAL WAARVAN DIE WONING VERVAARDIG IS

Daar is vasgestel van watter materiaal die buitemure van die woning vervaardig is. Waar van meer as een soort boumateriaal gebruik gemaak is, is die materiaal wat die meeste voorkom, aangeteken.[1)]

---

1) Ook C.A. Woods berig dat dit soms moeilik gaan om Indiërwonings te klassifiseer: "Some houses qualify for inclusion in all these categories having a brick front, a roof of various materials, and a back so nondescript as to defy description" (3, bl. 77).

TABEL 10.1

SOORT WONING VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Soort woning | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Huis | 748 | 79.2 | 163 | 90.6 | 349 | 92.8 | 1,260 | 84.0 |
| Deel van 'n huis (meer as een vertrek) | 66 | 7.0 | 5 | 2.8 | 6 | 1.6 | 77 | 5.1 |
| 'n Kamer in 'n huis | 38 | 4.0 | 5 | 2.8 | 4 | 1.1 | 47 | 3.1 |
| Woonstel | 58 | 6.1 | - | - | 1 | 0.3 | 59 | 3.9 |
| Een of meer kamers in losieshuis, kwartiere, ens. | 15 | 1.6 | 2 | 1.1 | 9 | 2.4 | 26 | 1.8 |
| Eenvertrekwoning (losstaande struktuur) bestaande uit een vertrek soos 'n hut of motorhuis | 17 | 1.8 | 5 | 2.8 | 4 | 1.1 | 26 | 1.7 |
| Ander | 2 | 0.2 | - | - | 3 | 0.8 | 5 | 0.3 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 10.2

MATERIAAL WAARVAN BUITEMURE VERVAARDIG IS, VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Materiaal | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Sinkplaat | 329 | 34.9 | 55 | 30.6 | 133 | 35.4 | 517 | 34.5 |
| Bak- of sementsteen met pleister | 536 | 56.8 | 90 | 50.0 | 116 | 30.8 | 742 | 49.5 |
| Bak- of sementsteen sonder pleister | 48 | 5.1 | 16 | 8.9 | 82 | 21.8 | 146 | 9.7 |
| Hout | 6 | 0.6 | 3 | 1.7 | 6 | 1.6 | 15 | 1.0 |
| Blikplaat | 17 | 1.8 | 4 | 2.2 | 13 | 3.5 | 34 | 2.3 |
| Klei of kleisteen | 7 | 0.7 | 10 | 5.6 | 25 | 6.6 | 42 | 2.8 |
| Ander | 1 | 0.1 | 2 | 1.1 | 1 | 0.3 | 4 | 0.3 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel10.2 bring aan die lig dat 59.2 persent van die wonings hoofsaaklik van bak- of sementsteen vervaardig is. Sinkhuise (34.5%) het ook algemeen voorgekom. In nagenoeg ses persent van die wonings is daar hoofsaaklik van ander boumateriale as dié hierbo vermeld, gebruik gemaak.

Onderskeidelik 61.9, 58.9 en 52.6 persent van die wonings in die stede, in die dorpe en op plase het buitemure wat oorwegend van bak- of sementsteen vervaardig is. Sinkplaatwonings het die meeste op plase (35.4%) en in die stede (34.9%) en die minste in dorpe (30.6%) voorgekom. Wonings van blikplaat [1] het, relatief gesproke, meer op die platteland as in die stede voorgekom.

## 10.4 WOONVERTREKKE

Daar is reeds in hoofstuk 1 aangedui wat onder „wooneenhede" verstaan word. Met woonvertrekke word slaapkamers, sitkamers en eetkamers bedoel. Kombuise, of ander vertrekke (byvoorbeeld slaapvertrekke) waarin voedsel normaalweg deur die

1) Dikwels blikpondokke

bewoners voorberei word, asook gange en badkamers is nie as woonvertrekke in berekening gebring nie.

Die getal woonkamers wat in elke wooneenheid aangetref is, word in tabel 10.3 volgens woonplek ingedeel.

TABEL 10.3

DIE GETAL WOONVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Getal woonvertrekke | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 2 | 0.2 | 2 | 1.1 | 4 | 1.1 | 8 | 0.5 |
| 1 | 104 | 11.0 | 14 | 7.8 | 7 | 1.9 | 125 | 8.3 |
| 2 | 211 | 22.4 | 45 | 25.0 | 90 | 23.9 | 346 | 23.1 |
| 3 | 210 | 22.3 | 40 | 22.2 | 165 | 43.9 | 415 | 27.7 |
| 4 | 173 | 18.3 | 49 | 27.2 | 60 | 16.0 | 282 | 18.8 |
| 5 | 122 | 12.9 | 21 | 11.7 | 34 | 9.0 | 177 | 11.8 |
| 6 | 73 | 7.7 | 6 | 3.3 | 7 | 1.9 | 86 | 5.7 |
| 7 | 28 | 3.0 | 3 | 1.7 | 6 | 1.6 | 37 | 2.5 |
| 8 | 12 | 1.3 | - | - | 2 | 0.5 | 14 | 0.9 |
| 9 | 3 | 0.3 | - | - | 1 | 0.3 | 4 | 0.3 |
| 10 en meer | 6 | 0.6 | - | - | - | - | 6 | 0.4 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk dat die grootste enkele persentasie (27.7%) van die wooneenhede uit drie woonvertrekke bestaan. Hierna volg die eenhede met twee (23.1%), vier (18.8%) en vyf (11.8%) woonvertrekke. Nagenoeg 80 persent van die wooneenhede het tussen twee en vyf woonvertrekke ingesluit, 8.8 persent het uit geen [1] of een woonvertrek bestaan en 9.8 persent uit ses of meer.

Verder blyk dit uit tabel 10.3 dat daar meer klein wooneenhede (met minder as drie woonvertrekke) in die stede (33.6%) en dorpe (33.9%) as op plase (26.9%) voorkom. Wooneenhede van middelmatige grootte (drie en vier woonvertrekke) het weer veel meer op plase (59.9%) as in stede (40.6%) en in dorpe (49.4%) voorgekom. Groot wooneenhede (vyf en meer woonvertrekke) was meer algemeen in die stede (25.8%) as in die dorpe en op plase (16.7 en 13.3% onderskeidelik.)

In tabel 10.4 word die getal woonvertrekke met die getal bewoners van die wooneenheid in verband gebring.

Dit blyk dadelik dat die wonings in die algemeen deur betreklik baie persone bewoon word. Onderskeidelik 30.6, 53.3 en 16.1 persent van die wooneenhede huisves dan ook van een tot vyf, van ses tot tien en elf of meer persone. Een verklaring vir

1) Volgens die definisie van 'n woonvertrek is enige vertrek waarin gewoonlik gekook word, nie 'n woonvertrek nie. Waar 'n woning dus slegs uit een vertrek bestaan waarin ook gekook moet word, is daar geen woonvertrek in diè eenheid nie.

## TABEL 10.4

## DIE GETAL WOONVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE WOONEENHEID INGEDEEL

| Getal persone | Getal woonvertrekke | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geen | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 en meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | - | - | 1 | 0.8 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| 2 | 2 | 25.0 | 13 | 10.4 | 20 | 5.8 | 9 | 2.2 | 3 | 1.1 | 1 | 0.6 | 2 | 2.3 | - | - | 50 | 3.3 |
| 3 | 2 | 25.0 | 20 | 16.0 | 31 | 9.0 | 21 | 5.1 | 12 | 4.3 | 3 | 1.7 | 3 | 3.5 | - | - | 92 | 6.1 |
| 4 | 2 | 25.0 | 24 | 19.2 | 45 | 13.0 | 39 | 9.4 | 17 | 6.0 | 13 | 7.3 | 3 | 3.5 | 4 | 6.6 | 147 | 9.8 |
| 5 | 1 | 12.5 | 15 | 12.0 | 55 | 15.9 | 50 | 12.0 | 24 | 8.5 | 15 | 8.5 | 4 | 4.7 | 5 | 8.2 | 169 | 11.3 |
| 6 | 1 | 12.5 | 22 | 17.6 | 51 | 14.7 | 51 | 12.3 | 32 | 11.3 | 15 | 8.5 | 5 | 5.8 | 3 | 4.9 | 180 | 12.0 |
| 7 | - | - | 7 | 5.6 | 51 | 14.7 | 58 | 14.0 | 41 | 14.5 | 19 | 10.7 | 13 | 15.1 | 3 | 4.9 | 192 | 12.8 |
| 8 | - | - | 9 | 7.2 | 37 | 10.7 | 49 | 11.8 | 40 | 14.2 | 24 | 13.6 | 10 | 11.6 | 5 | 8.2 | 174 | 11.6 |
| 9 | - | - | 7 | 5.6 | 19 | 5.5 | 50 | 12.1 | 31 | 11.0 | 19 | 10.7 | 5 | 5.8 | 2 | 3.3 | 133 | 8.9 |
| 10 | - | - | 3 | 2.4 | 17 | 4.9 | 41 | 9.9 | 27 | 9.6 | 20 | 11.3 | 9 | 10.5 | 3 | 4.9 | 120 | 8.0 |
| 11 | - | - | 3 | 2.4 | 11 | 3.2 | 20 | 4.8 | 19 | 6.7 | 11 | 6.2 | 8 | 9.3 | 2 | 3.3 | 74 | 4.9 |
| 12 | - | - | - | - | 5 | 1.4 | 20 | 4.8 | 17 | 6.0 | 10 | 5.6 | 4 | 4.7 | 8 | 13.1 | 64 | 4.3 |
| 13 | - | - | 1 | 0.8 | - | - | 1 | 0.2 | 5 | 1.8 | 3 | 1.7 | 5 | 5.8 | 3 | 4.9 | 18 | 1.2 |
| 14 | - | - | - | - | 1 | 0.3 | 4 | 1.0 | 3 | 1.1 | 9 | 5.1 | 6 | 7.0 | 2 | 3.3 | 25 | 1.7 |
| 15 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.2 | 4 | 1.4 | 3 | 1.7 | 2 | 2.3 | 1 | 1.6 | 11 | 0.7 |
| 16-17 | - | - | - | - | 2 | 0.6 | 1 | 0.2 | 2 | 0.7 | 4 | 2.3 | 2 | 2.3 | 7 | 11.5 | 18 | 1.2 |
| 18-19 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 0.7 | 3 | 1.7 | 2 | 2.3 | 2 | 3.3 | 9 | 0.6 |
| 20 en meer | - | - | - | - | 1 | 0.3 | - | - | 3 | 1.1 | 5 | 2.8 | 3 | 3.5 | 11 | 18.0 | 23 | 1.5 |
| TOTAAL | 8 | 100.0 | 125 | 100.0 | 346 | 100.0 | 415 | 100.0 | 282 | 100.0 | 177 | 100.0 | 86 | 100.0 | 61 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

die groot aantal persone wat in baie Indiërwonings aangetref word, lê daarin dat die Indiërs in die algemeen baie kinders het. Hierbenewens is die groot samegestelde familie 'n algemene verskynsel: "Ideally, all the sons should continue to live in the same house as their parents even after marriage" (5, bl. 103).

Soos verwag kan word, blyk dit ook uit tabel 10.4 dat daar 'n neiging is dat die wonings in die algemeen groter word al na gelang meer persone in die eenheid gehuisves word. Slegs 5.6 persent van die wonings bestaande uit slegs een woonvertrek het tien of meer persone gehuisves teenoor, byvoorbeeld 21.1 persent van die wooneenhede met drie, 38.4 persent van die eenhede met vyf en 63.9 persent van die eenhede met sewe of meer woonvertrekke.

Ook is dit duidelik dat baie van die wonings oorvol is. So, byvoorbeeld, word meer as 'n kwart van die wonings wat uit twee woonvertrekke bestaan, deur agt of meer persone bewoon wat op 'n gemiddeld van minstens vier persone per woonvertrek te staan kom.

Ten spyte van die feit dat die getal inwoners in die wooneenheid neig om toe te neem al na gelang die woning groter word, wil dit voorkom asof behuisingstoestande - en beslis die verhouding van persone per woonvertrek - gunstiger word al na gelang daar meer woonvertrekke in die woning is. Daar is byvoorbeeld meer as twee persone per woonvertrek in 88.8 persent van die eenhede bestaande uit een woonvertrek, terwyl die ooreenstemmende persentasies in die geval van eenhede bestaande uit twee, vier of ses vertrekke, op onderskeidelik 72.2, 40.1 en 23.2 te staan kom.

Die probleem van oorvolheid word later in hierdie hoofstuk verder ontleed.

## 10.5 SLAAPVERTREKKE

Alle vertrekke wat tydens die opname as slaapvertrek gebruik is, is as slaapkamers gereken. Vertrekke wat as slaapvertrekke ingerig is maar wat nie deur iemand as slaapvertrek gebruik is nie, is nie as slaapkamers gereken nie.

Volgens tabel 10.5 het 241 (16.1%) van die wooneenhede oor een slaapvertrek, 468 (31.2%) oor twee, 501 (33.4%) oor drie, 197 (13.1%) oor vier, 59 (3.9%) oor vyf en 34 (2.3%) oor ses of meer slaapvertrekke beskik.

Weer eens is dit duidelik dat heelwat van die wooneenhede, en veral van die kleiner eenhede, oorvol is. Van die eenhede met byvoorbeeld slegs een slaapvertrek, het 21.1 persent ses of meer bewoners wat dus in die een beskikbare slaapkamer moet slaap. In die geval van die eenhede met twee slaapvertrekke, word daar in 28.5 persent van die gevalle, agt of meer persone, dit wil sê minstens vier persone per slaapvertrek, aangetref.

In tabel 10.6 word die getal woonvertrekke volgens die getal slaapvertrekke ingedeel.

TABEL 10.5

DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS DIE GETAL PERSONE IN DIE WOONEENHEID INGEDEEL

| Getal persone | Getal slaapvertrekke | | | | | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | | 8 of meer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 1 | 0.4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| 2 | 43 | 17.8 | 7 | 1.5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 50 | 3.3 |
| 3 | 53 | 22.0 | 33 | 7.1 | 6 | 1.2 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 92 | 6.1 |
| 4 | 60 | 24.9 | 62 | 13.2 | 23 | 4.6 | 2 | 1.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 147 | 9.8 |
| 5 | 33 | 13.7 | 86 | 18.4 | 46 | 9.2 | 4 | 2.0 | - | - | - | - | - | - | - | - | 169 | 11.3 |
| 6 | 23 | 9.5 | 78 | 16.7 | 66 | 13.2 | 12 | 6.1 | 1 | 1.7 | - | - | - | - | - | - | 180 | 12.0 |
| 7 | 12 | 5.0 | 69 | 14.7 | 80 | 16.0 | 29 | 14.7 | - | - | 1 | 6.3 | 1 | 9.1 | - | - | 192 | 12.8 |
| 8 | 7 | 2.9 | 52 | 11.1 | 78 | 15.6 | 31 | 15.7 | 5 | 8.5 | - | - | 1 | 9.1 | - | - | 174 | 11.6 |
| 9 | 4 | 1.7 | 33 | 7.1 | 69 | 13.8 | 25 | 12.7 | 2 | 3.4 | - | - | - | - | - | - | 133 | 8.9 |
| 10 | 2 | 0.8 | 26 | 5.6 | 62 | 12.4 | 24 | 12.2 | 5 | 8.5 | 1 | 6.3 | - | - | - | - | 120 | 8.0 |
| 11 | 2 | 0.8 | 13 | 2.8 | 31 | 6.2 | 21 | 10.7 | 5 | 8.5 | 2 | 12.5 | - | - | - | - | 74 | 4.9 |
| 12 | - | - | 6 | 1.3 | 26 | 5.2 | 19 | 9.6 | 9 | 15.3 | 4 | 25.0 | - | - | - | - | 64 | 4.3 |
| 13 | 1 | 0.4 | - | - | 3 | 0.6 | 5 | 2.5 | 7 | 11.9 | 1 | 6.3 | 1 | 9.1 | - | - | 18 | 1.2 |
| 14 | - | - | 1 | 0.2 | 5 | 1.0 | 9 | 4.6 | 8 | 13.6 | 1 | 6.3 | 1 | 9.1 | - | - | 25 | 1.7 |
| 15 | - | - | - | - | 2 | 0.4 | 5 | 2.5 | 2 | 3.4 | 1 | 6.3 | - | - | 1 | 14.3 | 11 | 0.7 |
| 16 - 17 | - | - | 2 | 0.4 | 3 | 0.6 | 4 | 2.0 | 3 | 5.1 | 2 | 12.5 | 4 | 36.4 | - | - | 18 | 1.2 |
| 18 - 19 | - | - | - | - | - | - | 3 | 1.5 | 3 | 5.1 | 1 | 6.3 | 1 | 9.1 | 1 | 14.3 | 9 | 0.6 |
| 20 en meer | - | - | - | - | 1 | 0.2 | 4 | 2.0 | 9 | 15.3 | 2 | 12.5 | 2 | 18.2 | 5 | 71.4 | 23 | 1.5 |
| TOTAAL | 241 | 100.0 | 468 | 100.0 | 501 | 100.0 | 197 | 100.0 | 59 | 100.0 | 16 | 100.0 | 11 | 100.0 | 7 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 10.6

DIE GETAL WOONVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID VOLGENS DIE GETAL SLAAPVERTREKKE IN DIE WOONEENHEID INGEDEEL

| Getal slaapvertrekke | Getal woonvertrekke: Geen | | 1 | | 2 | | 3 | | 4 | | 5 | | 6 | | 7 | | 8 | | 9 en meer | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 8 | 100.0 | 109 | 87.2 | 73 | 21.1 | 39 | 9.4 | 6 | 2.1 | 3 | 1.7 | 3 | 3.5 | - | - | - | - | - | - | 241 | 16.1 |
| 2 | - | - | 15 | 12.0 | 262 | 75.7 | 123 | 29.6 | 47 | 16.7 | 15 | 8.5 | 3 | 3.5 | 2 | 5.4 | - | - | 1 | 10.0 | 468 | 31.2 |
| 3 | - | - | 1 | 0.8 | 10 | 2.9 | 249 | 60.0 | 147 | 52.1 | 74 | 41.8 | 15 | 17.4 | 3 | 8.1 | 2 | 14.3 | - | - | 501 | 33.4 |
| 4 | - | - | - | - | 1 | 0.3 | 4 | 1.0 | 82 | 29.1 | 56 | 31.6 | 41 | 47.7 | 11 | 29.7 | 1 | 7.1 | 1 | 10.0 | 197 | 13.1 |
| 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 29 | 16.4 | 13 | 15.1 | 14 | 37.8 | 2 | 14.3 | 1 | 10.0 | 59 | 3.9 |
| 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 10 | 11.6 | 2 | 5.4 | 3 | 21.4 | 1 | 10.0 | 16 | 1.1 |
| 7 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.2 | 5 | 13.5 | 4 | 28.6 | 1 | 10.0 | 11 | 0.7 |
| 8 en meer | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 14.3 | 5 | 50.0 | 7 | 0.5 |
| TOTAAL | 8 | 100.0 | 125 | 100.0 | 346 | 100.0 | 415 | 100.0 | 282 | 100.0 | 177 | 100.0 | 86 | 100.0 | 37 | 100.0 | 14 | 100.0 | 10 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk onder andere dat in al die eenhede met geen woonkamer, daar in slegs een slaapvertrek geslaap word. [1)]

In 87.2 persent van die wooneenhede met een woonvertrek, word daar in een vertrek geslaap, in 12.0 persent in twee en in 0.8 persent van hierdie wonings word in drie vertrekke [2)] geslaap. Al na gelang die getal woonvertrekke toeneem, neig die getal slaapvertrekke om ook toe te neem en in nagenoeg 'n driekwart van die wonings met ses woonvertrekke word daar in minstens vier vertrekke geslaap.

Indien aanvaar sou kon word dat die verskil tussen die getal woon- en slaapvertrekke woonvertrekke voorstel wat nie vir slaapdoeleindes gebruik word nie[3)] en uitsluitlik as byvoorbeeld eet- of sitkamers kan dien, sou dit blyk dat daar geen dergelike vertrekke in die wooneenhede met geen of slegs een woonvertrek voorkom nie. In 21.1 persent van die wooneenhede met twee woonvertrekke, word daar egter slegs in een vertrek geslaap en is daar dus een woonvertrek wat nie as 'n slaapvertrek gebruik hoef te word nie. Die persentasie wooneenhede wat oor minstens een woonvertrek beskik waarin nie geslaap word nie, neem, in die algemeen, toe al na gelang daar meer woonvertrekke in die woning voorkom.

In totaal is daar 712 [4)] of 47.5 persent van die wooneenhede waarin daar minder slaap- as woonvertrekke voorkom. In net meer as die helfte van die eenhede is daar dus waarskynlik geen woonkamer wat nie ook as 'n slaapvertrek gebruik moet word nie.

---

1) Daar moet onthou word dat slaapkamers wat ook as kombuise gebruik word, en natuurlik ook kombuise wat as slaapkamers dien, nie as woonvertrekke gereken is nie. Alle vertrekke (selfs kombuise) waarin persone slaap, is egter as slaapvertrekke in berekening gebring. Dit is dus moontlik dat 'n wooneenheid oor geen woonvertrek sal beskik nie, maar alle wooneenhede moet minstens een slaapvertrek insluit.

2) In 87.2 persent van die wonings word die enkele woonvertrek dus hoogswaarskynlik as 'n slaapvertrek gebruik, in 12.0 persent waarskynlik die woonkamer en die kombuis (of 'n vertrek waarin voedsel voorberei word) en in een wooneenheid die woonvertrek, die kombuis sowel as 'n ander vertrek wat nie as 'n woonvertrek beskou word nie.

3) Dit is natuurlik moontlik dat 'n gesin wat, byvoorbeeld oor 'n woonvertrek en 'n kombuis beskik, verkies om in die kombuis te slaap sodat die woonvertrek dan as 'n sitkamer gebruik kan word.

4) Die som van die getalle bo die dwarsstrepe in tabel 10.6.

## 10.6 GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER VERTREK

Die gemiddelde getal persone per woonvertrek word in tabel 10.7 volgens woonplek ontleed.

TABEL 10.7

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER WOONVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Gemiddelde getal persone | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen woonvertrek | 2 | 0.2 | 2 | 1.1 | 4 | 1.1 | 8 | 0.5 |
| Tot 0.4 | 3 | 0.3 | 1 | 0.6 | - | - | 4 | 0.3 |
| 0.5-0.9 | 40 | 4.2 | 7 | 3.9 | 14 | 3.7 | 61 | 4.1 |
| 1.0-1.4 | 138 | 14.6 | 26 | 14.4 | 54 | 14.4 | 218 | 14.5 |
| 1.5-1.9 | 142 | 15.0 | 32 | 17.8 | 55 | 14.6 | 229 | 15.3 |
| 2-2.9 | 300 | 31.8 | 53 | 29.4 | 126 | 33.5 | 479 | 31.9 |
| 3-3.9 | 166 | 17.6 | 35 | 19.4 | 75 | 19.9 | 276 | 18.4 |
| 4-4.9 | 75 | 7.9 | 10 | 5.6 | 30 | 8.0 | 115 | 7.7 |
| 5-5.9 | 27 | 2.9 | 9 | 5.0 | 13 | 3.5 | 49 | 3.3 |
| 6-6.9 | 21 | 2.2 | 2 | 1.1 | 4 | 1.1 | 27 | 1.8 |
| 7-7.9 | 8 | 0.9 | - | - | - | - | 8 | 0.5 |
| 8 en meer | 22 | 2.3 | 3 | 1.7 | 1 | 0.3 | 26 | 1.7 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Van die totale getal wooneenhede was daar 0.5 persent wat oor geen woonvertrek beskik het nie, in 34.2 persent was daar minder as gemiddeld 2.0 persone per woonvertrek, in 50.3 persent was daar gemiddeld van 2.0 tot 3.9 persone per woonvertrek en in die res, naamlik 15.0 persent van die eenhede, gemiddeld meer as 4.0 persone per woonvertrek.

Indien die wooneenhede met geen woonvertrek buite rekening gelaat word, kom die mediaan van die gemiddelde getal persone per woonvertrek in die stede, in dorpe en op plase op onderskeidelik 2.50, 2.43 en 2.50 te staan. Daar is dus geen aansienlike verskille in die gemiddelde getal persone per woonvertrek volgens woonplek nie.

Indien 'n woning as oorvol gereken kan word as die verhouding van persone per woonvertrek hoër is as 2.5 [1], is minstens 33.4 persent van die Indiërwonings oorvol

1) D.M. Calderwood en P.H. Connel het 'n minimumstandaard vir Kleurlingbehuising opgestel waarvolgens daar nie meer as 2.5 persone per woonvertrek moet wees nie (18, bl. 149).

en moontlik nagenoeg die helfte [1].

Die gemiddelde getal persone per slaapvertrek word in die volgende twee tabelle volgens godsdiens en woonplek ontleed.

TABEL 10.8

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Gemiddelde getal persone | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1-1.4 | 38 | 3.1 | 6 | 3.8 | 3 | 2.5 | 47 | 3.2 |
| 1.5-1.9 | 111 | 9.1 | 16 | 10.2 | 7 | 5.9 | 134 | 8.9 |
| 2-2.9 | 456 | 37.2 | 76 | 48.4 | 41 | 34.8 | 573 | 38.2 |
| 3-3.9 | 346 | 28.2 | 29 | 18.5 | 33 | 28.0 | 408 | 27.2 |
| 4-4.9 | 160 | 13.1 | 18 | 11.5 | 18 | 15.3 | 196 | 13.1 |
| 5-5.9 | 68 | 5.6 | 6 | 3.8 | 7 | 5.9 | 81 | 5.4 |
| 6-6.9 | 23 | 1.9 | 2 | 1.3 | 4 | 3.4 | 29 | 1.9 |
| 7-7.9 | 9 | 0.7 | 2 | 1.3 | 3 | 2.5 | 14 | 0.9 |
| 8 en meer | 14 | 1.1 | 2 | 1.3 | 2 | 1.7 | 18 | 1.2 |
| TOTAAL | 1,225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Dit blyk uit tabel 10.8 dat daar in 12.1 persent van die wooneenhede gemiddeld van 1.0 [2] tot 1.9 persone per slaapvertrek aangetref is, in 65.4 persent van 2.0 tot 3.9, in 18.5 persent van 4.0 tot 5.9 en in 4.0 persent minstens 6.0 persone.

Verder blyk dit uit die tabel dat 50.6 persent van die Hindoewooneenhede, 37.7 persent van die Moslem- en 56.8 persent van die Christenwooneenhede gemiddeld minstens 3.0 persone per slaapvertrek huisves. Die mediaan van die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die Moslemwooneenhede is dan ook die gunstigste en kom op 2.7 persone per slaapvertrek te staan. By die Hindoes is hierdie syfer 3.0 en by die Christene 3.2.

1) Drie-en-dertig punt vier persent van die huishoudings het minstens 3.00 persone per woonvertrek gehad. Ongelukkig is die klasintervalle so gekies dat die eenhede met 2.0 tot 2.5 en met 2.6 tot 2.9 persone per woonvertrek saamgevat is in een klasinterval (2.0-2.9). Indien die helfte van die eenhede in hierdie interval, wat op 15.9 persent van die totale getal eenhede te staan kom, by die 33.4 persent gevoeg word, is 49.3 persent van die eenhede oorvol.

2) Dit dien weer vermeld te word dat slegs vertrekke waarin iemand slaap en nie alle slaapvertrekke nie, as slaapvertrekke gereken is. Daar kan dus nie minder as gemiddeld 1.0 persone per slaapvertrek wees nie.

TABEL 10.9

DIE GEMIDDELDE GETAL PERSONE PER SLAAPVERTREK VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Gemiddelde getal persone | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1-1.4 | 29 | 3.1 | 4 | 2.2 | 14 | 3.7 | 47 | 3.2 |
| 1.5-1.9 | 90 | 9.5 | 18 | 10.0 | 26 | 6.9 | 134 | 8.9 |
| 2-2.9 | 374 | 39.6 | 60 | 33.3 | 139 | 37.0 | 573 | 38.2 |
| 3-3.9 | 245 | 26.0 | 53 | 29.4 | 110 | 29.2 | 408 | 27.2 |
| 4-4.9 | 115 | 12.2 | 25 | 13.9 | 56 | 15.0 | 196 | 13.1 |
| 5-5.9 | 45 | 4.8 | 14 | 7.8 | 22 | 5.8 | 81 | 5.4 |
| 6-6.9 | 21 | 2.2 | 3 | 1.7 | 5 | 1.3 | 29 | 1.9 |
| 7-7.9 | 10 | 1.1 | - | - | 4 | 1.1 | 14 | 0.9 |
| 8 en meer | 15 | 1.6 | 3 | 1.7 | - | - | 18 | 1.2 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Hoewel net meer as die helfte van die eenhede op die platteland (plase en dorpe) en net minder as die helfte van die eenhede in die stede minstens 3.0 bewoners per slaapvertrek het, bring tabel 10.9 verder geen opvallende verskille in die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die stede, in dorpe en op plase na vore nie.

## 10.7 DIE GETAL PERSONE IN DIE SLAAPVERTREK VAN DIE PROEFPERSOON

In die voorafgaande afdeling is verwys na die gemiddelde getal persone per slaapvertrek in die wooneenhede. Daar kan ook kortliks verwys word na die werklike getal persone wat die slaapvertrek van die 1,500 proefpersone as slaapkamer gebruik.

Volgens tabel 10.10, waarin die getal persone wat in die proefpersoon se slaapvertrek slaap (die proefpersoon word ingereken) volgens woonplek ingedeel word, is slegs 7.3 persent van die slaapkamers deur een persoon gebruik. In 28.8 persent was daar twee, in 28.5 persent drie, in 19.4 persent vier en in 16.0 persent vyf en meer persone.

Geen opvallende verskille kom tussen die getal persone in die slaapvertrek volgens woonplek ontleed, voor nie en onderskeidelik 16.0, 17.9 en 15.5 persent van hierdie vertrekke in die stede, in dorpe en op plase is deur vyf of meer persone as slaapvertrek gebruik.

TABEL 10.10

DIE TOTALE GETAL PERSONE IN DIE SLAAPVERTREK VAN DIE PROEFPERSOON VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Totale getal persone | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| 1 | 68 | 7.2 | 15 | 8.3 | 26 | 6.9 | 109 | 7.3 |
| 2 | 280 | 29.7 | 44 | 24.4 | 108 | 28.7 | 432 | 28.8 |
| 3 | 268 | 28.4 | 49 | 27.2 | 110 | 29.2 | 427 | 28.5 |
| 4 | 177 | 18.7 | 40 | 22.2 | 74 | 19.7 | 291 | 19.4 |
| 5 | 79 | 8.4 | 19 | 10.6 | 39 | 10.4 | 137 | 9.1 |
| 6 | 36 | 3.8 | 7 | 3.9 | 9 | 2.4 | 52 | 3.5 |
| 7 | 16 | 1.7 | 2 | 1.1 | 9 | 2.4 | 27 | 1.8 |
| 8 | 10 | 1.1 | 3 | 1.7 | 1 | 0.3 | 14 | 0.9 |
| 9 | 5 | 0.5 | 1 | 0.6 | - | - | 6 | 0.4 |
| 10 en meer | 5 | 0.5 | - | - | - | - | 5 | 0.3 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## 10.8 DIE SLAAPVERTREK VAN DIE PROEFPERSOON AAN SEKERE KRITERIA BEOORDEEL

Met gegewens beskikbaar oor die getal persone wat die slaapkamer van die proefpersoon met hom of haar deel, asook die huwelikstaat en ouderdoms- en geslagsamestelling van die gebruikers van die slaapkamer, was dit moontlik om die slaapvertrek aan sekere kriteria te toets. Daar is by die opstelling van die kriteria uitgegaan van die veronderstelling dat kinders bo 'n sekere ouderdom nie in dieselfde slaapvertrek as 'n egpaar behoort te slaap nie [1], dat persone van teenoorgestelde geslag wat nie met mekaar getroud is nie en bo 'n sekere ouderdomsgrens val, nie in dieselfde kamer

1) Daar word algemeen deur sosioloë en ander wetenskaplikes aanvaar dat dit onwenslik is dat kinders, veral bo 'n sekere ouderdomsgrens, 'n slaapvertrek met getroudes moet deel. H.J. Venter verklaar in hierdie verband: ".... (oorvolheid) gee aanleiding tot sedelike verwaarlosing omdat dit dikwels gebeur dat die ouers en groterige kinders in dieselfde kamer of selfs op dieselfde bed moet slaap. Oor die algemeen is daar nie genoeg privaatheid in so 'n huis nie en die intieme sy van die lewe word te veel blootgestel. Geslagtelike wangedrag tussen lede van dieselfde gesin is in sulke omstandighede nie uitgesluit nie" (16, bl. 133).

moet slaap nie[1] en dat, afgesien van bostaande oorwegings, nie 'n onbeperkte getal persone 'n slaapvertrek behoort te deel nie.

Aangesien die oppervlakte van die slaapkamer en die hoogte van die plafon in die slaapvertrek nie bepaal is nie, was dit nie moontlik om, soos in die Slumswet, (Wet 53 van 1934, soos gewysig) minimum vereistes ten opsigte van die slaapkamervloer-oppervlakte of -volume waaroor elke persoon moet beskik, by die kriteria in te sluit nie.

Die kriteria is soos volg:

A. Onwenslike geslagsvermenging

Onwenslike geslagsvermenging kom voor waar egpare 'n vertrek deel met enigiemand ouer as twee jaar, of waar persone van teenoorgestelde geslag, wat nie met mekaar getroud is nie en elf jaar[2] of ouer is, in een vertrek slaap.

B. Oorvol

'n Slaapkamer is oorvol waar vier of meer persone ouer as twee jaar, of meer as ses persone van enige ouderdom, in een vertrek slaap.

C. Oorvolheid en onwenslike geslagsvermenging

Waar voldoen word aan die kriteria vir oorvolheid en onwenslike geslagsvermenging.

D. Gunstig

Waar nie voldoen word aan die kriteria vir oorvolheid en/of onwenslike geslagsvermenging nie.

Die uitslag as die slaapvertrekke aan die kriteria getoets word, volgens die godsdienstige gesindte van die proefpersoon ingedeel, verskyn in tabel 10.11.

---

1) 'n Bepaling in die Tweede Bylaag van die Slumswet lui: „Geen woning of 'n gedeelte daarvan, word bewoon deur so groot 'n aantal persone dat die slaapplek so min is dat dit nie doenlik is nie om mans wat meer as twaalf jaar oud is van vrouens bokant daardie ouderdom (behalwe persone wat as man en vrou saamleef) in aparte kamers te huisves ......". Of toestande waarteen die Slumswet hom uitspreek dieselfde gevare vir die Indiërjeugdige as vir, byvoorbeeld die Blanke of Kleurlingjeugdige inhou, is nie bekend nie. H. Kuper verklaar: „Several informants (Indians) stressed that sex relations between brothers and sisters even in homes where adolescent brothers and sisters had to share a room ...... are 'unthinkable'; to a psychoanalyst it might appear that it is because incest desires are so deeply suppressed that he (the brother) adopts so high a moral stand towards her (his sister's), behaviour" (5, bl. 129).

2) Die Slumswet stel die ouderdomsgrens op twaalf jaar. Die klasintervalle waarin die bewoners in die wooneenhede ingedeel is, is so gekies dat die ouderdomsgrens na elf jaar verlaag moes word.

TABEL 10.11

KRITERIA VIR SLAAPKAMER VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Kriteria | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gunstig | 617 | 50.4 | 89 | 56.7 | 51 | 43.2 | 757 | 50.5 |
| Onwenslike geslags-vermenging | 244 | 19.9 | 34 | 21.7 | 23 | 19.5 | 301 | 20.1 |
| Oorvol | 59 | 4.8 | 5 | 3.2 | 9 | 7.6 | 73 | 4.9 |
| Onwenslike geslags-vermenging en oorvol | 305 | 24.9 | 29 | 18.5 | 35 | 29.7 | 369 | 24.6 |
| TOTAAL | 1,225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vyftig punt vyf persent van die vertrekke is as gunstig beoordeel, onwenslike geslagsvermenging alleen het in 20. 1 persent by die vertrekke voorgekom en oorvolheid alleen, by 4. 9 persent. Laasgenoemde persentasie is betreklik klein aangesien oorvolheid gewoonlik ook met onwenslike geslagsvermenging gepaard gaan. Sowel onwenslike geslagsvermenging as oorvolheid het in 24. 6 persent van die vertrekke voorgekom.

TABEL 10.12

KRITERIA VIR SLAAPKAMER VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Kriteria | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Gunstig | 487 | 51.6 | 83 | 46.1 | 187 | 49.7 | 757 | 50.5 |
| Onwenslike geslagsver-menging | 180 | 19.1 | 39 | 21.7 | 82 | 21.8 | 301 | 20.1 |
| Oorvol | 46 | 4.9 | 13 | 7.2 | 14 | 3.7 | 73 | 4.9 |
| Onwenslike geslagsver-menging en oorvol | 231 | 24.5 | 45 | 25.0 | 93 | 24.7 | 369 | 24.6 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Meer slaapvertrekke van Moslems (56.7%) as van Hindoes (50.4%) maar veral van Christene (43.2%) is as gunstig beoordeel.

Volgens tabel 10.12 het ietwat meer van die slaapvertrekke in die dorpe as in die stede of op plase voldoen aan die kriteria vir oorvolheid en onwenslike geslagsvermenging of beide.

Interessantheidsonthalwe kan die slaapkamers, volgens die kriteria beoordeel, ook volgens die inkomste van die huishouding (uitgedruk as die maandelikse kontantinkomste per volwasse eenheid) ontleed word.

TABEL 10.13

KRITERIA VIR SLAAPKAMER VOLGENS DIE INKOMSTE VAN DIE HUISHOUDING UITGEDRUK IN RAND (KONTANT) PER EENHEID INGEDEEL

| Rand (kontant) per eenheid | Kriteria | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Gunstig | | Onwenslike geslagsvermenging | | Oorvol | | Onwenslike geslagsvermenging en oorvol | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 4 | 0.5 | - | - | - | - | 5 | 1.4 | 9 | 0.6 |
| R1-4 | 77 | 10.2 | 38 | 12.6 | 13 | 17.8 | 72 | 19.5 | 200 | 13.3 |
| R5-9 | 178 | 23.5 | 82 | 27.2 | 27 | 37.0 | 133 | 36.0 | 420 | 28.0 |
| R10-14 | 169 | 22.3 | 76 | 25.3 | 21 | 28.8 | 89 | 24.1 | 355 | 23.7 |
| R15-19 | 116 | 15.3 | 39 | 13.0 | 5 | 6.8 | 29 | 7.9 | 189 | 12.6 |
| R20-24 | 71 | 9.4 | 29 | 9.6 | 4 | 5.5 | 26 | 7.0 | 130 | 8.7 |
| R25-29 | 43 | 5.7 | 14 | 4.7 | 1 | 1.4 | 7 | 1.9 | 65 | 4.3 |
| R30-34 | 32 | 4.2 | 7 | 2.3 | 1 | 1.4 | 7 | 1.9 | 47 | 3.1 |
| R35-39 | 16 | 2.1 | 3 | 1.0 | - | - | - | - | 19 | 1.3 |
| R40-44 | 15 | 2.0 | 3 | 1.0 | 1 | 1.4 | 1 | 0.3 | 20 | 1.3 |
| R45-49 | 6 | 0.8 | 3 | 1.0 | - | - | - | - | 9 | 0.6 |
| R50-59 | 15 | 2.0 | 3 | 1.0 | - | - | - | - | 18 | 1.2 |
| R60 en meer | 15 | 2.0 | 4 | 1.3 | - | - | - | - | 19 | 1.3 |
| TOTAAL | 757 | 100.0 | 301 | 100.0 | 73 | 100.0 | 369 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 10.13 toon dat die inkomste per volwasse eenheid van die huishouding in die geval van slaapvertrekke wat as gunstig beoordeel is, in 18.8 persent van die gevalle minstens R25 per maand beloop. In die geval van onwenslike geslagsvermenging kom dié persentasie op 12.3 persent, in die geval van oorvolheid op 4.2 persent en in die geval van oorvolheid en onwenslike geslagsvermenging op 4.1 persent te staan.

Soos verwag kan word, is daar dus 'n verband tussen inkomste en behuisingsomstandighede soos deur die toepassing van die kriteria op die slaapkamers van die proefpersone weerspieël word.

## 10.9 BESKIKBAARHEID VAN BADKAMERS EN LATRINES

Slegs 5.3 persent van die proefpersone het oor geen badkamer of stortgeriewe beskik nie. In die stede kom hierdie persentasie op slegs 2.2 te staan maar in die dorpe en op plase op onderskeidelik 6.7 en 12.5 persent. Die oorweldigende meerderheid van diegene wat oor dergelike geriewe beskik, het verklaar dat dié geriewe in hul wonings of op dieselfde perseel as waarop die woning opgerig is, bestaan. 'n Betreklik geringe persentasie het van gemeenskaplike bad- en stortgeriewe gebruik gemaak.

Een punt drie persent van die ondervraagdes het aangedui dat hulle oor geen latrinegeriewe beskik nie. Hierdie persone was byna deurgaans plaasbewoners.

## 10.10 BESKIKBAARHEID VAN WATER EN ELEKTRIESE KRAG

Daar is ook vasgestel hoeveel van die proefpersone in wonings woon met aangelegde water binne die woning[1] en wonings van elektriese krag voorsien.

Onderskeidelik 48.4, 27.4, 2.3 en 21.9 persent van die proefpersone verklaar dat daar water en elektrisiteit in hulle woning is, water maar geen elektrisiteit, elektrisiteit maar geen water en geen water en elektrisiteit nie. Slegs 11.2 persent van die stedelinge teenoor 26.7 persent van die dorps- en 46.5 persent van die plaasbewoners het geen water en elektrisiteit in hul wonings gehad nie. Hierteenoor het 65.3 persent van die stedelinge, 39.4 persent van die dorpsbewoners en slegs 10.4 persent van die plaasbewoners oor water en elektrisiteit in hul wonings beskik.

## 10.11 DIVERSE

### 10.11.1 Die soort woning wat verkies word

Op 'n vraag oor watter soort woning die proefpersoon sou verkies om in te woon, het 82.3 persent 'n woonhuis aangedui en 11.9 persent[2] ook 'n woonhuis maar dan in die omgewing van ander huise wat deur hulle familielede betrek kan word. Nagenoeg vier persent sou 'n woonstel verkies. Aangesien Indiërhuishoudings oor die algemeen groot is, is woonstelle blykbaar nie baie gewild nie. Enkele persone kon nie 'n spesifieke voorkeur aandui nie.

---

1) Aangelegde water tot op die perseel, maar nie tot binne in die woning nie, is dus nie in berekening gebring nie.

2) Hierdie persone het 'n huis in die omgewing van hulle familielede as 'n absolute vereiste gestel en ongetwyfeld meer as 11.9 persent van die Indiërs sou verkies om naby hulle familie te woon.

# HOOFSTUK 11

## VOEDING EN MEDIESE BEHANDELING

### 11.1 INLEIDING

Daar is vasgestel hoe dikwels per week die proefpersoon verskillende voedselsoorte gebruik. In 'n ondersoek soos hierdie was dit natuurlik onmoontlik om in te gaan op die kwaliteit en kwantiteit van die onderskeie voedselsoorte wat gebruik word.

In die slotafdeling van hierdie hoofstuk word statistiek verstrek oor hoe dikwels, in die loop van een jaar, mediese behandeling ondergaan is.

### 11.2 PROTEÏNVOEDSELSOORTE

Tabel 11.1 toon hoeveel keer per week proteïnvoedselsoorte soos vleis, vis, eiers en kaas gebruik word.

Volgens die tabel het 51.1 persent van die proefpersone daagliks, 34.0 persent van drie tot ses dae per week, 13.8 persent een of twee keer per week en 1.1 persent minder as een keer per week proteïnvoedselsoorte gebruik.

Dit blyk vervolgens dat die stedelinge meer dikwels proteïnvoedselsoorte as die plattelanders gebruik. Nagenoeg 60 persent van die stedelinge, teenoor minder as 40 persent van die plattelanders, het daagliks proteïnvoedselsoorte gebruik.

In tabel 11.2 word aangedui hoe dikwels die indiwiduele proteïnvoedselsoorte gebruik word.

Dit val dadelik op dat meer as die helfte van die gevalle, naamlik 58.1 persent, slegs een of twee keer per week vleis gebruik. Slegs 5.8 persent[1)] verklaar dat vleis daagliks in hulle dieet voorkom.

Interessantheidsonthalwe kan ook vermeld word dat 1.4 persent van die ondersoekgroep (1.3% van die Hindoes en 3.2% van die Moslems) glad nie vleis gebruik nie. Agt punt twee persent van die Hindoes en 94.9 persent van die Moslems het ook verklaar dat hulle nie vleis gebruik wat deur persone wat van 'n ander geloof as hulleself is, geslag is nie. Die Hindoe mag natuurlik ook nie bees- of varkvleis gebruik nie, want „........ to the orthodox Hindu, beef and pork are ritually taboo, the cow because it is sacred ... and the pig because it is a scavenger and hence 'dirty'. The taboo against beef is declining, partly because of Westernization and partly for economic reasons, it being less expensive than mutton" (5, bl. 203).

---

1) Die Moslems is die grootste vleisetende groep want 21.0 persent van hulle teenoor slegs 3.8 persent van die Hindoes en 5.9 persent van Christene het daagliks vleis gebruik.

TABEL 11.1

HOE DIKWELS PROTEÏNVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Hoe dikwels proteïnvoedsel-soorte gebruik word | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 557 | 59.0 | 61 | 33.9 | 148 | 39.4 | 766 | 51.1 |
| 3 - 6 keer per week | 302 | 32.0 | 80 | 44.4 | 128 | 34.0 | 510 | 34.0 |
| 1 - 2 keer per week | 79 | 8.4 | 36 | 20.0 | 92 | 24.5 | 207 | 13.8 |
| Minder as 1 keer per week | 6 | 0.6 | 3 | 1.7 | 8 | 2.1 | 17 | 1.1 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 11.2

HOE DIKWELS INDIWIDUELE PROTEÏNVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD

| Hoe dikwels indiwiduele proteïnvoedselsoorte gebruik word | Voedselsoort | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Vleis | | Vis | | Eiers | | Kaas | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 87 | 5.8 | 15 | 1.0 | 329 | 21.9 | 229 | 15.3 |
| 3 - 6 keer per week | 479 | 31.9 | 131 | 8.7 | 317 | 21.1 | 149 | 9.9 |
| 1 - 2 keer per week | 872 | 58.1 | 1011 | 67.4 | 593 | 39.5 | 482 | 32.1 |
| Minder as 1 keer per week | 62 | 4.1 | 343 | 22.8 | 261 | 17.4 | 640 | 42.7 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Vervolgens toon tabel 11.2 dat slegs 9.7 persent van die persone meer as twee keer per week vis gebruik het. Nagenoeg twee derdes het een of twee keer per week vis gebruik. Eiers word meer dikwels as enige ander proteïnvoedsel genuttig en 21.9 persent van die ondervraagdes het dan ook verklaar dat hulle daagliks eiers nuttig. Ook kaas kom betreklik dikwels in die daaglikse dieet voor alhoewel die grootste enkele persentasie (42.7%) van die proefpersone minder as een keer per week kaas gebruik.

## 11.3 KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE

Volgens tabel 11.3 gebruik 97.7 persent van die totale groep, en ongeveer dieselfde persentasie van die stedelinge, dorps- en plaasbewoners onderskeidelik, daagliks koolhidraatvoedselsoorte.

Tabel 11.4 toon dat 52.6, 83.1, 30.8 en 83.8 persent van die ondervraagdes daagliks pap, brood, rotie[1] en rys, patats of aartappels gebruik het. Brood en rys is die voedselsoorte wat voorrang in die daaglikse dieet geniet.

Onderskeidelik 26.0, 2.3, 21.2 en 0.7 persent van die proefpersone het te kenne gegee dat hulle minder as een keer per week pap, brood, rotie en rys, aartappels of patats nuttig.

## 11.4 ANDER VOEDSELSOORTE

Tabel 11.5 toon hoe dikwels sekere ander voedselsoorte in die dieet van Indiërs voorkom.

Botter, ghee[2], margarien of vet is deur 79.1 persent daagliks en deur 4.0 persent minder as een keer per week gebruik. Die ooreenstemmende persentasies ten opsigte van melk[3] kom op 24.5 en 54.9 te staan. Groente is 'n belangrike item in die daaglikse dieet en 86.2 persent van die ondersoekgroep gebruik daagliks groente. Meer as 'n kwart van die ondervraagdes nuttig daagliks vrugte.

## 11.5 DIE VAS

Die vasgebruik by die Indiërgemeenskap beteken nie noodwendig die algehele onthouding van voedsel nie. Sommige van die vastye duur lank en slegs sekere kossoorte word vermy. So sal die toegewyde Tamil-Hindoe in die Purattasie-tydperk wat

1) 'n Soort brood of koek van meelblom en water wat in 'n pan of potdeksel gaargemaak word.

2) Eintlik is ghee gesuiwerde Indiese buffelmelkbotter. In Suid-Afrika word gewone botter gesmelt en ook ghee genoem.

3) Hier word melk alleen, en nie byvoorbeeld melk in tee of koffie nie, bedoel.

TABEL 11.3

HOE DIKWELS KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD VOLGENS WOONPLEK INGEDEEL

| Hoe dikwels koolhidraatvoedselsoorte gebruik word | Woonplek | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stad | | Dorp | | Plaas, ens. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 923 | 97.8 | 176 | 97.8 | 367 | 97.6 | 1,466 | 97.7 |
| 3 - 6 keer per week | 20 | 2.1 | 4 | 2.2 | 9 | 2.4 | 33 | 2.2 |
| Minder as 3 keer per week | 1 | 0.1 | - | - | - | - | 1 | 0.1 |
| TOTAAL | 944 | 100.0 | 180 | 100.0 | 376 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

## TABEL 11.4

### HOE DIKWELS INDIWIDUELE KOOLHIDRAATVOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD

| Hoe dikwels indiwiduele koolhidraat-voedselsoorte gebruik word | Voedselsoort | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Pap | | Brood | | Rotie | | Rys, patats, aartappels | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 789 | 52.6 | 1,247 | 83.1 | 462 | 30.8 | 1,257 | 83.8 |
| 3 - 6 keer per week | 117 | 7.8 | 118 | 7.9 | 180 | 12.0 | 134 | 8.9 |
| 1 - 2 keer per week | 204 | 13.6 | 101 | 6.7 | 540 | 36.0 | 99 | 6.6 |
| Minder as 1 keer per week | 390 | 26.0 | 34 | 2.3 | 318 | 21.2 | 10 | 0.7 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 11.5

HOE DIKWELS „ANDER" VOEDSELSOORTE GEBRUIK WORD

| Hoe dikwels „ander" voedselsoorte gebruik word | Voedselsoorte | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Botter, ghee, margarien, vet | | Melk | | Groente | | Vrugte | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 1,186 | 79.1 | 368 | 24.5 | 1,293 | 86.2 | 403 | 26.9 |
| 3 - 4 keer per week | 141 | 9.4 | 105 | 7.0 | 161 | 10.7 | 264 | 17.6 |
| 1 - 2 keer per week | 113 | 7.5 | 203 | 13.5 | 40 | 2.7 | 700 | 46.7 |
| Minder as 1 keer per week | 60 | 4.0 | 824 | 54.9 | 6 | 0.4 | 133 | 8.9 |
| TOTAAL | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 11.6

TYDPERK GEVAS VOLGENS HUISTAAL INGEDEEL

| Tydperk gevas | Huistaal | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tamil | | Hindi | | Gujurati | | Telugu | | Urdu | | Engels | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Nie gevas | 415 | 64.6 | 343 | 80.9 | 7 | 11.9 | 126 | 72.8 | 10 | 10.1 | 79 | 76.7 | 980 | 65.3 |
| Minder as 3 weke | 59 | 9.2 | 47 | 11.1 | - | - | 19 | 11.0 | 4 | 4.0 | 4 | 3.9 | 133 | 8.9 |
| 3 - 4 weke | 95 | 14.8 | 17 | 4.0 | 44 | 74.5 | 13 | 7.5 | 78 | 78.8 | 13 | 12.6 | 260 | 17.3 |
| 5 weke en langer | 73 | 11.4 | 17 | 4.0 | 8 | 13.6 | 15 | 8.7 | 7 | 7.1 | 7 | 6.8 | 127 | 8.5 |
| TOTAAL | 642 | 100.0 | 424 | 100.0 | 59 | 100.0 | 173 | 100.0 | 99 | 100.0 | 103 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

vanaf 17 September tot 16 Oktober strek, geen vis of vleis gebruik nie. (5, bl. 207). Die vasgebruik verskil egter in 'n mate by die verskillende Indiërgroepe soos duidelik blyk uit tabel 11.6 wat die vaspatroon ten opsigte van die verskillende taalgroepe aandui.

Volgens die tabel het 65.3 persent van die ondersoekgroep nie in die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, gevas nie. Diegene wat wel gevas het, het meestal vir drie of vier weke gevas. Veel meer van die Gujurati- en Urdusprekendes - eersgenoemde oorwegend en laasgenoemde uitsluitlik Moslems - as van die persone in die ander taalgroepe, wat oorwegend Hindoes is, het gevas. Meer Tamilsprekendes as ander Hindoes het gevas.

## 11.6 MEDIESE BEHANDELING

Ten slotte word kortliks verwys na mediese behandeling[1)] wat die proefpersone in die loop van die jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, ontvang het. Mediese behandeling met betrekking tot swangerskap en bevallings is nie in berekening gebring nie.

TABEL 11.7

GETAL KERE MEDIESE BEHANDELING ONTVANG

| Getal besoeke | Besoek aan dokter | | Behandeling as buitepasiënt | | Behandeling as binnepasiënt | | Besoek aan tandarts | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 711 | 47.4 | 1218 | 81.1 | 1343 | 89.5 | 1177 | 78.5 |
| 1 | 371 | 24.7 | 181 | 12.1 | 125 | 8.3 | 243 | 16.2 |
| 2 | 224 | 14.9 | 46 | 3.1 | 19 | 1.3 | 54 | 3.6 |
| 3 of meer | 194 | 12.9 | 55 | 3.7 | 13 | 0.9 | 26 | 1.7 |
| TOTAAL | 1500 | 100.0 | 1500 | 100.0 | 1500 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Twee-en-vyftig punt vyf persent van die persone in die steekproefbevolking het minstens een keer gedurende die jaar 'n medikus besoek of een ontbied, 18.9 persent het minstens een keer behandeling as 'n buitepasiënt van 'n hospitaal of kliniek ontvang, 10.5 persent is vir behandeling in 'n hospitaal of kliniek as binnepasiënt opgeneem en 21.5 persent het tandheelkundige behandeling ontvang.

1) Waar 'n persoon se ongesteldheid byvoorbeeld drie besoeke aan 'n medikus noodsaak, is slegs een behandeling in berekening gebring.

H. Kuper het die volgende te sê oor die houding van die Hindoe teenoor siekte en mediese behandeling: „A basic premise is that God gives health, good or ill, and doctors, priests and healers are but vehicles of the Divine power that affects each individual according to his deeds (karma). This does not mean that physics are unimportant or illness should be met with passive acceptance - on the contrary, it is ethically right to try to find remedies, wherever possible; only if these fail, is it judged inevitable and said to be written in fate. Some illnesses are superficially explicable by natural causes, but ultimately, illness, like all events in life, are the result of one's own deeds (karma) in the wider scheme of the universe. An illness therefore has an element of guilt, which can be expiated by religious devotions: vows, visits to the temples, frequent .... acts of self denial and penance" (5, bl. 241).

## HOOFSTUK 12

## GODSDIENSBEOEFENING EN VRYETYDSBESTEDING

### 12.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ontleding van die gegewens afgesluit wat met betrekking tot die „volwasse groep" ingewin is. Daar word onder andere kortliks verwys na godsdiensbeoefening, leesgewoontes en deelname aan sport.

### 12.2 DIE GEREELDHEID WAARMEE AANBID WORD

Tabel 12.1 toon hoe gereeld daar in 'n tempel, moskee of kerk aanbid word.

TABEL 12.1

AANBIDDING IN TEMPEL, MOSKEE OF KERK VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Hoe gereeld aanbid word | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 34 | 4.5 | 27 | 3.6 | 61 | 4.1 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 242 | 31.9 | 209 | 28.2 | 451 | 30.1 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 165 | 21.8 | 171 | 23.0 | 336 | 22.4 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 198 | 26.1 | 204 | 27.5 | 402 | 26.8 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 119 | 15.7 | 131 | 17.7 | 250 | 16.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1, 500 | 100.0 |

Vier punt een persent van die ondervraagdes aanbid daagliks in 'n tempel, moskee of kerk, 30.1 persent nie daagliks nie maar minstens een keer per week, 22.4 persent minder as een keer per week maar minstens een keer per maand, 26.8 minstens een keer per jaar, en 16.7 persent aanbid minder as een keer per jaar of nooit nie.

Ietwat meer mans (36.4%) as vroue (31.8%) het minstens een keer per week op dié wyse aanbid, maar opvallende verskille tussen die twee groepe in hierdie opsig kom nie voor nie.

Tabel 12.2 toon duidelik dat die jongmense minder aanbid as die ouer persone. Hierdie verskynsel is waarskynlik 'n simptoom van die feit dat die jongmense die tradisies van hul vadere in 'n sekere mate begin verwerp.

TABEL 12.2

AANBIDDING IN TEMPEL, MOSKEE OF KERK VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Hoe gereeld aanbid word | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 10 | 2.1 | 14 | 3.4 | 17 | 5.4 | 14 | 7.5 | 3 | 3.6 | 3 | 16.7 | 61 | 4.1 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 150 | 30.9 | 118 | 28.9 | 97 | 30.5 | 54 | 29.0 | 28 | 33.3 | 4 | 22.2 | 451 | 30.1 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 99 | 20.4 | 89 | 21.8 | 64 | 20.1 | 53 | 28.5 | 27 | 32.1 | 4 | 22.2 | 336 | 22.4 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 127 | 26.2 | 125 | 30.6 | 80 | 25.2 | 45 | 24.2 | 19 | 22.6 | 6 | 33.3 | 402 | 26.8 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 99 | 20.4 | 63 | 15.4 | 60 | 18.8 | 20 | 10.8 | 7 | 8.3 | 1 | 5.6 | 250 | 16.7 |
| TOTAAL | 485 | 100.0 | 409 | 100.0 | 318 | 100.0 | 186 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Die gereeldheid waarmee in 'n tempel, moskee of kerk aanbid word, word in tabel 12. 3 volgens die geloofsverband ontleed.

TABEL 12.3

AANBIDDING IN TEMPEL, MOSKEE OF KERK VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Hoe gereeld aanbid word | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 33 | 2.7 | 21 | 13.4 | 7 | 5.9 | 61 | 4.1 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 301 | 24.6 | 61 | 38.9 | 89 | 75.4 | 451 | 30.1 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 317 | 25.9 | 4 | 2.5 | 15 | 12.7 | 336 | 22.4 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 393 | 32.1 | 5 | 3.2 | 4 | 3.4 | 402 | 26.8 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 181 | 14.8 | 66 | 42.0 | 3 | 2.5 | 250 | 16.7 |
| TOTAAL | 1225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Onderskeidelik 2.7, 13.4 en 5.9 persent van die Hindoes, Moslems en Christene het beweer dat hulle daagliks 'n plek van aanbidding besoek. Dit is opvallend dat die Moslems 'n groter persentasie persone insluit wat daagliks aanbid as die ander groepe, maar terselfdertyd ook die grootste persentasie persone in hulle geledere het wat nooit in 'n moskee aanbid nie. Diegene in laasgenoemde groep is hoofsaaklik vroue. Die Moslemman staan blykbaar onder 'n groter verpligting om die moskee gereeld te besoek as die Moslemvrou.

Die gereeldheid waarmee tuis aanbid word, word in tabel 12.4, 12.5 en 12. 6 ontleed.

TABEL 12.4

AANBIDDING IN HUIS VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Hoe gereeld aanbid word | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 456 | 60.2 | 596 | 80.3 | 1,052 | 70.1 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 211 | 27.8 | 119 | 16.0 | 330 | 22.0 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 44 | 5.8 | 18 | 2.4 | 62 | 4.1 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 13 | 1.7 | 3 | 0.4 | 16 | 1.1 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 34 | 4.5 | 6 | 0.8 | 40 | 2.7 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

'n Betreklike groot persentasie van die ondersoekgroep, naamlik 70.1 persent, het daagliks tuis aanbid. Die ooreenstemmende persentasie by die vroue (80.3%) is heelwat hoër as dié by die mans (60.2%). Volgens tabel 12.1 aanbid daar egter ietwat meer mans as vroue in 'n tempel, moskee of kerk.

Volgens tabel 12.5 is daar geen opvallende verskille in die gereeldheid waarmee daar tuis aanbid word en die ouderdom van die ondersoekgroep nie. Dit wil egter tog voorkom asof diegene onder 35 jaar ietwat minder aanbid as diegene van 35 jaar en ouer.

Tabel 12.6 toon dat die Christene die grootste persentasie van persone insluit wat daagliks aanbid (85.6%); dan volg die Moslems (74.5%) en Hindoes (68.1%).

TABEL 12.5

AANBIDDING IN HUIS VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Hoe gereeld aanbid word | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 15-24 jr. | | 25-34 jr. | | 35-44 jr. | | 45-54 jr. | | 55-64 jr. | | 65 jr. en ouer | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 326 | 67.2 | 283 | 69.2 | 240 | 75.5 | 131 | 70.4 | 60 | 71.4 | 12 | 66.7 | 1,052 | 70.1 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 117 | 24.1 | 83 | 20.3 | 58 | 18.2 | 46 | 24.7 | 22 | 26.2 | 4 | 22.2 | 330 | 22.0 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per jaar | 24 | 4.9 | 21 | 5.1 | 12 | 3.8 | 3 | 1.6 | - | - | 2 | 11.1 | 62 | 4.1 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 3 | 0.6 | 7 | 1.7 | 3 | 0.9 | 3 | 1.6 | - | - | - | - | 16 | 1.1 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 15 | 3.1 | 15 | 3.7 | 5 | 1.6 | 3 | 1.6 | 2 | 2.4 | - | - | 40 | 2.7 |
| TOTAAL | 485 | 100.0 | 409 | 100.0 | 318 | 100.0 | 186 | 100.0 | 84 | 100.0 | 18 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 12.6

AANBIDDING IN HUIS VOLGENS GODSDIENS INGEDEEL

| Hoe gereeld aanbid word | Godsdiens | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Hindoe | | Moslem | | Christen | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 834 | 68.1 | 117 | 74.5 | 101 | 85.6 | 1,052 | 70.1 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 288 | 23.5 | 27 | 17.2 | 15 | 12.7 | 330 | 22.0 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 56 | 4.6 | 5 | 3.2 | 1 | 0.8 | 62 | 4.1 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 15 | 1.2 | 1 | 0.6 | - | - | 16 | 1.1 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 32 | 2.6 | 7 | 4.5 | 1 | 0.8 | 40 | 2.7 |
| TOTAAL | 1,225 | 100.0 | 157 | 100.0 | 118 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

TABEL 12.7

HOE GEREELD KOERANTE GELEES WORD, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Hoe dikwels koerante gelees word | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Daagliks | 417 | 55.0 | 266 | 35.8 | 683 | 45.5 |
| Nie daagliks maar minstens 1 keer per week | 159 | 21.0 | 121 | 16.3 | 280 | 18.7 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 65 | 8.6 | 68 | 9.2 | 133 | 8.9 |
| Minder as 1 keer per maand of nooit | 117 | 15.4 | 287 | 38.7 | 404 | 26.9 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1,500 | 100.0 |

Tabel 12.7 toon hoe dikwels daar koerante gelees word.

Vyf-en-veertig punt vyf persent van die ondervraagdes lees daagliks 'n koerant, 18.7 persent nie daagliks nie maar minstens een keer per week, 8.9 persent minstens een keer per maand maar minder as een keer per week en die res, naamlik 26.9 persent, lees minder as een keer per maand of nooit 'n koerant nie.

Die mans - 55.0 persent lees daagliks 'n koerant - lees meer koerant as die vroue. Slegs 35.8 persent van die vroue lees daagliks 'n koerant, terwyl 38.7 persent verklaar het dat hulle selde (minder as een keer per maand) of nooit 'n koerant lees nie.

Vervolgens word aangedui hoe dit met die lees van boeke en tydskrifte gesteld is.

TABEL 12.8

HOE GEREELD TYDSKRIFTE OF BOEKE GELEES WORD, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Hoe dikwels tydskrifte of boeke gelees word | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Ten minste 1 keer per week | 314 | 41.4 | 185 | 24.9 | 499 | 33.3 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 163 | 21.5 | 148 | 20.0 | 311 | 20.7 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer elke 3 maande | 85 | 11.2 | 72 | 9,7 | 157 | 10.5 |
| Nie elke 3 maande maar minstens 1 keer per jaar | 27 | 3.6 | 21 | 2.8 | 48 | 3.2 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 169 | 22.3 | 316 | 42.6 | 485 | 32.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Volgens tabel 12.8 het 'n derde van die Indiërs minstens een keer per week 'n tydskrif of boek gelees, nagenoeg 'n derde het minder as een keer per week maar minstens een keer per jaar dergelike lektuur gelees en die res - weer nagenoeg 'n derde - minder as een keer per jaar of nooit.

Weer blyk dit dat die mans meer gereeld as die vroue lees.

Daar is nie ingegaan op die gehalte of aard van die lektuur wat gelees word nie.

P. D. Hey is egter van mening dat dit dikwels van 'n ligte aard is (8, bl. 17).

Op 'n vraag op watter radioprogramme daar gewoonlik ingeskakel word, het 40.6 persent van die gevalle verklaar dat hulle nie na radioprogramme luister nie, 31.5 persent het verklaar dat hulle gewoonlik op Radio Mozambiek (Lourenco Marques) inskakel, 18.0 persent het gewoonlik op Springbokradio ingeskakel, 5.8 persent het ingeskakel op oorsese stasies wat in Indiërtale uitsaai en 3.8 persent het op die Engelse diens van Radio Suid-Afrika ingeskakel. Enkele gevalle het blykbaar nie geweet op watter stasie hulle gewoonlik inskakel nie. Geen enkele persoon het die Afrikaanse diens van Radio Suid-Afrika vermeld nie.

P. D. Hey se vermoede dat „most Indians seem to prefer Springbok Radio and Lourenco Marques to the more serious "A" programme" (8, bl. 17) word deur bogenoemde bevindings bevestig.

## 12.4 BIOSKOOP EN SPORT

Blykbaar speel die rolprent 'n belangrike rol in die vryetydsbesteding van die Indiër. H. Kuper verklaar dan ook dat tradisionele vorme van vermaak by die Indiërgemeenskap as van sekondêre belang beskou word, en dat baie Indiërs eerder verkies om bioskoopvertonings by te woon (5, bl. 76).

Die mate waarin die bioskoop besoek word, word in tabel 12.9 aangetoon.

TABEL 12.9

HOE GEREELD BIOSKOOPVERTONINGS BYGEWOON WORD, VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Hoe dikwels bioskoopvertonings bygewoon word | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Meer as 1 keer per week | 44 | 5.8 | 20 | 2.7 | 64 | 4.3 |
| Een keer per week | 240 | 31.7 | 137 | 18.5 | 377 | 25.1 |
| Nie weekliks maar minstens 1 keer per maand | 218 | 28.8 | 269 | 36.3 | 487 | 32.5 |
| Nie maandeliks maar minstens 1 keer per jaar | 96 | 12.7 | 139 | 18.7 | 235 | 15.7 |
| Minder as 1 keer per jaar of nooit | 160 | 21.1 | 177 | 23.9 | 337 | 22.5 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Nagenoeg 30 persent van die persone in die ondersoekgroep verklaar dat hulle minstens een keer per week 'n bioskoop besoek. 'n Verdere 32.5 persent het minder as een keer per week maar minstens een keer per maand van hierdie medium van ontspanning gebruik gemaak.

Meer mans (37.5%) as vroue (21.2%) het minstens een keer per week 'n rolprent-vertoning bygewoon, maar ongeveer ewe veel mans en vroue het minder as een keer per jaar of nooit dergelike vertonings bygewoon nie. Dit wil dus nie voorkom asof daar van die vrou, ten spyte van die feit dat sy dikwels in 'n groot mate in die huis geïsoleer word, verwag word om hierdie ontspanningsmedium te ontbeer nie. Weer kan P. D. Hey aangehaal word: „The more progressive women attend cinemas with their husbands but many of the traditional Moslem and Hindu women attend afternoon performances of the cinema on their own" (8, bl. 18).

In welke mate die ondersoekgroep aan sport deelgeneem het, word in tabel 12.10 getoon. Slegs die sportsoort waaraan die meeste tyd bestee word, word vermeld.

TABEL 12.10

DEELNAME AAN SPORT VOLGENS GESLAG INGEDEEL

| Sportsoort | Geslag | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mans | | Vroue | | | |
| | G | % | G | % | G | % |
| Geen | 473 | 62.4 | 701 | 94.5 | 1174 | 78.3 |
| Sokker | 182 | 24.0 | - | - | 182 | 12.1 |
| Hokkie | - | - | 1 | 0.1 | 1 | 0.1 |
| Tennis | 21 | 2.8 | 14 | 1.9 | 35 | 2.3 |
| Krieket | 16 | 2.1 | - | - | 16 | 1.1 |
| Atletiek | 6 | 0.8 | 6 | 0.8 | 12 | 0.8 |
| Netbal | - | - | 18 | 2.4 | 18 | 1.2 |
| Tafeltennis | 6 | 0.8 | 1 | 0.1 | 7 | 0.5 |
| Visvang | 43 | 5.7 | - | - | 43 | 2.9 |
| Gholf | 4 | 0.5 | - | - | 4 | 0.3 |
| Swem | 3 | 0.4 | - | - | 3 | 0.2 |
| Ander | 4 | 0.5 | 1 | 0.1 | 5 | 0.3 |
| TOTAAL | 758 | 100.0 | 742 | 100.0 | 1500 | 100.0 |

Bostaande tabel toon dat 78.3 persent van die totale groep, en onderskeidelik 62.4 persent van die mans en 94.5 persent van die vroue, nie aan enige sportsoort deelgeneem het nie. Heelwat van diegene wat 'n sportsoort beoefen het, was skoolkinders.

Die betreklik geringe persentasie van die Indiërvroue wat aan sport deelneem, [1)]

1) Diegene wat wel aan sport deelneem, is meesal nog op skool.

kan nie toegeskryf word aan enige verbod op die Indiërvrou om aan sport deel te neem nie, maar „the domestic role of the average housewife excludes her participation" (5, bl. 76). Hierbenewens word die „sportvrou" ook nie as ideaal vir die Indiërvrou voorgehou nie (5, bl. 76).

By die mans is sokker die sportsoort wat verreweg die meeste beoefen word. By die vroue het netbal en tennis die meeste voorgekom. Volgens H. Kuper het „klasse-verskille" 'n invloed op die keuse van die sportsoort: „Soccer, football and boxing are played mainly by the working class, cricket and tennis mainly by the wealthy, the professional and the intellectual elite" (5, bl. 76).

# HOOFSTUK 13
## DIE KINDERS

### 13.1 INLEIDING

Die ontleding van die ondersoekgroep, dit wil sê die 1,500 persone van vyftien jaar en ouer, en die 1,500 huishoudings waarby hierdie persone ingeskakel is, is in die voorgaande hoofstuk afgesluit.

In hierdie hoofstuk word statistiek oor die kinders, dit wil sê persone onder vyftien jaar oud, aangebied en bespreek. Hierdie groep het, vanweë die vooropgestelde ouderdomsgrens, nie gekwalifiseer om by die steekproefbevolking van 1,500 persone ingesluit te word nie.

Soos reeds vermeld, het elke proefpersoon gegewens verstrek oor die twee oudste kinders in sy huishouding. Op hierdie wyse is gegewens oor 2,307 persone jonger as vyftien jaar verkry. In sommige huishoudings was daar natuurlik slegs een kind en in ander huishoudings glad nie kinders aanwesig nie.

Die metode wat gebruik is, bring mee dat die ouer groepe kinders in die ondersoekgroep oor- en die jonger groep onderverteenwoordig is. Die totale groep kinders in die ondersoekgroep kan dus nie as verteenwoordigend van die totale Indiërbevolking jonger as vyftien jaar gereken word nie. Daar is egter wel van die veronderstelling uitgegaan dat elke indiwiduele ouderdomsgroep in die ondersoekgroep min of meer verteenwoordigend van die ooreenstemmende leeftydsgroep in die algemene bevolking sal wees.

Die metode waarop kinders vir insluiting geselekteer is, het verseker dat diegene in die ouer leeftydsgroepe betreklik goed verteenwoordig sal wees. In 'n ondersoek soos hierdie is die ouer groepe van groter betekenis as die voorskoolse kinders.

Die leeftydsamestelling van die ondersoekgroep - seuns en dogters afsonderlik - verskyn in tabel 13.1.

### 13.2 ONDERWYS

Tabel 13.2 toon watter persentasie van die kinders in elke ouderdomsgroep op skool is, nog nooit 'n skool besoek het nie, en wel op skool was maar reeds die skool verlaat het.

By sowel die seuns as die dogters oorweeg die groep wat nog nooit op skool was nie, tot en met die vyfjarige groep. Vanaf die ses- tot die veertienjarige groep oorweeg die skoolgaandes.

Veral opvallend is die feit dat so min Indiërkinders van sewe jaar en ouer nie op skool is of was nie. Anders as enkele dekades gelede, is dit ook duidelik dat die Indiërouer vandag aanvaar dat dogters skoolonderrig moet ontvang. Die persentasie van die

TABEL 13.1

OUDERDOM

| Geslag | Ouderdom | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onder 5 jr. | | 5 jr. | | 6 jr. | | 7 jr. | | 8 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Seuns | 226 | 19.7 | 28 | 2.4 | 49 | 4.3 | 47 | 4.1 | 62 | 5.4 |
| Dogters | 202 | 17.4 | 41 | 3.5 | 42 | 3.6 | 46 | 4.0 | 68 | 5.9 |
| TOTAAL | 428 | 18.6 | 69 | 3.0 | 91 | 3.9 | 93 | 4.0 | 130 | 5.6 |

TABEL 13.1 (VERVOLG)

| Geslag | Ouderdom | | | | | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 jr. | | 10 jr. | | 11 jr. | | 12 jr. | | 13 jr. | | 14 jr. | | | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Seuns | 72 | 6.3 | 92 | 8.0 | 104 | 9.1 | 153 | 13.3 | 149 | 13.0 | 165 | 14.4 | 1147 | 100.0 |
| Dogters | 61 | 5.3 | 100 | 8.6 | 123 | 10.6 | 165 | 14.2 | 170 | 14.7 | 142 | 12.2 | 1160 | 100.0 |
| TOTAAL | 133 | 5.8 | 192 | 8.3 | 227 | 9.8 | 318 | 13.8 | 319 | 13.8 | 307 | 13.3 | 2307 | 100.0 |

## TABEL 13.2

## SKOOLBYWONING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Skoolbywoning | Ouderdom | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onder 5 jr. | | 5 jr. | | 6 jr. | | 7 jr. | | 8 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Seuns** | | | | | | | | | | |
| Is nog op skool | - | - | 5 | 17.9 | 32 | 65.3 | 39 | 83.0 | 57 | 91.9 |
| Was nooit op skool nie | 226 | 100.0 | 23 | 82.1 | 17 | 34.7 | 8 | 17.0 | 4 | 6.5 |
| Het reeds skool verlaat | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.6 |
| TOTAAL | 226 | 100.0 | 28 | 100.0 | 49 | 100.0 | 47 | 100.0 | 62 | 100.0 |
| **Dogters** | | | | | | | | | | |
| Is nog op skool | - | - | 1 | 2.4 | 22 | 52.4 | 44 | 95.7 | 59 | 86.8 |
| Was nooit op skool nie | 202 | 100.0 | 40 | 97.6 | 20 | 47.6 | 2 | 4.3 | 9 | 13.2 |
| Het reeds skool verlaat | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 202 | 100.0 | 41 | 100.0 | 42 | 100.0 | 46 | 100.0 | 68 | 100.0 |

TABEL 13.2 (VERVOLG)

SKOOLBYWONING VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Skoolbywoning | Ouderdom | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 jr. | | 10 jr. | | 11 jr. | | 12 jr. | | 13 jr. | | 14 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Seuns** | | | | | | | | | | | | |
| Is nog op skool | 71 | 98.6 | 92 | 100.0 | 104 | 100.0 | 150 | 98.0 | 146 | 98.0 | 155 | 93.9 |
| Was nooit op skool nie | 1 | 1.4 | - | - | - | - | 2 | 1.3 | 2 | 1.3 | 2 | 1.2 |
| Het reeds skool verlaat | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.7 | 1 | 0.7 | 8 | 4.8 |
| TOTAAL | 72 | 100.0 | 92 | 100.0 | 104 | 100.0 | 153 | 100.0 | 149 | 100.0 | 165 | 100.0 |
| **Dogters** | | | | | | | | | | | | |
| Is nog op skool | 57 | 93.4 | 94 | 94.0 | 116 | 94.3 | 151 | 91.5 | 152 | 89.4 | 101 | 71.1 |
| Was nooit op skool nie | 4 | 6.6 | 4 | 4.0 | 4 | 3.3 | 4 | 2.4 | 4 | 2.4 | 6 | 4.2 |
| Het reeds skool verlaat | - | - | 2 | 2.0 | 3 | 2.4 | 10 | 6.1 | 14 | 8.2 | 35 | 24.6 |
| TOTAAL | 61 | 100.0 | 100 | 100.0 | 123 | 100.0 | 165 | 100.0 | 170 | 100.0 | 142 | 100.0 |

dogters in die groepe van tien jaar en ouer wat nooit op skool was nie, wissel van slegs 2.4 tot 4.2 persent. Hierteenoor toon tabel 4.1 dat nagenoeg 'n derde van die vroue van vyftien jaar en ouer nooit op skool was nie.

Alhoewel die meeste dogters skoolonderrig geniet, is dit egter duidelik dat hulle vroeër as die seuns die skool verlaat. Slegs in die veertienjarige groep seuns word 'n noemenswaardig persentasie (4.8%) van „skoolverlaters" aangetref. Hierteenoor het onderskeidelik 6.1, 8.2 en 24.6 persent van die twaalf-, dertien- en veertienjarige dogters reeds die skool verlaat. Blykbaar word baie Indiërdogters nog uit die skool geneem by die aanbreek van die puberteitsfase.

Die skooltoetredingsouderdomme van die Indiërkinders verskyn in tabel 13.3 waaruit blyk dat die meeste seuns en dogters op ses- of sewejarige leeftyd die skool vir die eerste keer besoek.

In tabel 13.4 word die hoogste standerd wat geslaag is deur diegene wat nog op skool is, volgens ouderdom ingedeel.

Die tabel toon onder andere dat 13.5 persent van die veertienjarige seuns hoogstens standerd twee geslaag het (en dus tydens die ondersoek hoogstens in standerd drie was), 44.5 persent standerd drie of vier geslaag het en 41.9 persent standerd vyf of 'n hoër standerd. By die veertienjarige dogters kom dié ooreenstemmende persentasies op onderskeidelik 10.9, 54.5 en 34.7 persent te staan. Geen noemenswaardige verskille tussen die opvoedkundige peil van die seuns en dogters in die meeste ouderdomskategorieë is te bespeur nie.

Indien aanvaar word dat die normale ouderdom van 'n leerling in graad een sewe jaar, in graad twee agt jaar, en so meer, tot agtien jaar in standerd tien is, en daar word ook aanvaar dat 'n leerling vertraag is indien hy in enige standerd twee jaar ouer as die normale ouderdom vir dié standerd is,[1] is 18.0 persent van die seuns en 19.2 persent van die dogters van twaalf jaar, onderskeidelik 24.6 en 22.4 persent van die seuns en dogters van dertien jaar en onderskeidelik 30.3 en 32.7 persent van die seuns en dogters van veertien jaar vertraag. Indien egter aanvaar word dat die normale ouderdom vir graad een agt jaar is, daal die persentasie vertraagdes by die seuns van twaalf, dertien en veertien jaar tot onderskeidelik 6.0, 7.5 en 13.5 en by die dogters in die ooreenstemmende ouderdomsgroepe tot 6.6, 7.3 en 10.9 persent respektiewelik.

Daar is ook vasgestel hoeveel van diegene wat op skool is of was, reeds een of meermale gedruip het.

---

1) Hierdie kriterium is deur die Kommissie insake Kleurlingonderwys gebruik (17, bl. 38).

TABEL 13.3

SKOOLTOETREDINGSOUDERDOM VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Skool-toetredings-ouderdom | Ouderdom | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 jr. | | 6 jr. | | 7 jr. | | 8 jr. | | 9 jr. | | 10 jr. | | 11 jr. | | 12 jr. | | 13 jr. | | 14 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Seuns** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Onder 6 jr. | 5 | 100.0 | 11 | 34.4 | 13 | 33.3 | 9 | 15.5 | 12 | 16.9 | 6 | 6.5 | 7 | 6.7 | 7 | 4.6 | 8 | 5.4 | 9 | 5.5 |
| 6 jr. | - | - | 21 | 65.6 | 18 | 46.2 | 24 | 41.4 | 38 | 53.5 | 41 | 44.6 | 48 | 46.2 | 60 | 39.7 | 62 | 42.2 | 61 | 37.4 |
| 7 jr. | - | - | - | - | 8 | 20.5 | 24 | 41.4 | 15 | 21.1 | 36 | 39.1 | 38 | 36.5 | 63 | 41.7 | 56 | 38.1 | 61 | 37.4 |
| 8 jr. | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.7 | 3 | 4.2 | 7 | 7.6 | 7 | 6.7 | 12 | 8.0 | 12 | 8.2 | 20 | 12.3 |
| 9 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 4.2 | 2 | 2.2 | 1 | 1.0 | 7 | 4.6 | 4 | 2.7 | 5 | 3.1 |
| 10 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.0 | 1 | 0.7 | 3 | 2.0 | 7 | 4.3 |
| 11 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 1.9 | - | - | 1 | 0.7 | - | - |
| 12 - 14 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.7 | 1 | 0.7 | - | - |
| TOTAAL | 5 | 100.0 | 32 | 100.0 | 39 | 100.0 | 58 | 100.0 | 71 | 100.0 | 92 | 100.0 | 104 | 100.0 | 151 | 100.0 | 147 | 100.0 | 163 | 100.0 |
| **Dogters** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Onder 6 jr. | 1 | 100.0 | 7 | 31.8 | 5 | 11.4 | 6 | 10.2 | 7 | 12.3 | 5 | 5.2 | 5 | 4.2 | 6 | 3.7 | 9 | 5.4 | 3 | 2.2 |
| 6 jr. | - | - | 15 | 68.2 | 28 | 60.6 | 36 | 61.0 | 28 | 49.1 | 53 | 55.2 | 60 | 50.4 | 64 | 39.8 | 69 | 41.6 | 43 | 31.6 |
| 7 jr. | - | - | - | - | 11 | 25.0 | 14 | 23.7 | 19 | 33.3 | 30 | 31.2 | 44 | 37.0 | 69 | 42.9 | 66 | 39.8 | 66 | 48.5 |
| 8 jr. | - | - | - | - | - | - | 3 | 5.1 | 2 | 3.5 | 5 | 5.2 | 7 | 5.9 | 14 | 8.7 | 10 | 6.0 | 13 | 9.6 |
| 9 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.8 | 1 | 1.0 | 2 | 1.7 | 5 | 3.1 | 11 | 6.6 | 6 | 4.4 |
| 10 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 2.1 | - | - | 1 | 0.6 | 1 | 0.6 | 3 | 2.2 |
| 11 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.8 | 2 | 1.2 | - | - | 2 | 1.5 |
| 12 - 14 jr. | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 1 | 100.0 | 22 | 100.0 | 44 | 100.0 | 59 | 100.0 | 57 | 100.0 | 96 | 100.0 | 119 | 100.0 | 161 | 100.0 | 166 | 100.0 | 136 | 100.0 |

TABEL 13.4

DIE HOOGSTE STANDERD OP SKOOL GESLAAG TEN OPSIGTE VAN DIEGENE WAT NOG OP SKOOL IS, VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Hoogste standerd geslaag | Ouderdom | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 jr. | | 6 jr. | | 7 jr. | | 8 jr. | | 9 jr. | | 10 jr. | | 11 jr. | | 12 jr. | | 13 jr. | | 14 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Seuns** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Geen | 5 | 100.0 | 26 | 81.3 | 13 | 33.3 | 12 | 21.1 | 4 | 5.6 | 1 | 1.1 | 2 | 1.9 | - | - | 1 | 0.7 | - | - |
| Grade | - | - | 6 | 18.8 | 25 | 64.1 | 43 | 75.4 | 37 | 52.1 | 27 | 29.3 | 11 | 10.6 | 9 | 6.0 | - | - | 1 | 0.6 |
| St. 1 | - | - | - | - | 1 | 2.6 | 2 | 3.5 | 24 | 33.8 | 37 | 40.2 | 28 | 26.9 | 18 | 12.0 | 10 | 6.8 | 4 | 2.6 |
| St. 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 7.0 | 22 | 23.9 | 36 | 34.6 | 30 | 20.0 | 25 | 17.1 | 16 | 10.3 |
| St. 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.4 | 4 | 4.3 | 21 | 20.2 | 53 | 35.3 | 45 | 30.8 | 26 | 16.8 |
| St. 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.1 | 5 | 4.8 | 38 | 25.3 | 40 | 27.4 | 43 | 27.7 |
| St. 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.0 | 2 | 1.3 | 22 | 15.1 | 51 | 32.9 |
| St. 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 2.1 | 12 | 7.7 |
| St. 7 en hoër | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 1.3 |
| TOTAAL | 5 | 100.0 | 32 | 100.0 | 39 | 100.0 | 57 | 100.0 | 71 | 100.0 | 92 | 100.0 | 104 | 100.0 | 150 | 100.0 | 146 | 100.0 | 155 | 100.0 |
| **Dogters** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Geen | 1 | 100.0 | 14 | 63.6 | 14 | 31.8 | 10 | 16.9 | 3 | 5.3 | 2 | 2.1 | 1 | 0.9 | 2 | 1.3 | - | - | - | - |
| Grade | - | - | 8 | 36.4 | 28 | 63.6 | 42 | 71.2 | 36 | 63.2 | 24 | 25.5 | 9 | 7.8 | 8 | 5.3 | 1 | 0.7 | 1 | 1.0 |
| St. 1 | - | - | - | - | 1 | 2.3 | 6 | 10.2 | 16 | 28.1 | 39 | 41.5 | 35 | 30.2 | 19 | 12.6 | 10 | 6.6 | 4 | 4.0 |
| St. 2 | - | - | - | - | 1 | 2.3 | 1 | 1.7 | 2 | 3.5 | 24 | 25.5 | 44 | 37.9 | 41 | 27.2 | 23 | 15.1 | 6 | 5.9 |
| St. 3 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 5.3 | 20 | 17.2 | 55 | 36.4 | 46 | 30.3 | 22 | 21.8 |
| St. 4 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 6 | 5.2 | 23 | 15.2 | 46 | 30.3 | 33 | 32.7 |
| St. 5 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.9 | 3 | 2.0 | 24 | 15.8 | 24 | 23.8 |
| St. 6 | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 1.3 | 11 | 10.9 |
| St. 7 en hoër | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| TOTAAL | 1 | 100.0 | 22 | 100.0 | 44 | 100.0 | 59 | 100.0 | 57 | 100.0 | 94 | 100.0 | 116 | 100.0 | 151 | 100.0 | 152 | 100.0 | 101 | 100.0 |

TABEL 13.5

GETAL KERE OP SKOOL GEDRUIP VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Getal kere op skool gedruip | Ouderdom | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 jr. | | 6 jr. | | 7 jr. | | 8 jr. | | 9 jr. | | 10 jr. | | 11 jr. | | 12 jr. | | 13 jr. | | 14 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| Seuns | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 keer | - | - | - | - | 4 | 10.3 | 8 | 13.8 | 11 | 15.5 | 11 | 12.0 | 30 | 28.9 | 37 | 24.5 | 51 | 34.7 | 42 | 25.8 |
| 2 keer | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.4 | 2 | 2.2 | 7 | 6.7 | 8 | 5.3 | 17 | 11.6 | 16 | 9.8 |
| 3 en meer kere | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 | 2.0 | - | - | 2 | 1.4 | 3 | 1.8 |
| Het nooit gedruip | 5 | 100.0 | 32 | 100.0 | 35 | 89.7 | 50 | 86.2 | 59 | 83.1 | 79 | 85.9 | 65 | 62.5 | 106 | 70.2 | 77 | 52.4 | 102 | 62.6 |
| TOTAAL | 5 | 100.0 | 32 | 100.0 | 39 | 100.0 | 58 | 100.0 | 71 | 100.0 | 92 | 100.0 | 104 | 100.0 | 151 | 100.0 | 147 | 100.0 | 163 | 100.0 |
| Dogters | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 1 keer | - | - | - | - | 4 | 9.1 | 7 | 11.9 | 12 | 21.1 | 20 | 20.8 | 30 | 25.2 | 37 | 23.0 | 43 | 25.9 | 38 | 27.9 |
| 2 keer | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.7 | - | - | 6 | 6.2 | 3 | 2.5 | 16 | 9.9 | 17 | 10.2 | 18 | 13.2 |
| 3 en meer kere | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.0 | 1 | 0.8 | 2 | 1.2 | 5 | 3.0 | 3 | 2.2 |
| Het nooit gedruip | 1 | 100.0 | 22 | 100.0 | 40 | 90.9 | 51 | 86.4 | 45 | 78.9 | 69 | 71.9 | 85 | 71.4 | 106 | 65.8 | 101 | 60.8 | 77 | 56.6 |
| TOTAAL | 1 | 100.0 | 22 | 100.0 | 44 | 100.0 | 59 | 100.0 | 57 | 100.0 | 96 | 100.0 | 119 | 100.0 | 161 | 100.0 | 166 | 100.0 | 136 | 100.0 |

Volgens tabel 13. 5 kom die eerste druipelinge reeds by die sewejarige seuns en dogters voor. By die dogters het 9. 1 persent van die sewejariges gedruip, en die persentasie druipelinge neem met elke daaropvolgende ouderdomsgroep toe tot 43.4 persent van die veertienjarige groep. By die seuns word hierdie reëlmaat nie aangetref nie, en onderskeidelik 10. 3, 13. 8, 16. 9, 14. 2, 37. 6, 29. 8, 47. 7 en 37.4 persent van die seuns in die groepe van sewe tot veertien jaar het minstens een keer gedruip.

## 13. 3 VERSORGING

Tabel 13. 6 toon hoeveel van die seuns en dogters in elke leeftydsgroep nog by hul eie ouers inwoon, hoeveel slegs by die vader of die moeder woon en hoeveel die versorging van albei die eie ouers moet ontbeer.

Volgens die tabel het minstens 85 persent van al die groepe seuns en dogters nog 'n eie vader en moeder gehad wat hulle versorging waargeneem het. By verskeie van die groepe kom hierdie persentasie op minstens 95 te staan.

Die redes vir die afwesigheid van die eie vaders en moeders in die huishoudings waarin die kinders aangetref is, verskyn in onderstaande tabel. In hierdie tabel word met die leeftydsindeling van die kinders weggedoen.

TABEL 13.7

DIE REDES VIR DIE AFWESIGHEID VAN DIE OUERS

| Rede | Vader | | Moeder | |
|---|---|---|---|---|
| | G | % | G | % |
| Dood | 148 | 75.9 | 27 | 58.7 |
| Geskei | 7 | 3.6 | - | - |
| Verlaat | 14 | 7.2 | 7 | 15.2 |
| Kind buite-egtelik gebore - vader gevolglik afwesig | 5 | 2.6 | * | * |
| Kind aan andere se sorg toevertrou | 10 | 5.1 | 10 | 21.7 |
| Kind het ouerhuis verlaat - woon op sy eie | 1 | 0.5 | 1 | 2.2 |
| Ouers werk of woon elders | 10 | 5.1 | 1 | 2.2 |
| TOTAAL | 195 | 100.0 | 46 | 100.0 |

* Slegs van toepassing op die vaders.

TABEL 13.6

AANWESIGHEID VAN OUERS IN GESIN VOLGENS OUDERDOM INGEDEEL

| Aanwesigheid van ouers in gesin | Ouderdom | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Onder 5 jr. | | 5 jr. | | 6 jr. | | 7 jr. | | 8 jr. | | 9 jr. | | 10 jr. | | 11 jr. | | 12 jr. | | 13 jr. | | 14 jr. | |
| | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % | G | % |
| **Seuns** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Eie vader en moeder | 221 | 97.8 | 27 | 96.4 | 46 | 93.9 | 41 | 87.2 | 58 | 93.5 | 68 | 94.4 | 81 | 88.0 | 98 | 94.2 | 135 | 88.2 | 126 | 84.6 | 144 | 87.3 |
| Slegs die vader | - | - | - | - | - | - | 1 | 2.1 | - | - | 2 | 2.8 | 4 | 4.3 | 2 | 1.9 | 2 | 1.3 | 3 | 2.0 | - | - |
| Slegs die moeder | 2 | 0.9 | 1 | 3.6 | 3 | 6.1 | 3 | 6.4 | 2 | 3.2 | 2 | 2.8 | 7 | 7.6 | 4 | 3.8 | 15 | 9.8 | 17 | 11.4 | 20 | 12.1 |
| Nie een van die twee nie | 3 | 1.3 | - | - | - | - | 2 | 4.3 | 2 | 3.2 | - | - | - | - | - | - | 1 | 0.7 | 3 | 2.0 | 1 | 0.6 |
| TOTAAL | 226 | 100.0 | 28 | 100.0 | 49 | 100.0 | 47 | 100.0 | 62 | 100.0 | 72 | 100.0 | 92 | 100.0 | 104 | 100.0 | 153 | 100.0 | 149 | 100.0 | 165 | 100.0 |
| **Dogters** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Eie vader en moeder | 197 | 97.5 | 37 | 90.2 | 41 | 97.6 | 41 | 89.1 | 64 | 94.1 | 52 | 85.2 | 87 | 87.0 | 108 | 87.8 | 145 | 87.9 | 146 | 85.9 | 126 | 88.7 |
| Slegs die vader | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 | 1.6 | 1 | 1.0 | 1 | 0.8 | 1 | 0.6 | 3 | 1.8 | 2 | 1.4 |
| Slegs die moeder | 4 | 2.0 | 3 | 7.3 | 1 | 2.4 | 5 | 10.9 | 3 | 4.4 | 8 | 13.1 | 11 | 11.0 | 12 | 9.8 | 16 | 9.7 | 20 | 11.8 | 13 | 9.2 |
| Nie een van die twee nie | 1 | 0.5 | 1 | 2.4 | - | - | - | - | 1 | 1.5 | - | - | 1 | 1.0 | 2 | 1.6 | 3 | 1.8 | 1 | 0.6 | 1 | 0.7 |
| TOTAAL | 202 | 100.0 | 41 | 100.0 | 42 | 100.0 | 46 | 100.0 | 68 | 100.0 | 61 | 100.0 | 100 | 100.0 | 123 | 100.0 | 165 | 100.0 | 170 | 100.0 | 142 | 100.0 |

Die meeste kinders wat 'n eie vader moet ontbeer, het hulle vader as gevolg van sy afsterwe verloor. 'n Verdere 3.6 en 7.2 persent onderskeidelik het geen vader nie as gevolg van egskeiding of verlating, 2.6 persent is buite-egtelik gebore en die eie vader is afwesig[1], 5.1 persent is aan die sorg van andere toevertrou, 0.5 persent het reeds die ouerhuis verlaat en in die geval van 5.1 persent van die betrokke kinders werk die vader weg van sy gesin en kom nie gereeld huis toe nie.[2]

Ook die meeste moeders wat uit die gesinne afwesig is, het te sterwe gekom.

Daar kan ook vermeld word dat betreklik min van die kinders se moeders buitenshuise beroepsarbeid verrig het. Die moontlikheid van verwaarlosing as gevolg van moederarbeid is dus, vir die groep as geheel, betreklik gering. Slegs 3.6 persent van byvoorbeeld die veertienjarige seuns en 3.5 persent van die veertienjarige dogters se moeders het voltyds buitenshuise beroepsarbeid verrig.

## 13.4 BEROEPSARBEID

'n Uiters geringe persentasie van die Indiërkinders het voltyds loonarbeid verrig. Slegs een dertienjarige seun en een veertienjarige dogter het buite die ouertuiste in loonarbeid gestaan. Van die agt veertienjarige seuns wat dus volgens tabel 13.2 reeds die skool verlaat het, het niemand buite die huis loonarbeid verrig nie.

---

1) Hieronder word nie alle buite-egtelike kinders gereken nie, maar slegs diegene wat nie in die sorg van hulle eie vaders is nie. Kinders wat buite-egtelik gebore is waar die vader 'n deel van die gesin geword het (byvoorbeeld deur na die kind se geboorte met die moeder te trou) is nie as kinders sonder 'n eie vader ingedeel nie.

2) Slegs gevalle waar die vader (of die moeder) minder as een dag per week huis toe kom.

# HOOFSTUK 14
## SAMEVATTING

### 14.1 INLEIDING

Die gegewens in hierdie verslag is ingewin tydens onderhoude met 'n steekproef van 1,500 Indiërs, almal persone van minstens vyftien jaar oud, wat in sestien distrikte van Natal woonagtig is. Die onderhoude het gedurende Augustus 1963 plaasgevind.

Elke proefpersoon moes gegewens verstrek oor homself, oor die huishouding waarvan hy 'n lid is, oor die wooneenheid waarin hy woon en oor die twee oudste kinders onder vyftien jaar oud wat lede is van sy huishouding en wat in dieselfde wooneenheid as hy woon.

### 14.2 ALGEMENE KENMERKE VAN DIE STEEKPROEFBEVOLKING

Die ondersoekgroep bestaan uit ietwat meer mans (50.5%) as vroue (49.5%), bykans die helfte is tussen 15 en 30 jaar oud, Tamil (42.8%) en Hindi (28.3%) is die meeste as huistaal gebruik en nagenoeg 80 persent van die groep is Hindoes.

Soos verwag kan word, is daar verskille in die samestelling van die ondersoekgroep en die totale bevolking ten opsigte van bogenoemde eienskappe. Die Moslems in die totale bevolking is onderverteenwoordig in die ondersoekgroep en so ook die jongste (onder 30 jaar) en oudste (ouer as 60 jaar) groepe in die bevolking en moontlik ook die Engelssprekendes.

Die onderverteenwoordiging van sekere groepe, bring natuurlik ook die oorverteenwoordiging van ander groepe in die steekproef mee.

### 14.3 WOONPLEK EN MIGRASIE

Onderskeidelik 62.9, 12.0 en 18.0 persent van die ondersoekgroep was in stede, in dorpe en op plase, landbouhoewes of klein gemeenskappe woonagtig (3.2)[1].

Indien die woonplek van die ondersoekgroep op eenjarige leeftyd met dié op 20-jarige leeftyd vergelyk word, kom interessante gegewens aan die lig. Dit blyk dat 94.4 persent van diegene wat op eenjarige leeftyd in die stede gewoon het, nog op 20-jarige leeftyd in die stede woonagtig was. Hierteenoor was slegs 71.6 persent van diegene wat op eenjarige leeftyd in die dorpe gewoon het en 79.4 persent van diegene wat op plase gewoon het, nog op 20-jarige leeftyd in die dorpe of op plase onderskeidelik woonagtig. Onderskeidelik 20.0 en 8.4 persent van diegene wat aanvanklik in die dorpe gewoon het, het na die stede of na plase verhuis terwyl onderskeidelik 14.6 en 6.0 persent van die plaasbewoners hulle later in die stede of dorpe bevind het (3.3).

1) „3.2" verwys na afdeling 3.2 van die verslag.

Meer as 'n kwart van die ondersoekgroep het sedert hulle tiende verjaarsdag getrek. [1] Meer as 'n kwart van die ondersoekgroep woon ook nie meer in die landdrosdistrik waarin hulle gebore is nie. Meer vroue as mans het getrek. Die meeste van die trekke tussen distrikte by die mans is deur beroepsoorwegings (veral om werk te soek of om beter diensvoorwaardes te bekom) gemotiveer. Verreweg die meeste trekke by vroue het op 'n huwelik gevolg - die vrou het by die huishouding van haar man aangesluit (3.4).

Op 'n vraag waar die proefpersoon graag sal wil woon, dit wil sê in 'n stad, dorp of plaas, het 92.5 persent van die stedelinge verklaar dat hulle 'n stad verkies, 68.9 persent van die dorpsbewoners het 'n dorp verkies en 65.1 persent van diegene op plase, 'n plaas. Die dorpsbewoners wat nie 'n dorp as eerste keuse gestel het nie, het meesal 'n stad as eerste keuse aangedui en die meeste plaasbewoners in die ooreenstemmende groep het 'n dorp verkies. Alhoewel die stede 'n groter „wins" as die dorpe ten opsigte van intrekkers van die plase toon, wil dit voorkom asof baie van hierdie intrekkers via die dorpe na die stede verhuis.

Geoordeel aan waar die proefpersone graag sal wil woon, sal die Indiërbevolking verder verstedelik.

## 14.4 OPVOEDKUNDIGE PEIL

Tydens die ondersoek was 8.7 persent van die ondersoekgroep nog op skool, 69.7 persent was in die verlede op skool terwyl 21.7 persent nooit op skool was nie. Teenoor slegs 9.6 persent van die mans, was 34.0 persent van die vroue nooit op skool nie (4.2).

Van diegene wat wel op skool was, het 2.7 persent geen standerd geslaag nie of hoogstens een of albei van die substanderds, 53.8 persent het minstens standerd een maar hoogstens standerd vyf geslaag, 24.3 persent het standerd ses geslaag, 15.6 persent standerd sewe, agt of nege en 3.7 persent het standerd tien geslaag.

Daar was nie alleen meer mans as vroue, meer jong- as oumense en meer Gujurati- en Engelssprekendes as persone met ander huistale op skool nie, maar, van diegene wat wel op skool was, het die mans, die jonger persone en die Gujurati- en Engelssprekendes ook die hoogste opvoedkundige peil bereik. 'n Veel groter persentasie van die plaas- (34.3%) en dorpsbewoners (25.0%) as van die stedelinge (16.0%) was nooit op skool nie (4.3).

---

1) Byvoorbeeld van 'n dorp na 'n stad. Trekke binne die grense van een stad of dorp is nie in berekening gebring nie. Kyk afdeling 3.4.

Die mees algemene skooltoetredingsouderdom was op sewejarige leeftyd (38.8%). Die gemiddelde skooltoetredingsouderdom van die mans is ietwat hoër as dié van vroue alhoewel veel meer vroue as mans natuurlik nooit op skool was nie. Teenoor 86.9 persent van diegene tussen 15 en 24 jaar, was 80.7 persent van die groep tussen 35 en 44 jaar en 74.3 persent van diegene tussen 55 en 64 jaar, agt jaar of jonger toe hulle vir die eerste keer skool toe is. Die jonger groep het dus vroeër op skool gekom as diegene in die ouer groepe. Daar is geen opvallende verskille in die skooltoetredingsouderdomme van die stads-, dorps- en plaasbewoners nie (4.4).

Minder as twee persent van die steekproefbevolking het oor professionele diplomas of grade beskik (4.5). Nagenoeg vyf persent van die persone in die ondersoekgroep het op een of ander tydstip deeltyds gestudeer (4.6).

Slegs 4.1 persent van die ondervraagdes het verklaar dat hulle nie Engels kon praat nie. In hierdie kategorie kom daar vier keer meer vroue as mans voor. Nagenoeg 'n kwart kon nie in Engels skryf nie. Minder as vyf persent was Afrikaans magtig (4.7).

Nagenoeg 93 persent het 'n Oosterse taal as huistaal gehad alhoewel slegs 24.6 persent verklaar het dat hulle nog in 'n Oosterse taal kan skryf (4.8).

## 14.5 HUWELIKSTAAT EN GESINSAANGELEENTHEDE

Onderskeidelik 28.2, 66.2 en 4.9 persent van die ondersoekgroep was „nooit getroudes", getroudes en wewenaars of weduwees. Geringe persentasies was geskei (0.1%), het buite-egtelik saamgelewe (0.4%) of het hulle huwelik as gevolg van verlating verbrokkel (0.2%) (5.2).

Die Indiërbevolking trou op 'n betreklik jeugdige ouderdom. Agt punt ses persent van die mans en 65.2 persent van die vroue was reeds teen hul twintigste verjaarsdag getroud. Die mediaanhuweliksouderdom van die mans kom op 23.9 jaar te staan en dié van vroue op 19.0 jaar (5.3).

Veral die ortodokse ouers beskou dit nog as 'n reg en as 'n plig om huwelike vir hulle kinders te reël. Onderskeidelik 23.3 en 47.9 persent van die mans en vroue het dan ook blykbaar geen sê in die keuse van hul huweliksmaat gehad nie. Die Christene het 'n groter sê in die keuse van 'n eggenoot as in die geval van die ander geloofsgroepe en 'n groter persentasie van persone onder 35 jaar as van 35 jaar en ouer het hulle eggenoot self gekies (5.4).

Alhoewel Indiërs nie deur 'n wet verbied word om met Bantoes of Kleurlinge te trou nie, kom huwelike oor die „rassegrens" uiters selde voor (5.5).

Wat die huweliksvorm betref, is dit duidelik dat suiwer siviele verbintenisse uiters selde voorkom. Verreweg die meeste huwelike vind volgens godsdienstige gebruike plaas wat gevolg word deur die bevestiging van die huwelik deur 'n gemagtigde huweliksbevestiger soos 'n landdros (5.6).

Onderskeidelik 33. 3, 53. 9 en 12. 8 persent van die steekproefbevolking het geen, van een tot ses en sewe of meer eie kinders in lewe gehad. Slegs 0. 4 en 0. 9 persent het onderskeidelik stief - of aangenome kinders gehad. Diegene op plase het gemiddeld meer kinders as die stedelinge of dorpsbewoners gehad (5. 7).

Op 'n vraag of Indiërs geboortebeperking moet toepas om die grootte van hulle gesinne te beperk, het 78. 5 persent „ja", 9. 1 persent „nee" en 12. 4 persent „weet nie" geantwoord. Veral die jonger groep persone, die Christene en die stedelinge het geboortebeperking as wenslik beskou (5. 8).

Die meeste van die huishoudings, naamlik 60. 3 persent, het uit 'n egpaar en kinders bestaan (5. 9).

## 14. 6 BEROEPSAANGELEENTHEDE

Die meeste mans in die ondersoekgroep was ongeskoolde werkers (14. 2%), voltydse studente en skoliere (13. 7%), semiprofessionele werkers (12. 9%), werkloses (11. 2%) en selfgeëmplojeerdes (11. 1%). Die oorweldigende meerderheid (86. 6%) van die vroue was huisvroue. 'n Groter persentasie van die jonger (onder 35 jaar) as van die ouer persone was professionele en semi-professionele werkers terwyl daar weer 'n veel groter persentasie plaaswerkers en selfgeëmplojeerdes in die ouer as die jonger groep voorkom. Die ongeskoolde werkers, plaaswerkers en selfgeëmplojeerdes is oorwegend in dié groep met die swakste opvoedkundige kwalifikasies terwyl nagenoeg driekwart van die werkers wat minstens standerd tien geslaag het, professionele en tegniese werkers is (6. 2).

Onderskeidelik 3. 3 en 0. 8 persent van die mans en vroue het, benewens hul hoofberoep, ook nog deeltyds gewerk om hulle inkomste aan te vul (6. 3). Meer as 90 persent van die werkers verklaar dat hulle beroepe beoefen wat hulle dwarsdeur die jaar van werk verseker. 'n Geringe persentasie werk normaalweg nie die hele jaar nie (6. 4).

Nagenoeg twaalf persent van diegene wat op die arbeidsmark meeding, of nagenoeg ses persent van die totale ondersoekgroep, was werkloos. Die geraamde getal werkloses in die Indiërbevolking van Natal van vyftien jaar en ouer (die raming is gebaseer op die totale getal werkloses in die 1, 500 steekproefhuishoudings) kom op ongeveer 12, 500 persone, waarvan nagenoeg 10, 000 mans is, te staan.

'n Opvallend hoë persentasie (22. 4%) werkloses word in die ouderdomsgroep 15 tot 24 jaar aangetref. Werkloosheid kom minder voor by diegene wat minstens standerd agt geslaag het as by persone met laer opvoedkundige kwalifikasies. Meer as twee derdes van die werkloses was reeds vir minstens vyf maande werkloos.

Die grootste enkele persentasie (43.5%) van die werkloses het verklaar dat hulle hul werk verloor het omdat daar nie meer werk vir hulle was nie. 'n Aansienlik persentasie (22.8%) het nog nooit voorheen gewerk nie. Nagenoeg 30 persent was as arbeiders werksaam net voordat hulle hul werk kwytgeraak het. Ietwat meer as die helfte van die werklose mans en sowat 40 persent van die werklose vroue het verklaar dat hulle as werkloses by die Departement van Arbeid geregistreer was (6.5).

Slegs 3.0 persent van die werkers het verklaar dat hulle vir 'n ander soort werk as wat hulle tydens die opname verrig het, opgelei was. Slegs 1.0 persent van die werkers was van mening dat hulle meer sou kon verdien deur 'n ander soort werk, waarvoor hulle opgelei was, te doen. Die meeste van hierdie werkers verklaar dat 'n gebrek aan vakatures hulle verhinder om dié betrokke beroep te kan beoefen (6.6).

## 14.7 INKOMSTE

Sewe-en-vyftig punt sewe persent van die ondersoekgroep het geen persoonlike kontantinkomste gehad nie, 13.5 persent het minder as R30 per maand verdien, 24.1 persent tussen R30 en R99 en 4.7 persent R100 of meer in kontant per maand. Die groot persentasie persone wat geen persoonlike inkomste het nie, is huisvroue wat deur hulle mans, en studente en skoliere wat deur hulle ouers onderhou word.

Indien diegene wat nie verdien nie, buite rekening gelaat word, is die mediaan persoonlike kontantinkomste van die plaasarbeiders (R18.1 per maand) en ongeskoolde werkers (R31.8) die laagste en dié van die professionele en tegniese werkers, (R82.9) en selfgeëmplojeerdes (R65.6) die hoogste (7.2).

Bogenoemde gegewens het slegs betrekking op die kontantinkomste wat uit die „hoofberoep" wat beoefen word, verdien word.

Daar is ook vasgestel wat die totale maandelikse inkomste (alle kontantinkomstes sowel as die waarde van inkomste in goedere) van die proefpersone is. Ses-en-vyftig punt een persent van die totale groep het geen persoonlike inkomste hoegenaamd gehad nie, 12.7 persent minder as R30, 26.4 persent tussen R30 en R99 terwyl die res, naamlik 4.9 persent, 'n totale maandelikse persoonlike inkomste van minstens R100 gehad het.

Die mediaan totale persoonlike inkomste van diegene wat oor 'n inkomste beskik, neem toe met stygende ouderdom, bereik 'n hoogtepunt in die leeftydsgroep 35 tot 44 jaar (R49.4 per maand) en daal dan weer. Een derde van die Moslems, teenoor slegs 11.4 persent van die Hindoes en 9.8 persent van die Christene wat verdien, het minstens R90 per maand verdien en die totale maandelikse persoonlike inkomste van die stedelinge (20.7% verdien minstens R80 per maand) is hoër as dié van die dorps- of plaasbewoners (onderskeidelik 15.4% en 12.2% verdien minstens R80 per maand) (7.3).

Punt ses persent van die huishoudings het geen kontantinkomste tydens die opname gehad nie terwyl onderskeidelik 40. 9, 34. 1 en 24. 3 persent oor 'n kontantinkomste van minder as R49, R50 tot R99 en R100 en meer per maand beskik het. Die ooreenstemmende persentasies as die totale inkomste (kontant sowel as die waarde van inkomste in goedere) in berekening gebring word, kom op onderskeidelik 0.4, 38. 3, 36.4 en 25. 0 te staan. Die stedelike huishoudings het die grootste inkomste gehad en groter huishoudings het in die algemeen meer as klein huishoudings verdien (7.4).

Indien die inkomste van die huishoudings per volwasse eenheid[1)] uitgedruk word, blyk dit dat 38. 8 persent van die huishoudings minder as R10 per maand per volwasse eenheid verdien. Die mediaaninkomste per volwasse eenheid van die Tamil- en Hindi-sprekendes (R11. 8 en R11. 4 onderskeidelik) is die laagste terwyl dié van die Gujurati-huishoudings (R21. 3) weer die hoogste is. Die mediaan totale maandelikse inkomste per volwasse eenheid van die Moslemhuishoudings is die hoogste (R14. 3), dan volg die Christene (R12. 9) en dan die Hindoehuishoudings (R11. 9). Alhoewel groot huishoudings, soos reeds vermeld, in die algemeen meer verdien as klein huishoudings, kompenseer die hoër inkomste van die groot huishouding nie vir die groot aantal persone wat van die inkomste afhanklik is nie. Onderskeidelik 35. 9, 44. 8, 60. 3, 70. 3 en 82. 6 persent van die huishoudings wat uit twee, vier, ses, agt en tien persone bestaan, se inkomste per volwasse eenheid oorskry nie R15 per maand nie (7. 5).

## 14. 8 DIE BESTEDING VAN DIE KONTANTINKOMSTE

Voedsel is die grootste enkele uitgawe-item en ongeveer die helfte van die huishoudings het minstens R30 per maand aan voedsel bestee (8. 2). Bykans die helfte van die huishoudings bestee minstens 50 persent van hul kontantinkomste aan voedsel.

Dit is opvallend dat 40. 9 persent van die huishoudings, en onderskeidelik 29. 5, 49.4 en 65. 7 persent van die huishoudings in die stede, in dorpe en op plase geen uitgawes ten opsigte van behuising (die huur of afbetaling van 'n woning) gehad het nie. Slegs 22. 2 persent van al die huishoudings het meer as 20 persent van hulle kontantinkomste aan behuising bestee.

Onderskeidelik 34. 6, 40. 7, 43. 8 en 62. 0 persent van die huishoudings het verklaar dat hulle normaalweg geen uitgawes ten opsigte van vervoer, onderwys, tabak en drank aangaan nie (8. 3).

1) Kyk afdeling 7. 5 vir 'n verduideliking van hierdie begrip.

## 14.9 BATES

Onderskeidelik 4.3, 18.0 en 5.5 persent van die ondersoekgroep het tot 'n begrafnisfonds, lewens- of uitkeerpolis of 'n pensioenfonds bygedra (9.2).

Drie-en-twintig punt vier persent van die huishoudings het 'n yskas besit, 13.5 persent 'n telefoon en 21.1 persent 'n motorvoertuig. Ongeveer 'n kwart het die woning waarin hulle aangetref is, besit maar 'n verdere 11.3 persent, meesal stedelinge, het nog aan hulle woning afbetaal (9.3).

Die waarde van die bates in kontant, roerende en vaste eiendom van onderskeidelik 13.4, 57.8 en 22.7 persent van die proefpersone het R100 oorskry. (Die bates van die mans of vroue van die getroude proefpersone is ook in berekening gebring) (9.4).

Nagenoeg 22 persent van die steekproefbevolking se bates kom op minstens R1,000 te staan. By die Hindoes, Moslems en Christene is die ooreenstemmende persentasies 21.7, 26.1 en 19.5 respektiewelik (9.5).

## 14.10 BEHUISING

Verreweg die meeste van die huishoudings, naamlik 84.0 persent, was in huise woonagtig (10.2). Die meeste wonings was vervaardig van sinkplaat (34.5%) of bak- of sementsteen (59.2%) (10.3).

Meer as twee derdes van die wooneenhede[1] het uit twee tot vier woonvertrekke[2] bestaan. Onderskeidelik 30.6, 53.3 en 16.1 persent van die eenhede huisves van een tot vyf, van ses tot tien of elf en meer persone (10.4).

Bykans twee derdes van die wonings het oor twee of drie slaapvertrekke[3] beskik. Indien die getal persone in die wooneenhede met die getal slaapkamers in verband gebring word, is dit duidelik dat heelwat van die eenhede oorvol is. In 28.5 persent van die wooneenhede met byvoorbeeld twee slaapvertrekke, kom die getal persone wat die eenheid bewoon op minstens agt te staan. Minstens vier persone (gemiddeld) moet dus 'n slaapvertrek in hierdie eenhede deel.

In net minder as die helfte van die wooneenhede is daar blykbaar 'n woonvertrek wat nie ook as slaapkamer moet dien nie en kan minstens een vertrek dus uitsluitlik as 'n sit- of eetkamer gebruik word (10.5).

---

1) Kyk omskrywing in afdeling 1.4.3.

2) Kyk omskrywing in afdeling 10.4.

3) Kyk omskrywing in afdeling 10.5.

Die mediaan-gemiddelde getal persone per woonvertrek in die stede, in dorpe en op plase kom op onderskeidelik 2.50, 2.43 en 2.50 te staan. Indien 'n woning as oorvol gereken kan word wanneer die gemiddelde getal persone per woonvertrek 2.5 oorskry, is moontlik nagenoeg die helfte van die wonings oorvol.

In 12.1 persent van die wooneenhede is gemiddeld van 1.0 tot 1.9 persone per slaapvertrek aangetref, in 65.4 persent van 2.0 en 3.9 en in 22.5 persent van die eenhede minstens 4.0 persone (10.6).

Sewe punt drie persent van die proefpersone deel nie hulle slaapvertrek met iemand nie en onderskeidelik 28.8, 28.5, 19.4 en 16.0 persent deel met een, twee, drie en vier of meer ander persone (10.7).

Aan die hand van die getal persone wat die slaapkamers van die proefpersone gebruik en hulle huwelikstaat, geslag- en leeftydsamestelling, is die slaapkamers van die proefpersone aan sekere kriteria[1] getoets. Hiervolgens is 50.5 persent van die slaapvertrekke as gunstig beoordeel, in 20.1 persent het onwenslike geslagsvermenging voorgekom, 4.9 persent was oorvol en in 24.6 persent was daar onwenslike geslagsvermenging sowel as oorvolheid.

Meer slaapvertrekke van die Moslems, die stedelinge en diegene wat by huishoudings met 'n hoë inkomste per volwasse eenheid inskakel, is as gunstig beoordeel as in die geval van die totale groep (10.8).

Onderskeidelik 5.3 en 1.3 persent van die proefpersone het oor geen bad- of stort- en latrinegeriewe beskik nie (10.9). Elf punt twee persent van die stedelinge, 26.7 persent van die dorps- en 46.5 persent van die plaasbewoners het geen water en elektrisiteit in hul wonings gehad nie (10.10).

## 14.11 VOEDING EN MEDIESE BEHANDELING

Die dieet van die proefpersone word gekenmerk deur 'n betreklik lae proteïne-inhoud. Slegs 51.1 persent het daagliks proteïnevoedselsoorte gebruik. Onderskeidelik 5.8, 1.0, 21.9 en 15.3 persent van die steekproefbevolking het daagliks vleis, vis, eiers of kaas gebruik (11.2). Feitlik al die persone in die ondersoekgroep het daagliks koolhidraatvoedselsoorte gebruik. Brood en rys het meer dikwels as ander koolhidraatvoedselsoorte in die dieet voorgekom (11.3). Nagenoeg 80 persent het daagliks botter, ghee, margarien of vet gebruik en 86.2 en 26.9 persent onderskeidelik het daagliks groente of vrugte genuttig (11.4).

---

1) Die kriteria word in afdeling 10.8 bespreek.

Ietwat meer as 'n derde van die ondervraagdes wat, relatief gesproke, meer Moslems as Hindoes insluit, het in die tydperk van een jaar wat die ondersoek voorafgegaan het, gevas (11.5).

In die twaalf maande voor die ondersoek het 52.5 persent van die ondersoekgroep 'n mediese dokter besoek of ontbied, 18.9 persent het behandeling as 'n buitepasiënt en 10.5 persent behandeling as 'n binnepasiënt van 'n hospitaal of kliniek gehad terwyl 21.5 persent tandheelkundige behandeling ontvang het (11.6).

## 14.12 GODSDIENSBEOEFENING EN VRYETYDSBESTEDING

Vier-en-dertig punt twee persent van die ondersoekgroep het verklaar dat hulle minstens een keer per week in 'n tempel, moskee of kerk aanbid en nagenoeg 70 persent het te kenne gegee dat hulle daagliks tuis aanbid (12.2).

Vyf-en-veertig punt vyf persent van die ondervraagdes lees daagliks 'n koerant en 26.9 persent minder as een keer per maand of nooit. Onderskeidelik 33.3 en 32.3 persent het ten minste een keer per week 'n tydskrif of boek gelees of minder as een keer per jaar of nooit. Die mans lees meer as die vroue. Radio Mozambiek kry van al die radiostasies die meeste aftrek maar 'n groot getal (40.6%) van die ondersoekgroep beweer dat hulle nie na radioprogramme inluister nie (12.3).

Nagenoeg 30 persent van die totale groep en onderskeidelik 37.5 en 21.2 persent van die mans en vroue het minstens een keer per week 'n bioskoopvertoning bygewoon. Meer as driekwart het nie aan sport deelgeneem nie en baie van dié wat wel die een of ander sportsoort beoefen het, was nog op skool (12.4).

## 14.13 KINDERS

Gegewens is ook ingewin oor 2,307 kinders (persone jonger as vyftien jaar) in die 1,500 steekproefhuishoudings (13.1).

Bykans alle Indiërseuns tussen die leeftyd van elf en veertien jaar is op skool en slegs 'n geringe persentasie verlaat die skool in hierdie tydperk. Anders as enkele dekades gelede, is daar slegs 'n geringe persentasie van die Indiërdogters wat teen hulle veertiende lewensjaar nog nie op skool was nie alhoewel nagenoeg 'n kwart van die veertienjarige dogters reeds die skool verlaat het.

Die meeste seuns en dogters gaan op ses- of sewejarige leeftyd vir die eerste keer skool toe.

Indien aanvaar word dat die „normale" standerd vir 'n veertienjarige skolier standerd ses is en skoliere vertraag is indien hulle twee jaar ouer as die normale vir hulle klas is, is 30.3 persent van die veertienjarige seuns en 32.7 persent van die veertienjarige dogters vertraag.

Onderskeidelik 47.7 en 37.4 persent van die dertien- en veertienjarige seuns wat wel op skool is of in die verlede op skool was, het een of meer kere gedruip. By die dogters kom hierdie persentasies op 39.1 en 43.3 respektiewelik te staan (13.2).

Minstens 85 persent van die kinders in al die leeftydsgroepe het nog albei hulle eie ouers gehad. Waar die ouers afwesig is, het hulle meesal te sterwe gekom. Slegs 'n geringe persentasie van die kinders het moeders wat beroepsarbeid verrig (13.3).

Slegs twee van die kinders het buitenshuise loonarbeid verrig (13.4).

## LITERATUURLYS


1. Calpin, G.H. : Indians in South Africa, Shuter & Shooter, Pietermaritzburg, 1949.

2. Müller, A.L. : „Die Indiërgemeenskap, Aspekte van Ekonomiese Ontwikkeling" Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, Jaargang 15, 1964.

3. Woods, C.A. : The Indian Community of Natal : Their Economic Position, Natal Regional Survey, Oxford University Press, Cape Town, London, New York, 1954.

4. Currin, T.E.V. : The Indian in Durban: An Exploratory Study of the Roman Catholic Indian Minority, with special emphasis on the Sociological aspects of Conversion, Ongepubliseerde M.Soc. Sc.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1962.

5. Kuper, H. : Indian People in Natal, University of Natal Press, 1960.

6. Naidoo, V.S. : „Religion among Indians in South Africa", Handbook on Race Relations in South Africa (Edited by Hellman, E.), Oxford University Press, Cape Town, London, New York, 1949.

7. Kuper, L., Watts, H. & Davies, R. : Durban : A Study in Racial Ecology, Jonathan Cape, London, 1958.

8. Hey, P.D. : The Rise of the Natal Indian Elite, The Natal Witness (Pty) Ltd., Pietermaritzburg.

9. Millen, S.G. : The People of South Africa, Constable & Co., Ltd., London, 1953.

10. Departement van Inligting : Indiërs van Suid-Afrika.

11. Du Preez, J.J. : Skooltoetredingsouderdom by die Plattelandse Kleurlingkind, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1955.

12. Greyling, C.J. : 'n Studie van die Godsdiens en Godsdienstige Gebruike van die Hindoes in die Transvaal, Ongepubliseerde Verslag.

13. Van Zijl, D. : Die Gesinsiklus in Suid-Wes Kaapland, Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1950.

14. Cooppan, S. : The Entry of Durban Indian Youth into the Labour Market, Ongepubliseerde Verslag, Universiteit van Natal.

15. Buro vir Sensus en Statistiek : Steekproeftabellasie No. 2: Nywerheidsafdeling, Ouderdomsgroepe, Huistale - Kleurling en Asiate, Pretoria, 1962.

R G N - S R C
BIBLIOTEEK LIBRARY


16. Venter, H. J. : Ontspoorde Jeugdiges, N. G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad en Pretoria, 1960.

17. Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop: Verslag van die Kommissie insake Kleurling-onderwys, 1953-1956.

18. Steyn, A. F. : Die Rolle van die Man en die Vrou in die Kaapse Kleurlinggesin, Ongepubliseerde D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1961.